# Van boere-paradijs na die dirt box in die middestad: Ekokritiek en in die besonder stedelike ekokritiek as lens vir die lees van 12 gedigte oor Johannesburg as tuiste

**deur**

**Corné Elizabeth Coetzee**

**’n Mini-verhandeling voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad**

**Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)**

**Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns**
**Departement Afrikaans**
**Fakulteit Geesteswetenskappe**
**Universiteit van Pretoria**

**Studieleier: Professor Henning J. Pieterse**

**April 2015**

© University of Pretoria

# Inhoudsopgawe

**Hoofstuk 1** **6**
**1.1 Agtergrond** 6
**1.2 Probleemstelling** 7
**1.3 Navorsingsvrae** 7
1.3.1 Primêre navorsingsvraag 7
1.3.2 Sekondêre navorsingsvrae 7
**1.4 Doelstelling van die studie** 7
**1.5 Werkswyse** 7
**1.6 Ontplooiing van die studie** 8
**1.7 Sleutelterme** 8

**Hoofstuk 2** **9**
**Literatuuroorsig, teorie en teoretiese begronding**
**2.1 Etimologie en terminologie** 9
2.1.1 Etimologie van "ekokritiek" 9
2.1.2 Die term "ekokritiek" 9
**2.2 Definiëring** **10**
**2.3 Literatuuroorsig en teoretiese begronding: die ekokritiek, belangrikste stròminge en vertakkings** **11**
2.3.1 Ontstaan en verloop 11
2.3.2 Eerstegolf-ekokritiek 11
2.3.3 Tweedegolf-ekokritiek 12
2.3.4 Sosiale ekologie 12
2.3.5 Sosiale proses 13
2.3.6 Ekogeregtigheid 13
2.3.7 Ekofeministiese kritiek 13
2.3.8 Stedelike en postkoloniale ekokritiek 14
2.3.9 Pastoraal 14
2.3.10 Ekosielkunde 14
2.3.11 Ekokritiese lesing en herlesing 14
2.3.12 Omgewingsmatigheid 15
2.3.13 Plaaslike literatuurwetenskap 15

**2.4 Gedigte met Johannesburg as agtergrond** 17



© University of Pretoria

**Hoofstuk 3**

**Ekokritiese beskouings van die gedigte** **18**
3.1 *Trekkerswee* – Totius 18
3.2 "Die stryd in die stad" – Johanna Cornelius 25
3.3 "Maartmaand in Johannesburg" – Elisabeth Eybers 30
3.4 "Orlando-landskap" – Barend Toerien 33
3.5 "Puine" – NP van Wyk Louw 37
3.6 "Stadswyk" – SJ Pretorius 40
3.7 "Wat mis jy nie" – Rosa Keet 43
3.8 "44" – Wilma Stockenström 46
3.9 "Bakens op pad na jou" – Jan de Bruyn 55
3.10 "Ode vir ou johannesburg-on-sea" – André Letoit 60
3.11 "Plat foto van 'n vis" – Hans Pienaar 67
3.12 "Ek het 'n huisie aan die Rand" – Pirow Bekker 70

**Hoofstuk 4**

**Slot: samevatting, bevindings en 'n pleidooi vir 'n nuwe benadering** **73**
**4.1 Samevatting** 73
**4.2 Bevindings** 73
**4.3 Pleidooi vir 'n nuwe benadering** 76

**Bronnelys** **78**



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## Opsomming

Die ekokritiek is 'n relatief nuwe veld in die literatuurstudie, maar met groter bewussyn van die ál dringender omgewingskrisis het akademici sedert die 1990's meer aandag daaraan begin gee. Kort ná die vestiging van ekokritiek as legitieme studieveld, het die vertakking stedelike ekokritiek sterk begin uitbrei. In dié vertakking word gelet op omgewingskwessies wat in stede voorkom weens die aard van 'n stadsomgewing.

In hierdie mini-verhandeling word 'n oorsig oor die ekokritiek en in die besonder die stedelike ekokritiek gebied en twaalf gedigte wat in Johannesburg as milieu het, word aan die hand van die stedelike ekokritiek bespreek. Daar word gewys op die verskille tussen 'n biosentriese beskouing en 'n antroposentriese beskouing van die natuur en die mens se plek daarin. Wanneer daar vanuit die ekofeministiese kritiek gelees word, kom konseptuele raamwerke te voorskyn waarin daar 'n dualistiese wêreldbeskouing is van kultuur as "manlik" en die natuur as "vroulik". Die ekofeminisme wys ook die vertikale organisasie van die werklikheid uit, waar 'n mindere morele waarde aan die laer entiteit verbind word. Ekofeministiese en ekogeregtigheidskritiek hou verband met mekaar aangesien daar in albei benaderings gekyk word hoe magstrukture in 'n omgewing gebruik word om dele van 'n bevolking te beheer en te domineer. Vanuit 'n psigo-ekokritiese oogpunt word onder meer gelet op mense se verbrokkelde verhouding met die natuur en die gevolge daarvan. Die raakpunte tussen die postkoloniale kritiek en die ekokritiek word in die mini-verhandeling uitgewys en pastorale, antipastorale en postpastorale tekste en lesings van tekste word ondersoek.

Die twaalf gedigte word bowenal gelees vir omgewingsmatigheid – dus vir wat elke gedig te sê het oor die omgewing.

Ten slotte word in die verhandeling gewys op die geleentheid vir omgewingsaktivisme wat die literêre ekokritiek bied.

**Sleutelterme:** Ekokritiek, stedelike ekokritiek, sosiale ekokritiek, ekogeregtigheid, ekofeministiese kritiek, omgewing, plek, ruimte.

## Abstract

Ecocriticism is a relatively new field of study in literary studies, but with greater awareness of the increasing urgency of the environmental crisis it has, since the 1990s, received more attention from literary critics. Shortly after the establishment of ecocriticism as a legitimate field of study a new subfield developed, that of urban ecocriticism. In urban ecocriticism the focus is on environmental issues emerging from the specifics of an urban environment .

This mini-dissertation presents an overview of ecocriticism and specifically urban ecocriticism and uses urban ecocriticism as reading strategy to discuss twelve poems set in Johannesburg.  The dissertation looks at differences between the biocentric view and the anthropocentric view of nature and man's place in it.  Conceptual frameworks emerge in an eco-feminist reading,  showing the dualistic view of culture as "male" and nature as "female" as well as the vertical organization of a culture, where a lesser moral value is attached to the lower entity .



© University of Pretoria

Eco-feminist and eco-justice criticism overlap as both approaches explore how power structures are used to control and dominate sections of a population . In a psycho-ecocritical reading people 's fractured relationships with nature and one another are examined.  Interfaces between postcolonial criticism and ecocriticism are identified, and pastoral, antipastoral postpastoral texts and readings of texts are examined.

The twelve poems discussed in this dissertation are above all read for environmentality, for what each poem says about the environment, ideas about the environment and the effect of the environment on the poetic subjects.

Finally the opportunities for environmental activism presented by literary ecocriticism are mentioned.



© University of Pretoria

## Hoofstuk 1

"(A) poem may be a revelation of dwelling" (Bate 2000: 266).

### 1.1 Agtergrond

Die mens se verhouding met sy omgewing en sy tuiste is sekerlik een van die oudste en mees standhoudende temas van die letterkunde. Van die vroegste voorbeelde is te vind in Homeros se *Odusseia* waar die leser Odusseus op die eiland Kalipso ontmoet, verlangend na sy tuiste; die Ou Testament se Eden as eerste tuiste en Psalm 137: 5 se "As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet!" In meer onlangse prosa word dieselfde tema aangetref. Enkele voorbeelde is Patrick White se *The tree of man* (1955) en plaaslik J.M. Coetzee se *Life & times of Michael K* (1983), Marlene van Niekerk se *Agaat* (2004), Eben Venter se apokaliptiese roman *Horrelpoot* (2006) en Claire Robertson se *The Spiral House* (2013). Elkeen kan gelees word as, onder meer, 'n verhaal van 'n protagonis se verhouding met sy tuiste of die plek waar hy vandaan kom. "Alle menslike ondervinding begin met plek," skryf Susan Smith (2012 a).

Die idee van die omgewing as probleem het in die jare '60 en '70 van die vorige eeu veral die Amerikaanse openbare verbeelding aangegryp. Die verskyning van Rachel Carson se *Silent spring* in 1962, as boek sowel as 'n reeks in die vooraanstaande Amerikaanse tydskrif *The New Yorker*, het baie hiertoe bygedra.

Omgewingsaktivisme het in dieselfde tyd as ander burgerlike bewegings soos dié vir gelyke burgerskap, vroueregte en gay regte in die jare '60 en '70 ontstaan, maar anders as dié bewegings waaruit literêre studievelde ontwikkel het, het dit nie gou aanleiding gegee tot 'n aanverwante literêre studieveld nie.

Sedert die jare '90, met werklike omgewingsprobleme wat steeds dringender word, was daar egter 'n massiewe toename van ekokritiese tekste. Met die stigting van die "Association for the Study of Literature and Environment (ASLE)" in 1992 (Glotfelty 1996: xviii), is ekokritiek formeel as studieveld gevestig.

In die eerste jare van die bestaan van ASLE was die studie-onderwerp meestal literatuur oor die natuur, maar die afgelope 25 jaar brei dié studie-onderwerp toenemend uit om ook kommentaar te lewer op werk oor ander verhoudinge tussen mens en omgewing. Cheryll Glotfelty, mederedakteur van die eerste versameling ekokritiese opstelle, *The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology*, skryf dat die natuur per se nie die enigste fokus van ekokritiese studies van representasie is nie. Ander onderwerpe sluit die pioniersgrens, diere, stede, tegnologie, rommel en die liggaam in (1996: xxiii).

Michael Bennett en David W. Teague kies in hul versamelbundel essays *The nature of cities: ecocriticism and urban environments* (1999) die stad as onderwerp; ander tekste wat verskyn, is Bennett se artikel "From wide open spaces to metropolitan places: the urban challenge to ecocriticism" (2001), Lee Rozelle se artikel "Ecocritical city: modernist reactions to urban environments in *Miss Lonelyhearts* and *Paterson*" (2002) en *Ecology without nature* deur Timoty Morton (2007).



© University of Pretoria

Die vertakking "stedelike ekokritiek" brei dus die begrip "omgewing" uit om benewens natuurelemente ook die gevolge van die mens se ingryping in die omgewing, soos in stadsomgewings, in te sluit.

## 1.2 Probleemstelling

Susan Smith voer op die *LitNet Akademies*-gespreksruimte aan: "Ekokritiek speel tans nog 'n uiters geringe rol in die Suid-Afrikaanse, en veral Afrikaanse, literêre landskap" (2013). As bydrae om hierdie rol te verruim, stel die verhandeling ondersoek in na die stedelike omgewing in twaalf gedigte met Johannesburg as milieu.

## 1.3 Navorsingsvrae

### 1.3.1 Primêre navorsingsvraag:

Kan ekokritiek toegepas word op gedigte wat in Johannesburg as stedelike ruimte geplaas is?

### 1.3.2 Sekondêre navorsingsvrae:

1.3.2.1 Op watter manier/e betree die omgewing die gedig?
1.3.2.2 Hoe word Johannesburg as tuiste/nietuiste gerepresenteer?
1.3.2.3 Wat is die figuur/figure in die gedig se verhouding met die omgewing?
1.3.2.4 Watter materiële, maatskaplike, kulturele, ekonomiese of ideologiese waardes word blootgelê deur 'n ekokritiese lesing?
1.3.2.5 Moet of kan ekokritiek vanuit die akademie 'n rol speel in die bewusmaking van die werklike omgewingskrisis wat die planeet en sy bevolking bedreig?

## 1.4 Doelstelling van die studie

Hierdie mini-verhandeling het twee hoofoogmerke:

(i) Verskillende vertakkings van veral stedelike ekokritiek word as leesstrategie gebruik by twaalf Afrikaanse gedigte wat nog nie tevore vanuit die ekokritiek bespreek is nie. Die doel is om betekenislae wat verband hou met die perspektief op die omgewing waarin dit geplaas is, te ontgin.

(ii) Daar word aangedui aan hoe die onmiddellike leefomgewing verband hou met die groter omgewing met betrekking tot die materiële, maatskaplike, kulturele, ekonomiese of ideologiese aspekte daarvan. Hierdie verbande en verhoudings word nie agtereenvolgend bespreek nie, maar vloei uit en in mekaar.

## 1.5 Werkswyse

Die keuse van gedigte wat bespreek word, is gemaak op grond van (i) die gedeelde milieu en (ii) aspekte wat vanuit 'n verskeidenheid van stedelik-ekokritiese perspektiewe gelees kan word.

Die gedigte word chronologies behandel en strek oor byna 'n eeu, van uittreksels uit *Trekkerswee* deur Totius (1915) tot "Ek het 'n huisie aan die Rand" deur Pirow Bekker (2002). Hulle word aan die hand van verskillende vertakkings van ekokritiek bespreek met verwysing na die navorsingsvrae.



© University of Pretoria

Die metodiek is empiries induktief.

**1.6 Ontplooiing van die studie**

1.6.1 Hoofstuk 1
Die standhoudende tema van die mens se verhouding met sy tuiste of tuisomgewing in die letterkunde word uitgewys. Die ontstaan van die idee van die omgewing met die insluiting van stedelike omgewings as probleem word geskets. Die probleem en doel word geformuleer, navorsingsvrae word gestel en die werkswyse word verduidelik.

1.6.2 Hoofstuk 2
Die term en definiëring van "ekokritiek" word redelik breedvoerig bespreek. Die literatuuroorsig bied ook geleentheid om die teoretiese begronding en vertakkings van ekokritiek te verduidelik. Plaaslike tekste oor ekokritiek of verwante studievelde, en hoe dit betrekking het op die verhandeling al dan nie, word genoem.

1.6.3 Hoofstuk 3
Die gedigte word in chronologiese volgorde bespreek en verskillende aspekte van die ekokritiek word as lens gebruik om na aspekte van elke gedig te kyk.

1.6.4 Hoofstuk 4
In die slot word ’n kort samevatting gegee en die bevindings van ’n ekokritiese lees van elke gedig word verskaf. Met die oog op die werklike omgewingskrisis wat die planeet bedreig, word ’n pleidooi gelewer vir die insluiting van ekokritiek as deel van die basiese opleiding van letterkundestudente.

**1.6 Sleutelterme**

Ekokritiek, stedelike ekokritiek, sosiale ekokritiek, ekogeregtigheid, ekofeministiese kritiek, omgewing, plek, ruimte.



© University of Pretoria

# Hoofstuk 2

## Literatuuroorsig, teorie en teoretiese begronding

In hierdie hoofstuk word ’n oorsig oor die literatuur gebied wat die ontstaan van die ekokritiek as studieveld toon. Daar word ook aangedui dat die teorie van ekokritiek nie noodwendig ’n paradigma bied nie, maar eerder ’n los raamwerk vorm vir literêre studies wat die omgewing as fokus het.

## 2.1 Etimologie en terminologie

### 2.1.1 Etimologie van “ekokritiek”

Die woord *ekologie* is afgelei van *oikos*, die Griekse woord vir “haard”, “tuiste”, of “woonplek”. Die etimologie van *ekologie* – omgewing – kom dus van die Grieks vir “tuiste”.
Juis hierom word die woord “omgewing” in die verhandeling nie net in die sin van “natuurlike omgewing” nie, maar ook in die sin van “tuiste” of “eie plek” gebruik. Dit stem ooreen met Buell se mening dat die term “ ‘ecocriticism’ suffices [...] if one is careful to use the term in mindfulness of its etymology” (2005: K. 200 [1]).

### 2.1.2 Die term “ekokritiek”

Akademici verskil oor wat om die veld wat te make het met studies oor die omgewing of tuiste te noem. Buell (2005: 11) en Clark (2011: xiii) verkies *omgewingskritiek*, maar die term *ekokritiek* word nou algemeen aanvaar en is in 2002 deur die Library of Congress van Amerika as ’n onderwerp-opskrif in sy katalogus opgeneem (Buell 2011: xvii). Die argumente oor die benoeming vorm deel van die teoretiese ankering en bepaling van die relatief nuwe veld.

Teen 1996 was daar nog nie ooreenstemming onder letterkundiges oor die naam van die nuwe benadering nie; volgens Glotfelty  (1996: xix-xx)het sommige gehou van die term *ekokritiek* omdat dit kort is en maklik in ander vorms soos *ekokrities*, *ekokritikus* en so meer verander kan word. ’n Bykomende argument vir die voorvoegsel *eko-* is dat ekokritiek, soos die wetenskap van ekologie, die verhoudings tussen stelsels – in hierdie geval die menslike kultuur en die fisieke wêreld – bestudeer. *Omgewing*, daarenteen, is by implikasie antroposentries omdat dit die mens in die middelpunt plaas met alles anders om hom heen.

Buell argumenteer teen die term *ekokritiek* en noem dat die term tekortskiet onder meer omdat dit ’n niebestaande metodologiese holisme (binne omgewingsgerigte werk) suggereer. Hy meen die titel van ASLE se joernaal, *Interdisciplinary studies in literature and the environment*, is meer akkuraat.  *Ekokritiek* is egter vir hom aanvaarbaar as dit gebruik word deur bedag te wees op die etimologie (van die Grieks, *oikos*, vir “huishouding”) en die metaforiese strekking daarvan (2005:12-13).

Buell sê ook van die term dat die gewilde (“catchy”) maar totaliserende *ekokritiek* in ’n mindere mate ’n aanduiding is van die omvang van die veld as *omgewingskritiek* of *literêre*

[1] Kindle-pleknommer word met K. afgekort.



© University of Pretoria

*omgewingstudie* ("literary-environmental studies"), omdat die omgewingsrigting in literêre studies (tot 2005) meer kwessie- as metode- of paradigma-gedrewe was. Hy voeg egter by dat *ekokritiek* minder lomp is en meer gebruik word; dit lyk of dit die term is wat sal bly. Hy praat ook van "literature-and-environment studies" (2005: 9-12).

In 2011 verkies hy steeds "environmental criticism" as die sterker "omnibusterm". Hy noem egter dat *ekokritiek* beter vertaal oor sommige linguïstiese grense heen (byvoorbeeld Chinees); dis beter gevestig binne literatuurstudies en dis sedert 2002 "gebibliokanoniseer" as 'n onderwerp in die Library of Congress se katalogus (2011:xvii).

Timothy Clark is in 2011 nog nie oortuig dat *ekokritiek* die korrekte benaming is nie; hy praat van sy onderwerp in *The Cambridge introduction to literature and the environment* as "literary and cultural criticism that concern environmental crisis" en "environmental criticism" (xiii).

Die kandidaat stem saam met Buell en Clark dat die term *omgewingskritiek* meer gepas is – die voorstelsel *eko-* het 'n onmiskenbaar "groen" assosiasie, maar *omgewing* is nie beperk tot die plante- en diereryk soos wat in afgekampte wildernisgebiede of wildgeworde stukkies stad aangetref word nie. Omgewingskwessies sluit benewens natuurbewaring ook sake in soos die effek van suurmynwater, oorbevolking en gepaardgaande probleme of die eksternalisering van koste soos om besoedelde afval by arm woonbuurte te stort. Die verplaasde, beskadigde natuur is overt of implisiet teenwoordig in byna alle literêre werke met 'n stedelike of industriële omgewing as milieu. Die ekokritiek lewer oor al hierdie kwessies kommentaar. Die term *ekokritiek* het nou vasgesteek en word algemeen gebruik, ook in hierdie verhandeling.
Die term word hier in 'n wye sin gebruik om benewens kritiek oor natuur-as-omgewing ook kritiek oor stad-as-omgewing in te sluit. Aandag word gegee aan omgewings waar die natuur verander, beskadig, vervorm, bedreig of selfs afwesig is, in Johannesburg of die onmiddellike Johannesburg-area.

Terwyl die term *stedelike ekokritiek* algemeen aanvaar word, verwys Bennett (2001) na *social ecocriticism.*

## 2.2 Definiëring

Definisies van *ekokritiek* verskil van kritikus tot kritikus, en begin chronologies met 'n fokus op ekologie en die natuur, maar brei later uit om verskeie vertakkings in te sluit. Glotfelty definieer, "simply", soos sy self sê, ekokritiek as "die studie van die verhouding tussen die letterkunde en die fisiese omgewing" (1996: xviii, my vertaling - CC).

Bennett en Teague skryf dat die ekokritiek breedweg gedefinieer kan word as "die studie van die wedersydse verhouding tussen kultuur en die omgewing" (1999: 3, my vertaling - CC).

William Howarth beskryf die ekokritiek as 'n interdissiplinêre wetenskap en sê hy werk binne 'n stel beginsels van vier dissiplines: ekologie, etiek, taal en kritiek, en gebruik die teorie en metodes van hierdie dissiplines om omgewingsliteratuur te ondersoek (1996: 71).



© University of Pretoria

Serpil Oppermann sê dat die invoeging van stedelike ekokritiek in die ekokritiese praktyk ’n breër definisie aan die ekokritiek verleen (2011).

Hannes Bergthaller verskaf nie ’n definisie van die ekokritiek nie, maar beskryf dit aanlyn as die jongste van die revisionistiese bewegings van die afgelope klompie dekades. Hy sê in die jare ’90 van die vorige eeu het al hoe meer letterkundiges begin vra wat hulle kan bydra tot die toenemende omgewingkrisis. Hy beaam die beskouing van die ekokritiek as interdissiplinêr en skryf dat dit in gesprek tree en raakpunte het met omgewingsgeskiedenis, filosofie, sosiologie, [fisiese] wetenskappe en ekologie asook die lewenswetenskappe (2014).

Ekokritici definieer dus die ekokritiek nie as ’n paradigma, raamwerk of metode nie, maar beskou dit as ’n aanpasbare praktyk wat, soos Buell dit beskryf, meer kwessie-gedrewe as paradigma-gedrewe is (2005: 11). Dit pas ook die beginsels, teorie en metodes van ander dissiplines benewens dié van literêre kritiek toe op die premis dat die mens se omgewing ’n invloed op hom uitoefen en andersom.

## 2.3 Literatuuroorsig en teoretiese begronding: die ekokritiek, belangrikste strominge en vertakkings

### 2.3.1 Ontstaan en verloop

Verspreide tekste word aangehaal as voorlopers van die ekokritiek. Een hiervan is Leo Marx se *The machine in the garden: technology and the pastoral ideal in America* (1964) waarin hy die spanning tussen die Amerikaanse ideaal van die pastorale en die verbintenis tot produktiwiteit en rykdom uitwys. ’n Ander vroeë teks is Joseph Meeker se *The comedy of survival: studies in literary ecology* (1972) waarin hy argumenteer dat komedie die meer universele beskouing van die mens aandui, en dat tragedie ’n spesifiek Westerse beskouing van die mens behels. Volgens hierdie Westerse beskouing moet die mens homself teen groter kragte soos die natuur meet.

Raymond Williams begin in *The country and the city* (1973) om ’n transhistoriese tradisie van Britse digkuns te definieer deur literatuur in verband te bring met tegnologiese verandering, politieke ekonomie en sosiale transformasie. Bill Devall en George Sessions sit in *Deep ecology* (1985) die beginsels van *biosentrisiteit* in teenstelling met *androsentrisiteit* uiteen. Lawrence Buell se *The environmental imagination: Thoreau, nature writing, and the formation of American culture* (1995) is ’n seminale teks wat saam met die eerste versameling ekokritiese tekste met ’n oorskouende inleiding oor die veld, Glotfelty en Fromm se *The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology* (1996), grootliks bydra om ekokritiek as afsonderlike studieveld te vestig.

In Buell se tweede boek oor omgewingsliteratuur, *The future of environmental ecocriticism: environmental crisis and literary imagination* (2005), gee hy onder meer ’n oorsig oor die werk wat reeds gedoen is. Hy brei sy idees oor wat hy “eerstegolf-ekokritiek” noem uit om stedelike sowel as landelike loci en omgewingsgeregtigheid sowel as natuurbewaring in ag te neem.

**2.3.2 Eerstegolf-ekokritiek** is ’n belangrike stroming wat retrospektief so genoem word deur Buell. Volgens hom bestaan daar verskeie “trend-lines” wat ’n evolusie van ’n



© University of Pretoria

eerstegolf- na ’n tweedegolf-ekokritiek aandui, hoewel daar geen netjiese skeidslyn tussen die twee is nie (2005: 17).

Die Noorweegse filosoof Arne Næss skep reeds in 1973 die frase “diep ekologie” of “radikale ekologie” (“deep ecology”) (aangehaal in Buell 2005: 101). Næss beskou die natuur vanuit ’n biosentriese oogpunt en as filosoof bepleit hy ’n drastiese vereenvoudiging in leefstyl.
Eerstegolf-ekokritiek resoneer met hierdie benadering en vir hierde eerstegolf-kritici beteken *omgewing* volgens Buell (2005: 21) in effek “natuurlike omgewing”. Vir hulle is daar ’n totale skeiding tussen natuur en mensdom. Ekokritiek het geassosieer geraak met werk wat aan natuurletterkunde, pastoralisme en literêre ekologie gewy is, skryf Bennett en Teague in die voorwoord van hul bundel artikels *The nature of cities: ecocriticism and urban environments* (1999: 3).

**2.3.3** In **tweedegolf-ekokritiek**, die ander hoofstroom van ekokritiek, word die natuur vanuit ’n antroposentriese oogpunt beskou, met die argument dat natuurlike en mensgevormde omgewings lank reeds verstrengel is. Dit is ook ’n revisionistiese reaksie op eerstegolf-kritiek omdat daar gemeen word dat dié ’n elitistiese, estetiese fokus op die natuur het. Stedelike ekokritiek ontstaan uit hierdie tweede golf.

Glotfelty is een van die eerste kritici wat skryf dat die natuur *per se* nie die enigste fokus van ekokritiese studies is nie (1996: 111). Kort voor dié boek en sedertdien het al hoe meer publikasies begin verskyn wat die fokus op stedelike ekokritiek plaas.

Bennett skryf dat daar toenemend werk verskyn wat met stedelike ekologie gemoeid is en toegespits is op die komplekse interaksies tussen politieke keuses, sosio-ekonomiese strukture en die digbewoonde ekosisteme van stedelike omgewings (2001). Wat Bennett in dieselfde artikel ’n “distaff branch” noem, word in die volgende dekade en meer ’n hoofstroom van ekokritiek. Hy noem dit “sosiale ekokritiek”, maar dit word meer dikwels “stedelike ekokritiek” (“urban ecocriticism”) genoem.

Verskeie systrominge en standpunte vloei hieruit, wat nie noodwendig in ’n teoretiese taksonomie name het wat algemeen aanvaar word nie.

**2.3.4** Die begrip **sosiale ekologie** word veral gekoppel aan die anargis en libertynse sosialis Murray Bookchin wat beweer dat ekologiese probleme veroorsaak word deur diep gesetelde sosiale probleme en nie begryp kan word sonder om sosiale kwessies te takel en op te los nie (2000). Hierdie idee is die basiese grondslag vir die besprekings van die meeste van die gedigte in die verhandeling, hoewel sosiale oorsake onderverdeel word in aspekte soos ’n dualistiese beskouing van die maatskappy en politieke en maatskaplike oorsake van stedelike omgewingsprobleme.

Andries Bezuidenhout maak in sy verhandeling, waarin hy ruimtelikheid en morele agentskap in ’n bundel van Gert Vlok Nel ondersoek, die stelling dat daar in Suid-Afrikaanse feministiese sosiaal-literêre kritiek ’n besondere fokus op die verband tussen huishoudelike ruimtes en die volk is. Hy haal Irma du Plessis aan “wat ontleed hoe letterkunde kunsmatige skeidings tussen private en openbare ruimtes destabiliseer. Die kwessies van sistematiese geweld – iets wat ‘daar buite’ gebeur – ook in die intieme ruimtes van huishoudings plaasvind [*sic*]” (2013: 12-13). In die kandidaat se eie verhandeling word aangedui dat sodanige sistematiese besluite, beleid en praktyk op



© University of Pretoria

huishoudelike sowel as werk-, sosiale en natuurlike ruimtes ’n invloed het. Hierdie inwerking word nie slegs vanuit ’n feministiese oogpunt beskou nie.

**2.3.5 ’n Sosiale proses:** Gary Roberts se stelling dat stedelike poësie geanaliseer moet word “in terms of social process”, liewer as met blote verwysing na “landscape” (1999: 40), word gebruik as teoretiese begronding in besprekings van die gedigte “Orlando-landskap” deur Toerien en “Stadswyk” deur Pretorius.

Andrew Ross sê in die onderhoud “The social claim on urban ecology” in *The nature of cities* dat omgewingsleer nie enkel-kwessie-politiek is of kan bekostig om te wees nie, omdat dit ’n spektrum van ekologiese standpunte insluit. “Ecofeminists, eco-urbanists, bioregionalists, social ecologists” is van die deelnemers wat dikwels nie in die media se verwysing na “environmentalists” erken word nie. (1999: 28). Dit is juis hierdie “sosiale aanspraak” op stedelike ekokritiek wat in die verhandeling ondersoek word.

Die verhandeling maak ook gebruik van idees van Serpil Oppermann as teoretiese begronding. Sy bied in 2011 ’n referaat “Istanbul is like a Judas tree: urban ecocriticism and fictions of Istanbul” by ’n internasionale kongres aan waarin sy dit stel dat ekokritiek verbreed word wanneer die “urban *experience* and urban spaces” (my kursivering) geïnkorporeer word.

Sy voer aan dat die hoofdoel van stedelike ekokritiek is om die aandag te vestig op kritieke stads-omgewingskwessies soos besoedeling, vullis, verkeersopeenhoping, die oorgebruik van energiebronne en bowenal die verbruikerskultuur in sy geheel. Dit sluit aan by Roberts se verwysing na “sosiale proses”, maar dit is veral haar vraag oor hoe verstedeliking die ervaring en konsepsualiserering van plek bepaal wat ondersoek sal word.

**2.3.6 Ekogeregtigheid:** Michael Bennett skryf in sy artikel “Manufacturing the ghetto” oor die konsep van die “internal colony” waarin hy ’n vergelyking tref tussen destydse kolonies en hedendaagse (Amerikaanse) swart ghetto’s, wat ooreenkomste toon met Suid-Afrikaanse townships. Hy trek verbande tussen die plek aan die een kant en die politieke mag wat oor swart gemeenskappe deur die wit gemeenskap uitgeoefen word aan die ander kant (1999: 170-171). Die verhandeling brei op hierdie argument uit in die bespreking van “44” uit *Monsterverse* deur Stockenström en ekogeregtigheid in die algemeen in “Orlando-landskap”.

Andries Bezuidenhout se stelling oor ruimtelikheid kan in hierdie verband aangehaal word: “Alhoewel ruimtelikheid enige literêre teks implisiet begrond, word die eksplisiete spanning tussen die oop ruimtelikheid van landskappe en die inperking van persoonlike vryheid, kreatiwiteit en agentskap soveel meer sigbaar in die konteks van geweld en politieke onderdrukking” (2013: 10).

**2.3.7 Ekofeministiese kritiek:** Catherine Villanueva Gardner sê in haar artikel “An ecofeminist perspective on the urban environment” dat so ’n perspektief die “komplekse interkonneksies van ras, klas, gender en die omgewing” kan blootlê (1999: 191, my vertaling – CC). Sy lê klem op die empiriese belangrikheid van die kwessies waarmee ekofeminisme hom bemoei, kwessies wat “a wide range of diverse thought” (1999: 191-192) insluit. Sy ondersoek veral die konseptuele raamwerk wat die subordinasie of ondergeskikstelling van beide vroue en die natuur sanksioneer. Beginsels van die



© University of Pretoria

ekofeminisme word as teoretiese raamwerk gebruik by die bespreking van "Plat foto van 'n vis" deur Pienaar.

**2.3.8** Stedelike en **postkoloniale ekokritek** oorvleuel mekaar gedeeltelik. Andries Visagie skryf op *LitNet* se Webseminare in "Pasmaatspesies, niemenslike diere en die omgewing: gedagtes oor die postkoloniale ekokritiek in Suid-Afrika": "In die ontwikkelde wêreld is daar toenemend die besef dat die ekokritiek nie verder kan groei sonder om die postkoloniale kontekste van die armer Suide te verreken nie. [...] In Suid-Afrika is die postkoloniale ekokritiek die sambreel wat die meeste ekologiese kwessies sal omvou" (2013). Terwyl die kandidaat sy opmerking oor 'n sambreelfunksie tot 'n mate beaam, word dié funksie vir skematiese doeleindes nie in hierdie verhandeling gebruik nie. Dit is egter onbetwisbaar dat 'n postkoloniale aspek by van die gedigte raakgelees kan word – in die besonder *Trekkerswee*, veral omdat Johannesburg se mynwese (ekonomiese dryfveer én aftakelaar van die omgewing) 'n gevolg van imperialistiese oorname was.

Susan Smith sluit haar hierby aan: "Ekologiese studies ondersoek onder andere die nadraai en impak wat 'n gewelddadige koloniale bestel gehad het op mense en die plek waar hierdie mense gewoon het (2013).

Visagie lewer in 2013 'n referaat "Bones and animals: D.J. Opperman's *Dolosse* and the postcolonial ossuary". Hy brei die konsep van 'n postkoloniale ossuarium uit om toe te tree tot die gesprek oor die netwerk van verhoudings tussen onder meer die menslike en die niemenslike.

**2.3.9** Terry Gifford beskryf verskillende soorte **pastorale tekste** en onderskei tussen pastorale tekste, waar die ongerepte natuur of die landelike as idillies voorgestel word; anti-pastorale tekste, waar die landelike ongeïdealiseer en onaantreklik uitgebeeld word en postpastorale tekste, waar verantwoordelikheid vir ons verhouding met die natuur en omgewingsdilemmas aanvaar word (2014). Hierdie indeling is kennelik van nut vir ekokritiek en die verhandeling gebruik hierdie omskrywings in die besprekings van *Trekkerswee* en "Bakens op pad na jou" deur De Bruyn.

**2.3.10** Theodore Roszak skep die term **ekosielkunde** in sy boek *The voice of the earth* (1992). Hy verwys na 'n "ecological unconscious" (1992: 13) en maak die stelling dat stede die grootste van alle menslike institusies geword het, dat niks nog ooit meer menslike energie geabsorbeer het nie en dat niks méér van ons aspirasies projekteer nie. Nietemin, "modern psychiatry has never undertaken a symbolic reading of the city" (1992: 219). Die verhandeling gebruik van sy idees in 'n bespreking van "Wat mis jy nie" deur Keet. Met betrekking tot literêre kritiek word die term *psigo-ekokritiek* gebruik.

**2.3.11 Ekokritiese lesing en herlesing:** Stephen Siddall staan in *Landscape and literature* die argument voor dat selfs "old (unaware)" tekste wat nie direk verband hou met natuurbewaring of omgewingskwessies nie, nou só gelees kan word (2009: 108). Die verhandeling steun op Siddal se werk en lees tekste wat vóór algemene omgewingsbewustheid of die ontstaan van ekokritiek geskryf is, of nie "oor" die omgewing gaan nie, vanuit hierdie perspektief en vra wat dit oor die (stads)omgewing sê en hoe dit dié omgewing representeer.



© University of Pretoria

In aansluiting hierby kan genoem word dat buiten "Plat foto van 'n vis" geeneen van die gedigte "natuurgedigte" is of spesifiek die omgewing vooropstel nie.

**2.3.12 Omgewingsmatigheid:** Gedigte wat bespreek word, word gelees ten opsigte van wat Lawrence Buell die "environmentality" van tekste noem. Hy sê: "[I]t seems to me […] productive to think inclusively of environmentality as a property of any text" en dat alle menslike artefakte tekens van omgewingsmatigheid dra (2005:25). Deur ondersoek in te stel na hierdie "omgewingsmatigheid" van die tekste – selfs gedigte wat nie die omgewing voorop stel nie – word aangetoon dat byna elke teks ekokrities gelees kán word. Buell voeg by: "Environmental criticism … take[s] an exceptionally strong interest in which environmental motifs are selected for what kinds of portrayal. The environmental(ist) subtexts of works whose interests are ostensibly directed elsewhere (e.g., toward social, political, and economic relations) may be no less telling in this regard than cases of the opposite sort where human figures have been evacuated for the sake of stressing environmentality" (2005:29). Morton stel dieselfde idee só: "[…] even if a Shakespeare sonnet does not appear explicitly to be 'about' gender, nowadays we still want to ask what it might have to do with gender. The time should come when we ask of any text, 'What does this say about the environment?' " (2007:5).

Dit is hierdie omgewingsmatigheid wat as leesstrategie in al die tekste in die verhandeling gebruik word om ondersoek in te stel na wat 'n teks oor die omgewing sê. Nie elke onderafdeling van ekokritiek wat hierbo genoem is, word op elke gedig toegepas nie.

**2.3.13** In die **plaaslike literatuurwetenskap** verskyn, benewens Visagie en Bezuidenhout se werk, onder meer Annetjie van Rensburg se *Johannesburg in die moderne Afrikaanse poësie* wat op haar magisterverhandeling gegrond is. Sy verwys na die begrip *leefruimte*, maar die hoofdoel van haar studie is om " 'n omvattende beeld van die vergestalting van Johannesburg [en die poëtiese gehalte daarvan] in moderne Afrikaanse poësie" weer te gee (1986: 5). Sy kom tot die gevolgtrekking dat daar " 'n oorheersend negatiewe houding teenoor Johannesburg in die poësie bestaan" (1986: 93).

Estelle Kruger se " 'n Ekologiese perspektief op 'n Nederlandse sprokie vir letterkunde-onderrig in Afrikaans" verskyn in 2003. Sy ondersoek die verskuilde ekologiese perspektief in 'n spesifieke sprokie as moontlike onderrigbron oor omgewingswaardes vir leerlinge. Haar onderliggende aanname is dat die onderrig ook 'n opvoedingstaak het om te vervul en sy haal Bruner aan dat 'n kurrikulum gebou moet word rondom "great issues, principles, and values that a society deems worthy of its members" (2003: 162). 'n Soortgelyke argument word kortliks in die slothoofstuk van die verhandeling aangevoer, met die inagneming van die pedagogiese doelstellings van tersiêre onderrig wat verskil van dié van die skool.

Marisa Keuris se artikel "An ecocritical reading of Pieter Fourie's *Die koggelaar*" word in 2007 gepubliseer. Sy beweeg weg van 'n menslike, karakter-gesentreerde benadering en toon aan hoe die karakters in Fourie se drama in 'n spesiale verhouding staan tot onder meer die landskap, diere en God. Hierdie verandering van leesfokus staan sentraal tot alle ekokritiek en dit is die fundamentele uitgangspunt van elke bespreking van 'n gedig in die verhandeling. Keuris verwys egter nie na stedelike ekokritiek nie.

Jacomien van Niekerk se artikel "Verstedeliking, Suid-Afrikaanse letterkundes en die kultuurteks" (2011) brei uit oor *plek* en *tuiste* – kernbegrippe in die ekokritiek. Haar



© University of Pretoria

ondersoek na tekste uit Afrikaner- en swart groepe wat in die ontwikkeling van Johannesburg as ’n mynstad in ’n soortgelyke situasie was, maar dit verskillend beleef het, bied verskeie raakpunte met hierdie verhandeling. Haar fokus is egter kultuurtekste en hul ooreenkomste en verskille. Van Niekerk noem nie ekokritiek by die naam in haar artikel nie.

Susan Meyer se artikel “ ‘We who cannot speak lived there first’: a new claim to land in *My plaas se naam is Vergenoeg* by George Weideman” (2012) verwys slegs gedeeltelik na die mens se verhouding met sy tuiste en ekokritiek word ook nie as ’n afsonderlike studieveld genoem nie. Sy neem egter deel aan die diskoers van postkoloniale en ekokritiese beskouings oor die gebruik van grond. Sy ondersoek Weideman se kritiek op ’n antroposentriese beskouing (wat by eerstegolf-ekokritiek aansluit) maar gee nie in haar artikel aandag aan stedelike ekokritiek nie.

Susan Smith se twee artikels op *LitNet Akademies* in 2012 is ’n belangrike bydrae op die gebied van ekokritiek en -teorie in die Afrikaanse literatuurwetenskap. Die artikels is: “Die aard van ekopoësie teen die agtergrond van die ekokritiese teorie met verwysing na enkele gedigte van Martjie Bosman” en “Plek en ingeplaaste skryf: ’n teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk”. Albei het ’n teoretiese inslag; eersgenoemde ondersoek onder meer natuurlike elemente binne ’n stadsomgewing in Bosman se gedigte. In hierdie verhandeling word daar egter na die totale omgewing gekyk, ook waar omgewingselemente vanweë ekonomiese en politieke besluite maatskaplike impakte het.

Smith se tweede artikel stel hoofsaaklik ondersoek in na die teorie van plek aan die hand van onder meer die drie dimensies van plek: die materialiteit van die omgewing, die persepsie en linguistiese konstruksie van plek en die persoonlike verwantskap met plek. (2012 b). Die verhandeling sluit hierby aan en ondersoek ook hierdie dimensies van plek, maar waar Smith se artikel grootliks teoreties is, analiseer die kandidaat spesifieke gedigte (of aspekte daarvan) in groter detail en betrek ander vertakkings van stedelike ekokritiek soos ekogeregtigheids- en ekofeministiese kritiek.

Sy bespreek ook die begrippe *plektyd* en *ruimtetyd* (2012 b). Letoit se gedig “Ode vir ou Johannesburg-on-sea” word na aanleiding van hierdie begrippe in die verhandeling bespreek.

M. J. Daymond gee in 2013 ’n gedenklesing met die titel “Home, exile and resistance in letters from Bessie Head, Dora Taylor and Lilian Ngoyi” waarin sy fokus op die waarde van die begrip en plek “tuiste” vir die drie vroue, wat in bannelingskap of onder huisares was. Sy verskaf egter nie ’n ekokritiese ontleding nie.

Daar is ruimte in die Afrikaanse literatuurwetenskap vir deegliker navorsing oor stedelike ekoteorie sowel as stedelike ekokritiek as leesstrategie. Die kandidaat maak ’n bydrae tot navorsing oor stedelike ekokritiek as leesstrategie. Die argument word in die verhandeling aangevoer dat die leefervaring van figure in die twaalf tekste in direkte verband staan met die omgewing waarin hierdie tekste geplaas is. Daar word verder aangevoer dat die omgewings wat in die tekste gerepresenteer word ’n aanloop vanuit die groter omgewingsgeskiedenis het.



© University of Pretoria

## 2.4 Gedigte met Johannesburg as agtergrond

Gedigte met Johannesburg as agtergrond of onderwerp is deur talle digters gepubliseer. Een van die vroegstes is G.B.A. Gerdener se "Johannesburg", gedateer 1906. S.J. Pretorius se *Die arbeider en ander gedigte* (1945) en *Die mummie en ander verse* (1963), I.L. de Villiers se *Van Jerusalem tot Johannesburg* (2006), en Andries Bezuidenhout se *Retoer* (2007) bevat elkeen talle gedigte oor Johannesburg, terwyl Fanie Olivier se bloemlesing *Goudaar* (1986), vir Johannesburg se eeufeesviering saamgestel is en 80 digters se werk bevat.

Ander Johannesburgse gedigte is Wopko Jensma se "My ta se ta" in *Sing for our execution (*1973), Koos Coetzee se "Besoek aan Hillbrow" (1974), Johan van Wyk se "Christus se intog in Johannesburg" (1976), George Weideman se "By die dood van Amos die swartman wat wou vlieg (vir Breyten)" in *Hoera hoera die ysman* (1977), Pat Seboko se "Jiggs" (1978), Farouk Asvat se "Bra Frooks en die John Vorster span" in *The time of our lives* (1982) en Johann Lodewyk Marais se "Johannesburg" in *Palimpses* (1987).

In verband met natuur- en omgewingsgedigte in die algemeen kan Johann Lodewyk Marais se eie bundels, onder andere *Verweerde aardbol* (1992), *Aves* (2002), *Plaaslike kennis* (2004), *Diorama* (2010) en *In die bloute* (2012); sy bloemlesing *Groen: gedigte oor die omgewing* (1990), en saam met Ad Zuiderent, *Ons klein en silwerige planeet: Afrikaanse, Nederlandse en Vlaamse gedigte oor die omgewing* (1997) genoem word. T.T. Cloete publiseer reeds in 1966 *Faune: 'n bloemlesing oor die dier in die Afrikaanse poësie*.

## 2.5 Samevatting

Die ekokritiek het vanuit werklike omgewingsbewustheid ontstaan en tematies uitgebrei tot 'n studieveld wat nou op 'n spektrum van omgewingsverwante probleme fokus. Die veld bied 'n verskeidenheid lense om bykans enige teks vanuit 'n omgewingshoek te lees en só openlike of verskuilde omgewings- en ander sosiale waardes en toestande wat met die omgewing verband hou, te ontbloot.



© University of Pretoria

# Hoofstuk 3

## Ekokritiese beskouings van die gedigte

In hierdie hoofstuk word twaalf gedigte ekokrities bespreek. Die gedigte is gekies op grond van die Johannesburgse milieu en aspekte wat vanuit ’n verskeidenheid stedelik-ekokritiese perspektiewe gelees kan word.

### 3.1 *Trekkerswee:* Totius, 1915

Die drie landskapbeskrywings wat elkeen van die drie afdelings van *Trekkerswee*, “Silwer strale”, “Goue gode” en “Grouwe grawe” open, kan dien as ’n opsomming van die narratief van hierdie gedig oor die oorgang van ’n natuurlike en landelike omgewing na ’n stad wat rondom die eeuwending aan die Witwatersrand gevestig word. Hierdie “opsomming” in *Trekkerswee* kan beskryf word met Bezuidenhout se term “narratiewe ruimtelikheid” (2013: 12).

Totius se beskrywings is telkens van dieselfde omgewing; meer nog, die eerste twee reëls, “Dis heuwels, heuwels, heuwels, net / sovér ’n mens se oog kan speur”, word telkens herhaal.
Hierdie eerste strofes verander egter telkens om die progressie van ongeskonde natuur en landelike omgewing na ’n omgewing waar menslike ingryping plaasvind, te toon. Totius gebruik die beskadigde omgewing metafories om die morele stand van die volk simboliseer, maar die verhandeling skenk minimaal aandag aan hierdie morele aspek en slegs indien dit betrekking op ’n ekokritiese lesing het.

#### 3.1.1 Eerstegolf-ekokritiese lesing

Die antroposentriese ingesteldheid in *Trekkerswee* staan sentraal aan die “boereparadys” [2]. Vir eerstegolf-ekokritici, wat talle raakpunte het met diep of radikale ekologie, is hierdie ingesteldheid belangrik aangesien die waarde van die natuur “in and of itself” en die gelyke regte van ander spesies voorop gestel word (Heise 2006). Vanuit hierdie perspektief gelees, is dit duidelik dat Totius deurgaans oor die natuur skryf met betrekking tot die mens. Die heel eerste versreëls “Heuwels […] net sovér *’n mens se oog kan speur*” (my kursivering) plaas die natuur onmiddellik op ’n menslike skaal. Die strofe

> Die baie dale en klowe, wat
> die hoogland kruis en dwars deursny,
> bied winterskuiling vir die vee,
> wat anders al te koud sal kry

weerspieël ’n aanname dat die landskap vir die gerief van die boer en sy vee ingerig is.

[2] Totius se oorspronklike spelling is “boereparadijs” en dit word ook dikwels so aangehaal, bv. in die motto van D.J. Opperman se “Ballade van die Grysland”. In die teks wat vir hierdie verhandeling gebruik is, is die spelling egter verander na “boereparadys”.



© University of Pretoria

Die talle Bybelse verwysings plaas *Trekkerswee* ook in ’n Judaïes-Christelike tradisie waar geglo word in ’n Skepper wat, soos Lynn White dit stel, eers al die niemenslike elemente geskep het en daarna, in die beeltenis van God, Adam (1996: 8). White sê ten opsigte van die Christelike tradisie: “Especially in its Western form, Christianity is the most anthropocentric religion the world has seen” (1996: 9). Hy maak die stelling dat die Christendom, in “absolute teenstelling” met antieke pagaanse en die meeste van Asië se godsdienste, nie alleen ’n dualisme van mens en natuur geskep het nie, maar ook “daarop aandring” dat dit God se wil is dat die mens “exploit nature for his proper ends” (1996: 10).

White se siening kan geïllustreer word aan die hand van die opening van “Goue gode” met sy beeld van God wat die goud in die riwwe geplaas het. Dié God is ’n landbouer (“God se ploeg het hier geloop”) wat boonop die boer goedgesind is en “*vrugbre* moot of akkerland” (my kursivering) agterlaat.

As oom Gert in die slotverse ’n terugkeer van sy volk na ’n eenvoudiger, landelike bestaan vooruitsien, wanneer die “groue heuwels klein” sal word (“Groue grawe” X), is dit nie ’n biosentriese bestaan ter wille nie, maar om (sy volk se eertydse) morele redes, weg van die sondige stadsbestaan.

Terwyl daar ’n duidelike liefde vir en selfs ’n piëteit teenoor die natuur en die omgewing is, is die omgewing dus in die eerste plek waardevol omdat dit in diens van die mens staan.

### 3.1.2 Tweedegolf-ekokritiese lesing

In tweedegolf-ekokritiek word die omgewing juis vanuit die mens of die maatskappy se oogpunt beskou, soos wat Buell konstateer: “One of the main differences between what I shall be calling first-wave and second-wave environmental criticism is that the revisionists have absorbed this sociocentric perspective to a greater degree” (2005: K. 149).

Dit is veral die teenstelling tussen die omgewingsbeskrywings in die verskillende dele van *Trekkerswee* wat vanuit ’n tweedegolf-ekokritiese perspektief (waaruit stedelike of sosiale ekokritiek ontwikkel) interessant is. Wanneer oom Gert sy plaas verkoop , waar daar ’n idilliese bestaan was toe daar nóg geld nóg armoede was, word geld as ’n verderwende invloed gesien. Die verteller verbind dié gebeurtenis kataliserend aan die aftakeling van die grond en omgewing sowel as die verwording van die boerevolk.

Die “hoë wildheid met/sy huppelende heuwelskoon” (“Silwer strale” I) verander en die spreker vergelyk dit wat was met wat nou is:

> die suiwre lug is troebel-vuil,
> en helder stroompies van weleer
> dam nou in donker modderkuil.
> Die grond voorheen so skoon en rooi
> is nou met steenkool-as bestrooi. (“Goue gode” VIII)



© University of Pretoria

### 3.1.3 Sosiaal-ekokritiese lesing

Charles van Onselen skryf dat talle verarmde Afrikaners in die nuut gestigde Johannesburg sedert die 1880's arbeid soos transportwerk en steenmakery verrig het. Van die begin af was daar groot armoede onder die ongeskoolde en soms ongeletterde Afrikaners in Johannesburg, en teen die einde van 1905 het die Rand se ekonomie vinnig in 'n volskaalse depressie verval. Die na-oorlogse opbloei in nuwe behuising het tot 'n einde gekom en honderde steenmakers, duisende messelaars en ander handewerkers is werkloos gelaat (1982: 116, 134).
In "Grouwe grawe" wys die verteller op die armoede waarin talle Afrikaners (en ander ongeskoolde arbeiders) woon:

> Die voorpos van die armes woon
> in Blikkies-dorp se kronkel-sink,
> wat vér soos bottelstukke blink.
> Hul lewe van 'n hongerloon
> in huisies aanmekaar gepas
> en jaardjies vol van steenkool-as ("Grouwe grawe" II)

en

> ..... die agterbuurt
> waar blikke-huisies word verhuurd,
> en alles vuil-armoedig is; ("Grouwe grawe" IV).

Die verteller verskaf 'n onmiddellikheid aan werkers se woontoestande met wat Kannemeyer "klein realistiese trekkies" noem, (1978: 122) soos onder meer

> Hy sien skoorstene en steenkool-rook;
> hy hoor die treine met hul haas;
> hy hoor die myn se toeter blaas
> nes of die ope aarde brul ("Grouwe grawe" IV).

Oom Gert dink oor "longekwaal" – silikose – wat veral goudmynwerkers aantas:

> Hy dink dan aan die myn-graf, waar
> die mense lewendig in kruip,
> om soos erdvarke rond te sluip
> vir bietjie geld en – longekwaal ("Grouwe grawe" IV).

Afrikaners het eers in 1907, tydens 'n beperkte staking deur wit immigrante-mynwerkers, in groot getalle in myne begin werk, maar talle is ontslaan onmiddellik ná die einde van die immigrante-staking en baie het uit hul eie die werk gelos "because of their distaste for the hard, unfamilliar and dangerous work underground" (Van Onselen 1982: 143). Hoewel Afrikaners dus nie die grootste gros mynwerkers uitgemaak het nie, verleen die neutrale "die mense" 'n groter universaliteit aan dié deel van die gedig.

Die liriese spreker in *Trekkerswee* het dit veral daaroor dat die stad sy dogter, wat ook die Boerevolk simboliseer, van hul sedes beroof. Hy toon sy agterdog teenoor die stad in sy eerste indrukke daarvan deur die soort gebou wat in die boeredorpe gebou is in teenstelling te bring met dié in die stad: in die boeredorpe is eers 'n kerk opgerig waarom "grasdak-



© University of Pretoria

huisies, laag en klein" ("Goue gode" VIII) gebou is, maar in die stad is die eerste gebou 'n groot hotel. In 'n gedeelte waarin daar gesuggereer word dat Dina 'n straatvrou geword het ("geheel verslinger in die stad/ en will'ge prooi van vreemdes"), "roep hy [oom Gert]: 'dit het die stad gedaan!' " ("Grouwe grawe" XVII).

### 3.1.4 Pastorale beskouing

Peter Marinelli se definisie van pastorale letterkunde is "letterkunde wat handel met die kompleksiteite van die menslike lewe teen 'n agtergrond van eenvoud, wat gewoonlik 'n plattelandse landskap is" (aangehaal in Wilson 2013, my vertaling –CC). Wilson voeg by dat die pastorale dikwels 'n onskuldige verlede onthou of voorstel wat in die onlangse verlede deur voortstuwende tegnologie aangetas is.

Hiervolgens kan veral Deel I, "Silwer strale", as kennelik pastoraal bestempel word. Talle verkleinwoordjies dui gemoedelikheid aan: die "eerste rypies", "muurtjies van klei", "koninkrykie"; die beskrywing van die plaas ("Silwer strale" VII) is geromantiseerd en die omgewing en die trekkers se bestaan word as idillies voorgestel.

Verskeie ekokritici vind so 'n suiwer pastorale uitbeelding problematies: "The green world becomes a highly stylized and simplified creation of the humanistic assumptions of the writer and his audience" (Love 1996: 231) en "Williams sets out to demonstrate that the dominant pastoral tradition […] offers a vision of rural life so removed from the process of labor and natural growth that [the literary works] constitute a persistent mystification of human ecology" (Ryle 2001:49).

Totius ignoreer die onvolhoubaarheid van dié idilliese bestaan; daar was egter selfs voor die begin van die 20ste eeu reeds tekens daarvan dat so 'n bestaan nie onbepaald sou kon voortduur nie. Volgens Visser het nuwe grond vir besetting skaarser geraak en was die gebruik om 'n gestorwe grondeienaar se plaas onder sy erfgename te onderverdeel ook 'n belangrike oorsaak van die ontstaan van 'n bywonersklas, selfs voor die ontdekking van diamante en daarna goud in die binneland van Suid-Afrika.  Daarby het droogtes en dierevrektes ook hul tol geëis: "Natural disasters aggravated their [Afrikaners'] rural economic situation. The devastating effects of the rinderpest epidemic of 1896-97 was a major factor in stimulating large-scale migration of rural Afrikaners to the Witwatersrand" (Visser 2005: 3-4).

Vanuit 'n hedendaagse pastoraal-ekokritiese perspektief gelees, lyk *Trekkerswee* se pastorale  beskrywing van 'n eenvoudige bestaan in harmonie met die natuur, sterk verromantiseer. Die gedeelte kan egter nie in isolasie gesien word nie en in konteks van die hele gedig dien hierdie pastorale gedeelte, met suggesties van wat later gaan gebeur, juis as dramatiese maatstaf waaraan die verworde stadsbestaan gemeet sal word.

### 3.1.5 Postkoloniale ekokritiese beskouing

'n Beduidende verband bestaan tussen postkolonialisme en ekokritiek. "Postcolonial ecocritics have demonstrated the inseparability of environmental degradation from any critique of imperialism and global capitalism, cataloging the list of imperial practices which have resulted in radical ecological change in conquered or settled territories" (Deckard 2010: 3). As voorbeelde noem Deckard mynbou en verwys na die verlies van volhoubare ekologiese tradisies. Ramone stel die verband tussen die postkoloniale en



© University of Pretoria

ekokritiese perspektiewe so: "Postcolonial and ecocritical perspectives have much in common: both pursue political commitments, and postcolonial literature and theory examines and remaps the representation of the physical environment in both literary and non-literary texts" (2011:195).

Die oorkoepelende tema van oorgang van 'n ou na 'n nuwe bestel, grootliks afgedwing deur 'n vreemde moondheid, en die herkenbare werklikheid en plek waarin die fiktiewe gebeure geplaas word, maak *Trekkerswee* veral geskik vir 'n postkoloniale lesing. In hierdie verband kan Ramone weer aangehaal word: "Postcolonial literature and theory react to colonial encounters, and the function of both is to critique the assumptions and representations on which colonialism is based" (2011:1).

Totius gebruik beskrywings van die landskap en omgewing in sy representasie van die Trekkers se leefwyse, die omvergooi daarvan deur imperialistiese mynbou en die uitbreiding van die stad. Sy kritiek hierop loop regdeur die gedig, maar die "Engelsman" word nie gesien as die enigste of primêre skuldenaar in die vernietigende skade aan die omgewing en die eer van sy dogter en van die Boervolk nie. Daar is talle aanduidings dat geldgierigheid en die mens se eie verderflikheid die eerste oorsaak is van die besmetting van die "paradys". Oom Gert is immers die eerste figuur in die gedig wat besluit om sy plaas aan 'n prospekteerder te verkoop. "Goue gode" V begin met "O Heilige nagte van voorheen" en beskryf oom Gert se vorige vrome bepeinsing van God, sy huidige sielswroeging en eindig met " 'n ander god het daar gekom /en die naam van die god is: Goud" ("Goue gode" V).

By 'n postkoloniale ekokritiese beskouing moet genoem word dat, terwyl Totius kritiek het op die Britse imperialisme, hy ongeërg staan teenoor die Trekkers se eie vorm van kolonialisasie van die Transvaal.

Ná die Anglo-Boere-oorlog betreur hy Transvaal se "heil'ge eersgeboorte-reg" wat "verkoop" ("Grouwe grawe" II) word. Die vroeëre geskiedenis van inwoners word as netelig afgemaak. In 'n beskrywing van die skeppershand wat " 'n ganse goudveld (...) /in d'aard se boesem" gesaai het, het "net Kaffervoete" ("Goue gode" I) voorheen hier beweeg. In oom Gert se oorsig oor die trekkergeskiedenis vertel hy: "Ons trek 'n kale hoogland op, / 'n leë Kafferwêreld" ("Silwer strale" XVII). Buell sê oor wat hy "ruimtelike praktyke" noem dat ruimte nie waarde-neutraal is nie. Hy verwys na die kolonisasie van die hinterlande van Amerika, Australië, en elders waar die begrip *terra nullus* (grond as "leeg" of suiwer ruimte) histories gebruik is vir verowering en die ontkenning van inboorlinge se grondregte (2005: K.1735-6). In Amerikaanse konteks skryf Neil Smith: "Native Americans were seen as virtually part of the existing landscape, and they could be displaced or wiped out" (aangehaal in Bennett 1999: 183). Dieselfde argumente kan kennelik in verband met *Trekkerswee* aangevoer word.

Ter verdediging van Totius (en die Trekkers) moet gesê word dat, volgens Huffman, hoofsaaklik BaFokeng, maar ook ander Sotho-Tswana, veral die BaKwena, in die omgewing van die groter Johannesburg gewoon het van die begin van die 15de eeu tot 1823, toe Mzilikazi die streek "ontvolk" het (2010). Dit moet bygevoeg word dat historici verskil oor hierdie tydperk van onrus, die Mfecane, en dat daar verskillende interpretasies en menings oor datums en oorsake bestaan. Die land het moontlik leeg gelyk toe Voortrekkers in die 1830's begin arriveer het.



© University of Pretoria

Daar is wel swart werkers teenwoordig in die verhaalgegewe van *Trekkerswee*:

> Die kraalvee is al moeg gelê;
> hul rek die stramme lywe uit.
> Daar kom die kaffer ook al aan,
> wat koulik oor die douveld gaan
> en eers die kalwerhok ontsluit. ("Silwer strale" VII)
>
> – die Kaffers is so baar!
> "Daar staan die brood al uitgerys
> en die oond is koud! Dis werkelik waar,
> 'n mens moet hul ook alles wys. ("Silwer strale" IX)
>
> Die osse word al losgemaak
> en veld toe aangejaag;
> 'n kaffer stap hul agterna ("Silwer strale" XVI).

Volgens J.S. Bergh was arbeid ná die vestiging van wit boere en die stigting van die Zuid-Afrikaansche Republiek dikwels 'n probleem. Eienaars van plase in die sentrale deel van Transvaal was geregtig op vier inheemse huisgesinne en hul arbeid, waarvoor hul 'n loon betaal moes word. Een van die redes vir die skaarsheid aan arbeid was die "skynbare migrasie van sommige inboorling-Afrika-arbeiders van die sentrale distrikte [van Transvaal] na onafhanklike kapteinsgebiede in die omliggende areas om te ontsnap aan die *toenemende vraag na arbeid*" (2010, my vertaling en kursivering – CC)**.**

Met swart arbeid 'n kwessie van die dag, sou wit boere in die omgewing wel deeglik bewus gewees het – en Totius, gebore in 1877, ook – dat daar wel inwoners was voordat wit boere hulle in die omgewing kom vestig het. Dit kan aangeneem word dat die inheemse huisgesinne wat hul arbeid aan die boerebesitter van die plaas verskuldig was, 'n heel ander verhouding met hul omgewing sou gehad het as die wit plaaseienaars met hul "boereparadys".

### 3.1.6 Grond as simbool van nasionale identiteit

"Grond, land en mag is van die begin af onlosmaaklik verweef in die psige van die Suid-Afrikaner" (Smith 2013). Hierdie stelling kan aan die hand van *Trekkerswee* geïllustreer word. Regdeur die gedig word die identiteit van die Afrikaner verbind aan die landskap. Die verbintenis van nasionale identiteit met 'n landelike landskap kom ook elders voor. Buell verwys na die Amerikaner Leo Marx en die Brit Raymond Williams en skryf dat albei uitgewei het oor die "salience and durability of their respective national penchants to identify national essence symbolically with 'country' (Williams) or a bucolic 'middle landscape' between settlement and frontier or wilderness (Marx)" (Buell 2005: K. 213).

Die leefwyse van die boere in die gedig is onafskeidbaar van die "plasie" wat ook 'n "koninkrykie" is. Hul landelike omgewing is hul tuiste en bepaal grootliks hul identiteit as trekkers en boere. Soos wat die omgewing verander, word hul identiteit ondergrawe. Armbruster sê in hierdie verband "the natural environment is always a shaping force of individual and group psychology and identity – and […] this force can only be ignored at a price" (2001: 7).



© University of Pretoria

Vir die hooffiguur, oom Gert, beteken hierdie verlies aan identiteit ’n vernietiging van sy eiewaarde. In Deel I neem hy ’n sentrale plek in op die fees op Paardekraal en lewer ’n toespraak wat onder meer die hoofpunte van die geskiedenis uitlig. Wanneer hy sy grond prysgegee het, kontak met sy skoonseun verloor het en sy dogter ’n straatvrou geword het, gaan hy as “arme”, wat “ook maar gaan kyk” (“Grouwe grawe”III) na die Uniefees.

Terwyl daar ’n liefde vir die natuur is by die boere – vergelyk die beskrywing van die lente: “Tog is ons lief haar eerste sprietjies” (“Silwer strale” XI) – word die grond om nog twee redes waardeer: omdat dit so ideaal vir die mens en boerdery is en omdat dit aan die boer behoort en selfs vir hom bestem is: “ ‘Myn plasie is my Naboths erf,/ deur God verkore vir my saad.” (“Goue gode” IV). Die verlies van die boere se grond word gelyk gestel aan slaafskap: “Liefs kort gedroom as Britse grond/en slawe word” (“Silwer strale” XIV). Die Afrikaners se identiteit is dus óf besitters van die grond en daarmee saam vry burgers, óf mense wat nié hul grond besit nie, “slawe” – asof daar geen gebied tussen hierdie uiterstes is nie.

Wanneer ’n prospekteerder aankom, is hy kennelik ’n vreemdeling:

> Nou loop ’n loper oor die Rand,
> wat rooi is in sy aangesig;
> hy sien niks van die skone land (“Goue gode” III ).

Die “loper” (wat herinner aan “inloper”, ’n skelm of bedrieër) is, anders as die boere, rooi gebrand en daar word aangeneem hy sien nie die skoonheid van die land raak nie, wat hom dubbeld as vreemdeling brandmerk.

Dit is ook hierdie vreemdeling wat oom Gert se plaas koop en daarmee oom Gert self, sy lewe as boer en sy identiteit permanent verander. Hierdie transaksie merk ’n wending in die verhaal, die aanloop tot die oorlog en die Boere se nederlaag, sy vrou se dood, die “vervreemding” (“Goue gode” XVII) van sy skoonseun, sy bure en skoonfamilie se wegtrek en Dina se verderf.

Die verlies van die grond, spesifiek die plaas en landelike natuur, is dus ’n katalisator wat ’n proses aan die gang sit wat uitloop op die ontering van Dina – simbolies van die vernietiging van die volk se identiteit.

In hierdie verband kan die begrip “waardevermindering van plek” (Smith 2012 a) genoem word. Oom Gert beleef ’n baie sterk gevoel van verlies wat begin wanneer die omgewing drasties verander en saam met hierdie verandering, die betekenis wat hy aan sy tuiste heg (’n idilliese bestaanswyse, eie sowel as nasionale identiteit asook ’n liefde vir die grond en natuur self). Dit blyk uit die manier waarop die beginstrofes van “Silwer strale” en “Goue gode” verskil:

> Dis heuwels, heuwels, heuwels net
> Sovér ’n mens se oog kan speur;
> Grasheuwels waar ook riwwe gaan,
> Met enkele systroompies tussendeur
>
> Daar is geen hoë berge nie,
> Want hoog is daar die wêreld self;



© University of Pretoria

En luggies waai daar dun en fris,
Of dit stroom uit die blou gewelf "Silwer strale".

en

Dis heuwels, heuwels, heuwels net
Sovér 'n mens se oog kan speur:
Maar heuwels sonder struik of gras,
En *droewig-vaal soos as* gekleur.

Langes die heuwels staan 'n ding
Soos die *houtgeraamte van 'n huis*,
Waarbowe *rust'loos wiele draai*
Wat die waentjies optrek met die gruis. ("Goue gode", my kursivering.)

Smith skryf oor waardevermindering van plek: "Wanneer 'n plek van vroeëre betekenis en belangrikheid gestroop word, vind deterritorialisering plaas en dan word hierdie ruimtes op 'n nuwe manier bestuur, in ooreenstemming met die gerief en belange van die kapitalistiese magsbasis, wat herterritorialisering tot gevolg het. Verplasing en ontheemding geskied as ruiltransaksie vir […] sogenaamde opgradering" (2012 a).

Terwyl Totius nie in 1915 oor die omgewingsdiskoers-terminologie beskik het nie, toon hy in *Trekkerswee* deur sy narratief, die byna balladiese konstruksie van minstens die eerste strofes van die drie dele, taal en trope hierdie proses van waardevermindering van plek en die tragiek wat daaruit voortspruit, aan.

**3.2 "Die stryd in die stad"**

Ek kom van die plaas, van die platteland;
Te verdruk om daar langer te woon,
Ek is gebroke, gedrywe van my land,
Erfnis van my voorvaders, dis my loon.

Hoe het ek gesukkel en gesoek;
Hier in die woelige selfsugtige plek,
Na 'n werkie. My familie moet lewe.
Wat 'n vloek om voedsel te kry en klere om die liggaam te dek.

Hier is 'n uitweg – sluit aan by 'n Unie,
Waar mense wat strewe na 'n beter dag
Verenig, saamstaan en veg in één linie,
Die leuse van ons volk – "Eendrag maak mag!"

Nou staan ek tesaam met die werkende klas
Ons werk en ons ly, daar's 'n stryd wat ons stry,
Ons strewe en ons bou, tot die hoogste mas,
Vir 'n beter lewe vir almal, vir jou en vir my!

Johanna Cornelius *Die klerewerker* 1939



© University of Pretoria

### 3.2.1 Historiese agtergrond

Die ekonomiese veranderinge ná die ontdekking van goud aan die Witwatersrand; ’n reeks natuurrampe; die beleid van verskroeide aarde wat in die laaste deel van die Anglo-Boereoorlog gevolg is en ook die Depressie wat van 1929 tot die laat 1930’s geheers het, het bygedra tot die verarming van landelike Afrikaners en gevolglik die ontstaan van ’n stedelike Afrikaner-werkersklas (Visser 2005: 1 en Wikipedia).
Die wit vrouewerkers in die kleremaakbedryf het hoofsaaklik bestaan uit jong Afrikaanssprekende meisies na die Witwatersrand gekom het om werk te soek. Die Klerewerkersunie (KWU) is in 1928 gestig. Johanna Cornelius was 18 jaar oud toe sy uit die Wes-Transvaal na die stad gekom het om werk te soek. Sy het in 1930 as klerewerker by Powerplus Clothing in Johannesburg begin werk, kort daarna by die KWU aangesluit en het later nasionale organiseerder, president en algemene sekretaris daarvan geword (SACTWU. s.d., Verwey 1995 en Gasa 2007:187). Die gedig het in die tweetalige mondstuk van die KWU, *Die klerewerker/Garment worker*, verskyn.

### 3.2.2 Omgewing in die gedig

Plek is sentraal in die gedig en die begrippe *ruimte* en *plek* manifesteer verwikkeld in die representasie van plaas en stad. Spanning tussen die eertydse plaas-tuiste en die nuwe “nietuiste” in die stad word geskep deur die skrapse assosiasies verbind aan die plaas as plek aan die een kant en die digte en al hoe meer sinvolle plek-assosiasies verbind aan die stad aan die ander kant.

Die liriese spreker gebruik die verhaal van ’n persona waarmee haar lesers kan identifiseer, skynbaar en waarskynlik haar eie verhaal. Sy stel haarself voor deur haar identiteit aan plek te koppel – dieselfde soort plek as baie van haar lesers – en vestig só haar *bona fides*. Daarna beskryf sy die eienskappe van die stadsomgewing waar sy (en haar lesers) hulself kennelik as vreemdelinge voel. Buell kan in hierdie verband aangehaal word: “…the understanding of personhood is defined for better or for worse by environmental entanglement” (2005:23).

### 3.2.3 Verhouding met die omgewing

Die spreker se verhouding met haar tuiste wat sy verloor het en haar veranderende houding teenoor die nuwe plek wat sy haar tuiste maak, vorm die kern van die gedig.
Reëls 2 tot 4 en woorde soos “verdruk” , “gebroke” en

> …gedrywe van my land,
> Erfenis van my voorvaders

druk die spreker se sterk verbintenis met haar vorige tuiste en intense gevoelens oor die verlies daarvan uit. Sy gee geen beskrywing van eienskappe of kwaliteite van haar tuiste nie; die bitterheid wat gesuggereer word, is omdat dit háár land, háár erfenis was. Eers is haar gevoel oor die stad byna een van afkeer, maar wanneer ’n gemeenskap in die nuwe omgewing geskep is, word dit sterk positief.

### 3.2.4 Plaas versus stad as tuiste/nietuiste



© University of Pretoria

Siddall sê dat ekokritici ’n hoë waarde plaas op “human rootedness, of dwelling in a home, as distinct from living in a house” (2009:107). Die liriese spreker in die gedig maak dit inderdaad duidelik dat “living in a house” (of losieshuis) nie die gevoel van “human rootedness” van haar oorspronklike tuiste kan verskaf nie. Ter ondersteuning hiervan kan Jacomien van Niekerk aangehaal word: “In ‘Die stryd in die stad’ deur Johanna Cornelius maak uitsprake van die spreker soos “Ek is gebroke, gedrywe van my land” dit duidelik dat die stad in teenstelling staan tot die spreker se ware tuiste en dus by implikasie nie ’n tuiste kan wees nie” (2011).

Die noue verband tussen *tuiste* en *plek* word duidelik wanneer daar gekyk word na hoe verskeie ekokritici die begrippe *plek* en *ruimte* beskryf en van mekaar onderskei. Buell voer aan: “Place entails spatial location, […] space as against place connotes geometrical or topographical abstraction” (2005: K. 746). Smith, wat Linda Russo in hierdie konteks aanhaal, beweer dat ruimte ’n abstraksie is wat uitgedruk kan word as behoefte of konsep, maar dat plek ’n spesifieke materiële ruimtelike lokaliteit is; wat bewoon en ervaar word. Sy voeg by: “Die […] aksie van plekmaak […]en huismaak [spruit voort] uit die onderskeid tussen plek en ruimte, en behels dat die wyse waarop die ekodigter sy gehoor vanuit ’n bestaan binne ’n abstrakte ruimte waarin hulle net besoekers is, wil intrek na plek as herkenning van hul huidige omgewing en dus as huis” (2012 b). *Tuiste* kan dus in hierdie konteks gelyk gestel word aan *plek*.

Terwyl daar in die gedig ’n sterk emosionele verbintenis met die verlore tuiste, die plaas, en die trauma van die verlies daarvan aangedui word, word geen konkrete assosiasies, soos beskrywings van landskap, leefwyse of herinneringe aan die verlore tuiste gekoppel nie. Die plaas word as abstrakte verteenwoordiger van die ware tuiste – dus as ruimte – aangebied.

In teenstelling met *ruimte*, skryf Buell, kan *plek* gesien, gehoor, geruik, verbeel, liefgehê, gehaat, gevrees, vereer word. Hy voeg by: “Place is associatively thick, space thin” en “we speak of place-attachment rather than of space-attachment” (K.749-751).

In die gedig is die assosiasies met die stad aanvanklik sterk negatief, nietemin is dit assosiasie-dig. Al voldoen die plaas aan die eienskappe van plek wat volgens Buell gekenmerk word as “menslik betekenisvol” en “gemerk” is deur onder meer persoonlike verbintenis (2005: K.1708), is die plaas in vergelyking met die stad “assosiatief dun”, en is die stad in hierdie gedig “méér” *plek* met sinvolle plek-assosiasies.

### 3.2.5 Die proses van tuiste-maak

“Plek dui ook dinamiese proses aan, insluitende die vorming van plek deur invloede van buite sowel as binne” (Buell 2005: 145, my vertaling – CC). Hierdie dinamiese proses kan duidelik gevolg word deur na die werkwoorde in die gedig te kyk. Die werkwoorde wat verband hou met die plaas is in die passiewe vorm (“verdruk”, “ek is gebroke, gedrywe”); dié wat met die stad verband hou en nadat die spreker by ’n unie aangesluit het, in die aktiewe vorm (“sluit aan”, “verenig, saamstaan en veg”, “staan”, “werk” “stry”, “strewe”, “bou”). Dit is juis deur aktiewe optrede dat die spreker begin met die proses van tuiste-maak. Buell verwys na “place-making” as ’n “culturally inflected process” – al hierdie optredes word saam met die kulturele groep en ás kultuur uitgevoer – en hy sê ook dat die term *plek* uiteenlopende maniere van gehegtheid of verbintenisse (“disparate modes of attachment”) impliseer (2005: K. 802-3).



© University of Pretoria

Die stad word allitererend verbind met stryd in die belangrike titelposisie. Die “stryd” verwys na die gesukkel om te oorleef sowel as die stryd wat saam deur die werkers gestry word. Dit is juis deur albei hierdie stryde dat die stad meer identiteit kry en meer plek en tuiste gemaak word as die plaas en platteland.
Johannesburg word gerepresenteer as ’n plek waar die sosiale vooropgestel word: dit is “ ’n woelige selfsugtige plek” waar sy moet sukkel en soek na werk en waar dit ’n “vloek” is om haar familie te probeer versorg. (Hiermee word wel gesuggereer dat die teenoorgesteldes van hierdie begrippe, “rustig” en “gasvry” of “mededeelsaam”, wel kenmerke van haar eerste tuiste was.) Dit is wanneer sy haar aansluit by ’n groep, dus deelneem aan die positiewe sosiale moontlikhede van Johannesburg, dat die toon van die gedig verander en positief word. Deur die loop van die gedig word die stad getransformeer van “selfsugtige plek” na ’n plek waar mense “(v)erenig, saamstaan en veg in één linie” – waar solidariteit dus beleef word – danksy mobilisasie rondom die stryd vir werkersregte. Buell skryf dat dié wat ’n aandeel het aan hul gemeenskap daaraan dink as ’n plek (2005: K. 752). Dit is dus deur van hierdie sosiale moontlikhede wat die stad bied, gebruik te maak dat sy ’n nuwe tuiste in die stad kan maak, ’n tuiste wat materieel in die stad gesetel is en ’n geestelike tuiste is, saam met enersdenkendes. Krogerus en Tschäppeler beweer dat kreatiwiteit, om iets nuuts te skep, in gemeenskappe en *plekke* gedy: “Creativity is stimulated by exhange; it takes place in communities and real places. […] Creativity emerges from relationships between people” (2012:14). Ironies genoeg sou hierdie nuwe gemeenskap en vakbond waarvan die spreker nou deel is, nie in die geïsoleerde bestaanswyse van plaas en platteland kon ontstaan nie.

### 3.2.6 ’n Ekopolitiese lesing

Don Scheese maak die stelling dat die teorie en praktyk van ekokritiek inherent polities is. Hy haal Judith Fetterley aan oor feminisme, en sê dat hy dieselfde voel oor ekopoësie: “At its best, feminism is a political act whose aim is not simply to interpret the world but to change it by changing the consciousness of those who read and their relation to what they read” (s.d). Hierdie stelling is van toepassing op “Die stryd in die stad”.

Die gedig oordryf nie in die beskrywing van die gesukkel om ’n bestaan te maak nie. Die armoede van Afrikanervroue in Johannesburg in die eerste drie of wat dekades van die vorige eeu is onder meer gedokumenteer op die webwerf van SACTWU: “Afrikaner garment women workers suffered extreme exploitation: they earned starvation wages and worked long hours” (2013) en Louise Vincent skryf dat talle jong Afrikanervroue sulke lae lone verdien het dat hulle in losieshuise moes woon waar hulle drie-drie in ’n bed geslaap het en van droë brood en swart koffie geleef het (2000).

Cornelius se eerste mikpunt met die gedig is duidelik nie literêr nie, maar retories. Sy wil haar lesers aanmoedig om by haar unie aan te sluit om sodoende ’n verskil te kan maak aan werkstoestande van kleremakers. Die unie het dit reggekry – Vincent skryf dat die gemiddelde loon van ongeveer 23 sjiellings teen 1938 byna verdubbel het tot meer as £2 per week en dat die unie vir sy lede ruspouses, tien pleks van drie dae betaalde verlof per jaar en ’n siekefonds onderhandel het (2000).

### 3.2.7 Ekofeministiese lesing



© University of Pretoria

Ekofeministiese kritiek ontwikkel sterk binne die veld van ekokritiek, soos wat William Howarth skryf: “Ecocriticism finds its strongest advocates today in feminist and gender critics, who focus on the idea of place as defining social status” (Howarth 1996: 81).
Meer as ’n dekade later skryf Greta Gaard oor omgewing en identiteit dat die “relational inter-identity” wat die uitgangspunt van ekofeminisme is, omgewing en identiteit as ko-gekonstitueer beskou. Sy noem “tuiste” ’n sosiaal gekonstrueerde lokaliteit en sê dat hierdie konstruksie ’n handeling ten opsigte van plek-en-identiteit is wat tyd, energie, en verbintenis verg. Sy haal Andrew Gorman-Murray aan: “As one ‘makes home’, one accumulates a sense of self” (2010).
Die liriese spreker kom inderdaad as ’n behoeftige en hawelose sonder enige sosiale status in die stad aan. Wanneer sy wel vir haarself ’n plek – ’n sosiale tuiste skep – deur by ’n unie aan te sluit, styg die status waarvan Howarth praat, ook in haar eie oë, soos duidelik is in die energie van die laaste strofe (vgl. “(n)ou staan ek tesaam met die werkende klas” en talle aksie-werkwoorde soos “werk”, “stry”, “strewe”, “bou”).
So ’n lesing toon ook ’n rolverskuiwing aan waar ’n vrou benewens haar tradisionele rol as versorger ook ’n politieke rol aanneem. Gaard skryf in hierdie verband: “Home has been a very isolated place for women [...] particularly in heteropatriarchal societies, which have traditionally undervalued the ‘private’ sphere that includes both home and women. Domestic life has meant that [...] what goes on at home is unimportant compared with the public sphere, where politics and economics take place, and a person’s worth is gauged in monetary terms”.  Sy sê verder dat bioregionaliste en ekofeminste saamstem “there is no separating the personal from the political” (2010). In die gedig betree die liriese speker juis die publieke sfeer omdat persoonlike lewensomstandighede haar private rol as versorger belemmer.

Cornelius toon die waarde van die “traditionally undervalued” private of huishoudelike sfeer waar dit om niks minder gaan nie as basiese lewensmiddele, kos en klere: “My familie moet lewe”.

Hierby kan Bezuidenhout se argument oor die ruimte waarin vroue tradisioneel optree, aangehaal word: “In haar artikel oor Marlene van Niekerk (2003) se roman *Agaat* en die rol van Afrikanervroue in die geskiedenis, skryf Du Plessis (2010) dat die huishouding – tradisioneel gesien as ŉ vroulike ruimte, ŉ plek van biologiese en kulturele reproduksie – noodwendig buite die geskiedskrywing staan. Dokumente wat privaatruimtes boekstaaf, word selde deel van die historiese argief. ‘Hoewel vroue binne ŉ nasionalistiese opset ŉ groot mate van simboliese sigbaarheid geniet,’ argumenteer Du Plessis (2010: 164), ‘bly vroue in wese onsigbaar, omdat hulle bydrae beperk word tot die huislike sfeer – die domein van reproduksie.’ [...] Du Plessis (2010; 2011) toon byvoorbeeld aan hoe Herman Giliomee (2003) in sy biografie van die Afrikaners in hiperboliese taal oor Afrikanervroue moet skryf om te vergoed vir hul afwesigheid in die openbare ruimte – plekke waar die produksie van die ekonomiese en politieke orde plaasvind” (2013: 18).

Dit is interessant dat Cornelius die huislike sfeer beperk tot een en ’n halwe reëls, “My familie moet lewe”, en die nogal lomp, lang reël “Wat ’n vloek om voedsel te kry en klere om die liggaam te dek” wat, vanuit ’n literêre oogpunt gesien, aandui hoe dié taak “te veel” is vir die spreker wanneer sy nog vreemd in die stad is. Dit is die energieke skep van ’n nuwe geestelike en kulturele tuiste wanneer sy die openbare sfeer betree, wat meer aandag kry in die gedig.



© University of Pretoria

### 3.3 "Maartmaand in Johannesburg"

Telkens wanneer die jaar se wenteling gaan
na die gety van stilte en heugenis
laat hierdie maand wat herfs nóg somer is
die dinge rustig en seisoenloos staan.
Die wye hemel bly 'n klare vlam
van smetloosheid in sonneglans geweek,
die wilgerbome en die warm kweek
'n groen misterie om die silwer dam.
Die tuine langs die straat lê elke dag
bedwelmd in blommegeur en voëlgesang
totdat die laaste kopergloed gevang
word in 'n gewelvenster en die nag
sy web van sterre, wat hul sirkelgang
in Maart vertraag, hoog bo die stad uithang.

Elisabeth Eybers *Die stil avontuur* 1939

#### 3.3.1 Die omgewing in die gedig

Die gedig bestaan uit 'n beskrywing van die omgewing, 'n voorstad, waarin die liriese spreker haarself bevind. Met hedendaagse kennis en bewussyn kan 'n reeks versweë aannames wat kenmerkend is van die tyd en kultuur waarin dit geskryf is, afgelei word.

#### 3.3.2 Die liriese spreker se verhouding met die omgewing

Eybers se gedig is 'n voorbeeld van Dertiger-poësie, soos beskryf deur D.J. Opperman in *Digters van Dertig*: "Vir Dertig beteken die groter belangstelling in die beeldende kuns dat aandag bestee word aan impressies, stemmings, sensasies, kleure, oorspronklike sienings en 'n liefde vir die konkrete" (1953: 23). "Maartmaand in Johannesburg" handel oor die indruk wat die (kunsmatig gevormde) natuur en die "wye hemel", "sonneglans" en "web van sterre", maar veral die tyd van die jaar, op die spreker maak.

#### 3.3.3 Johannesburg as tuiste

Die spreker representeer haar tuiste as veilig, rustig; sy beskryf 'n gevoel van tydloosheid buite enige maatskaplike, ekonomiese of politieke werklikheid. Die uitroei van natuurlike ekologie om te myn en die stad te vestig sowel as die politieke werklikheid van segregasie (deels 'n gevolg van hoe die mynwese gestruktureer is), was egter die noodwendige voorwaardes om hiérdie Johannesburg, die stad wat die liriese spreker ervaar, te vestig.

#### 3.3.4 Materiële, maatskaplike, ekonomiese en ideologiese waardes

Ten opsigte van die estetiese beskouing van die natuur in Eybers se gedig kan verwys word na T.V. Reed se stelling wat aangehaal word deur Ursula Heise: "Aesthetic appreciation of



© University of Pretoria

nature has not only been a class-coded activity, but the insulation of the middle and upper classes from the most brutal effects of industrialization has played a crucial rol in environmental devastation" (2006). Bennett skryf: "Wilderness areas, as much as city scapes, are shaped by complex socio-political, economic, and philosophical discourses" (2001). Sy stelling geld eweseer voorstede.

Die jare '30 was 'n tyd toe die heersende ideologie (ingestel en gevestig weens onder meer ekonomiese redes, omdat die mynbedryf goedkoop swart arbeid vereis het) bepaal het dat Johannesburg volgens rasse gesegregeer is. Die wit middelklas het nooit in aanraking gekom met die effek wat die myne op die omgewing of die werkers gehad het nie.

In die gedig word verwys na tuine, parke en huisvesting wat welvaart aandui (vergelyk "gewelvenster") in die plek waar die spreker haar bevind – alles aanduidings van 'n gevestigde voorstad. Die stem van hierdie liriese spreker is onmiskenbaar dié van 'n wit, bevoorregte middelklaspersoon.

### 3.3.5 Vernietiging van habitat deur voorstedelike uitbreiding

Volgens Andrew Ross is daar meer as genoeg bewyse om te suggereer dat (in die na-oorlogse VSA) wydstrekkende voorstedelike uitbreiding nie alleen direk verantwoordelik was vir die verlies aan oop veld en ongerepte natuur nie, maar ook 'n ernstige tol geëis het met betrekking tot ekostelsels (1999:18). Volgens die *Green Building Handbook* is die impak van die beboude omgewing onder meer dat dit die natuurlike landskap verander, 'n enorme effek op biodiversiteit het, verlies aan inheemse ekologieë tot gevolg het en indringerspesies invoer (Van Wyk 2012:37).

Die ekologie van die Witwatersrand was voor die ontstaan van die mynbedryf droë grasland met spruite. Hierdie ekologie is op groot skaal uitgewis deur nie alleen mynskagte en -uitskot nie, maar ook deur die uitbreiding van die stad na voorstede. The Design Observer Group skryf dat die oorspronklike semi-droë grasland-ekologie nou in 'n stedelike woud omvorm is, en dat sediment van mynuitskot natuurlike waterweë geblokkeer het, wat onverwags vleilande met 'n ryk voëlhabitat geskep het (2011). Die natuur wat die liriese spreker beskryf, is heeltemal getransformeer. Die flora is kultureel geskep: "wilgerbome" – waarskynlik treurwilger, *Salix babylonica*, inheems aan China en 'n verklaarde kategorie 2-indringerplant in Suid-Afrika (Biodiversity explorer, s.d.); "kweek", "tuine", "blomme(geur)". Die spreker skryf oor die plek waar sy haar in die hede bevind. Met die oorspronklike grasland-ekologie, die "eintlike" natuur, het sy geen verhouding nie.

Die totale onbewuswees van die vernietiging en drastiese verandering van die ekologie word aangedui deur die liriese en positiewe taalgebruik vir natuurelemente: "die wye hemel bly 'n klare vlam / van smetloosheid", "sonneglans", " silwer dam", " bedwelmd in blommegeur". Die "silwer dam" is egter mensgemaak; die "voëlgesang" vanweë menslike intervensie.

### 3.3.6 Estetiese beskouing van die natuur

Opperman skryf dat Eybers se werk "rekening hou met voordrabaarheid" en dat die Dertigers in die algemeen "rekening hou met die mooiklinkende spreekvers" (1953.: 21).



© University of Pretoria

Hierdie voordrabare, mooi eienskappe van die vers gee onder meer uitdrukking aan die liriese spreker se estetiese waarneming van die natuur.

Talle lang “mooiklinkende” a-klanke (“Maartmaand”, “gaan”, “na”, “laat” ens.) dra by tot die langsame gang van die gedig en beklemtoon klankmatig die inhoudelike aspek van tyd, onder meer die traer verloop van die natuurlike siklus.

“(H)ierdie maand wat herfs nog somer is” word as “seisoenloos” ervaar, maar dui nietemin op ’n tyd van oorgang, ’n bepaalde tydperk wat nie sal voortduur nie, veral beklemtoon in die laaste reël. Volgens Heise steun die estetiese beskouing en ervaring van die natuur op ’n lang Westerse tradisie om skoonheid te assosieer met vervlietendheid. Volgens haar laat hierdie beskouing die vraag ontstaan of ’n estetiese waardering van die natuur die waarnemer nader aan die natuur bring of daarvan distansieer (2006).

Volgens Smith berus ’n verromantisering van die natuur in die poësie op die siening van die natuur as stemlose objek, ondergeskik aan die mens; ’n duidelike mens-natuur-skeiding, asook ’n natuur-kultuur-dualisme (2012 a). Myns insiens distansieer die spreker in die gedig haar nié van die (veranderde) natuur nie en sy beskou ook nie die natuur as ’n stemlose objek nie. Die estetiese bekouing van natuurelemente, nuut ingeburger of nie, bring die liriese spreker nader aan iets soos besinning, ’n waardering van die niemenslike en ’n waardetoevoeging tot die plek waar sy haar bevind. Al was haar tuiste vroeër die tuiste van ander – menslik of niemenslik – is sy nou gewortel in hierdie hede.

Die gedig fokus nie uitsluitlik op die kultureel of kunsmatig geskepte omgewing nie en betrek ook die groter natuur – die seisoen, lug en sterre. Dit kan ook gelees word na aanleiding van wat Clark sien as deel van ’n voortdurende en diep ingewortelde denkwyse wat die industriële gemeenskap teenstaan (of in hierdie geval, wegkeer daarvan) met idees van “natuur” en die “natuurlike” as “modes of secular redemption” (2011:13). Neil Evernden bepleit ’n “open endorsement” van die waarde van die ervaring van landskap om die heersende houding wat die verbruik van landskap as kommoditeit bevoordeel, teen te werk (1996:102). Bome, blomme, lug, sterre – dit is waardevol om oor hierdie dinge te mymer, sê Eybers se gedig.



© University of Pretoria

### 3.4 "Orlando-landskap"

Wat van ons wat woon in krotte
en dag na lange dag geruk
word deur die ritme van ’n pik,
of donker onderaards soos rotte
kap en dra en dril, met gasse
en ou lug ons pal metgesel,
met uitskei ondersoek word, afgetel,
op straat gestop word, gevisenteer vir passe?

Wat van ons, julle wat wette maak,
wat met ’n potlood, met ’n hand-
beweging op ’n kaart ons koers
neerlê, gevoelens en die land
haarfyn beplan, en bitter maak;
wat, wat van ons, jul donker broers?

Barend Toerien *Gedigte* 1947/1960 [3]

#### 3.4.1 Die omgewing in die gedig

Die sonnet se titel verwys na een van die oudste townships van die groter Soweto, Johannesburg se aangrensende woongebied vir swartes. Die myne van Johannesburg word op oënskynlik eenvoudige wyse as ’n plek van onreg gerepresenteer. Die aanbieding van plek is baie direk: die liriese spreker praat reeds in die eerste reël namens ’n "ons wat in krotte woon" en in die volgende vyf reëls word die myntonnels grafies verbeeld; die werksomgewing het ’n direkte impak op die liggaam. Daarenteen is die omgewing van die "julle" in die sestet byna heeltemal verswyg; slegs die "potlood" suggereer ’n kantoor-omgewing sonder enige aspekte wat die liggaam direk beïnvloed – die klassieke "nieplek" van Marc Augé wat volgens Buell "a neutrally engineered space" (2005: K.1708) daarmee bedoel.

#### 3.4.2 Johannesburg as tuiste en die figure in die gedig se verhouding daarmee

Die krotwonings en veral werkplekke waarin die "ons" hulle bevind, word met besonderhede en emblematies van die groter toestand voorgestel. Gevoelswaarde oor omgewing word aangedui in die keuse van beelde soos "donker", "rotte" en "krotte". In teenstelling hiermee word die burokrate slegs deur die "hand-beweging" gerepresenteer wat daaraan herinner dat hulle ook (soos die myners) liggame het, maar deurdat besonderhede oor hul werksomgewing verswyg word, word gesuggereer dat hulle letterlik ontliggaam, nie ten volle menslik nie, en gevoelloos is. Wanneer die liriese spreker sy wit landgenote as "broers" aanspreek, waar dié woord die belangrike eindposisie beklee, word

---

[3] Barend Toerien skryf in 1992 in *Beeld*: "Ekself het gedigte in hierdie trant ‘Waarom as ons 'n naturel sien lees’ en ‘Orlando-landskap’ ingestuur: Uys [Krige, lid van die redaksionele raad van *Vandag*] het hulle aangeneem vir plasing, maar sy blad het gevou voor dit kon gebeur en hulle moes wag tot 1960 vir my eerste bundel; en selfs toe wou die establishment-kritici niks hoor van ‘politiek’ in poësie nie).



© University of Pretoria

die onreg voorop gestel en die hopeloosheid van die werkers se situasie gelyktydig geïmpliseer: Die onmenslikheid van die wit base is reeds regdeur die gedig gerepresenteer.

### 3.4.3 Die stad as proses

Die begrippe "ruimtelike praktyk", "representasies van ruimte" en verteenwoordigende ruimtes" word gebruik om die verskillende maniere waarop Toerien die stad sigbaar maak, te ontleed. In 'n opstel oor Londen se stedelike poëtiese tradisie haal Gary Roberts Lefebvre aan wat drie dialekties verwante konsepte verskaf waarmee sosiale ruimtes as prosesmatige omgewing gesien kan word in teenstelling met statiese objektiwiteit:
(i) ruimtelike praktyk wat sosiale ruimte voorveronderstel en presenteer of aankondig. Dit sluit 'n verbintenis tussen daaglikse realiteit (daaglikse roetine) en stedelike realiteit (netwerke wat werk-, leef- en ontspanningsplekke aaneenskakel) in;
(ii) representasies ("representations") van ruimte wat in mindere of meerdere mate amptelike, "dominerende" konstruksies en definisies van ruimte is;
(iii) verteenwoordigende ("representational") ruimtes, wat direk beleef word deur geassosieerde beelde en simbole; die ruimte van inwoners en gebruikers (1999: 41).

Roberts verwys na "ruimtes" ("spaces") en die term word in hierdie afdeling so gebruik. Daar kan egter geargumenteer word dat die werkplek in die gedig vanweë die digte ervaringsassosiasies daaraan verbonde eerder "plek" as "ruimte" is. Roberts pas Lefebvre (wat in verwante verband ook deur Bezuidenhout (2013: 17) aangehaal word) se drie konsepte wat 'n stad se fisiese infrastruktuur en sy kulturele selfkennis aandui, aan vir stedelike ekokritiek.

Met verwysing na "Orlando-landskap" is die term "ruimtelike praktyk" nuttig om die verskillende stelle werkwoorde te beskryf. In die eerste strofe word werkwoorde gebruik wat selfs buite sintaktiese verband reeds die leefwyse van die werkers representeer: aktiewe werkwoorde: "woon", "kap en dra en dril" en in die passiewe vorm: "geruk word", "ondersoek word", "afgetel", "gestop word,"gevisenteer". In die tweede strofe is die werkwoorde slegs in die bedrywende vorm "(wette) maak", "neerlê", "beplan", "(bitter) maak".

Hierdie werkwoorde voorveronderstel, vestig en kondig saam die "representasie van stedelike ruimte" soos bepaal deur die burokrate aan. Hierdie verteenwoordiging geskied deur beelde van plek soos "onderaards", selfs "ou lug"; ook "straat".

"(K)rotte", "onderaards" en "ou lug" kan egter ook bestempel word as "verteenwoordigende ruimtes", dit wil sê, die ruimte van inwoners en gebruikers wat hierdie plekke beleef en ervaar.

In die tweede strofe vorm die beeld "met 'n potlood, met 'n hand-/beweging" ook deel van die ruimtelike praktyk wat die politiek in die sin van "die algemene beginsels wat die openbare lewe dek, waarvolgens die staat geregeer word" (Pharos 2010) voorveronderstel, vestig en aankondig. Die ruimte waar die burokrate self werk, sowel as die diagrammatiese representasie van plek, "kaart" (wat op sigself beheer of 'n begeerte om te beheer aandui) is representasies van ruimte wat ook die staat se mag verteenwoordig.

Saam representeer die twee ruimtes in die gedig die geïmpliseerde Johannesburg met sy verskillende ruimtes vir werkers en magsbepalers.



© University of Pretoria

Bezuidenhout verwys in dieselfde verband na sosiale ruimtelikheid en sê: "Volgens Kort (2004) bring sosiale ruimte die spanning tussen individue en breër samelewingstrukture na vore" (2013: 14-16).

### 3.4.4 Dimensies van plek

Susan Smith (2012 a) haal Buell se identifisering van drie dimensies van plek aan, naamlik (i) die fisiese materialiteit van die omgewing, (ii) die sosiokulturele persepsie en linguistiese konstruksie van plek en (iii) die individuele en persoonlike verwantskap met plek. Al drie hierdie dimensies kan aan die hand van Toerien se gedig geïllustreer word en al drie hou verband met die teenstelling tussen "ons" en "julle".

Eerstens is daar die opnoem van eienskappe van die plek waar "ons" woon: "in krotte" – 'n beskrywende selfstandige naamwoord met ingeboude visuele, kulturele en maatskaplike konnotasies – en waar hulle werk, die onderaardse tonnels en gasse en ou lug wat hul inasem.
Tweedens voeg die konkreetheid in die linguistiese konstruksie, veral in 'n frase soos "donker onderaards soos rotte" skokwaarde toe aan die sosiokulturele aspek van hierdie wonings en werkplek, waar mense verontmenslik word, "soos rotte". Dit herinner aan Totius se beskrywing van die "myn-graf" waar

> die mense lewendig in kruip,
> om soos erdvarke rond te sluip ("Grouwe grawe" IV).

"Erdvarke" is vars en verrassend; "rotte" meer skokkend met assosiasies van veragtelikheid.
Die gedig presenteer konkrete besonderhede van mynwerkers se omstandighede soos aan die lyf gevoel deur kinestetiese, sig- en reuksintuie. Derdens versterk die persoonlike belewenis van die werkers hierdie konkretisering van 'n abstrakte mynwese, 'n begrip wat deur ekonome, burokrate en talle lesers aan Johannesburg gekoppel word. In 'n soortgelyke verband haal Bezuidenhout Bachelard aan oor die "kennis van intimiteit" wat lokalisering verskaf: "For a knowledge of intimacy, localization in the spaces of our intimacy is more urgent than determination of dates" (2013: 16).

Hierteenoor word "julle wat wette maak" se werkplek bloot aangedui, soos genoem in 3.4.3, dat 'n potlood vasgehou word, dat daar 'n kaart is en beplanning plaasvind. Wat hierdie afwesigheid van besonderhede in die burokrate se werkplek sowel as hul verwyderheid van die werkers se werkplek betref, kan Smith se stelling genoem word: "[M]ense se fisiese verwyderdheid van plek en die wisselbaarheid van plek lei tot toenemende gebrek aan begrip vir plek en verlies aan sensititiwiteit; die impak van besluite en aksies word geëksternaliseer" (2012 a). Juis omdat die wetmakers verwyderd is van die werkers se plek, is dit vir hulle maklik om "met 'n hand-/beweging" die koers van hul "donker broers" se lewens te bepaal. Die afbreek van "hand-" aan die einde van 'n reël beklemtoon die bloukraag-witkraag-onderskeid en wedersydse afsondering van die twee groepe.

### 3.4.5 Materiële, maatskaplike, ekonomiese en ideologiese waardes: 'n ekogeregtigheidskritiese lesing



© University of Pretoria

T.V. Reed skryf oor die belangrikheid van ekogeregtigheidskritiek: "I want to suggest that it [environmental justice ecocriticism] adds a vital dimension to the important work done by Glotfelty, Sanders, and others, just as surely as the environmental justice movement adds an absolutely crucial dimension to our understanding of environmental problems and solutions. But this is not simple addition. Bringing environmental justice into environmentalism, and into ecocriticism, must lead as well to a fundamental rethinking and reworking of the entire field" (1997). Vanuit die ekogeregtigheid gelees, verkry die leser in verskeie gedigte wat in die verhandeling bespreek word 'n betekenisdimensie by wat andersins moontlik nie opgemerk sou word nie. Die kandidaat beperk haar egter, wat spesifieke verwysing na ekogeregtigheid betref, tot "Orlando-landskap" en "44".

Fanie Olivier sê van Toerien se oeuvre en hierdie gedig in die besonder: " [Dit] val [...] 'n mens tog op hoe hy van die begin af die verontmensliking van die apartheidsbestel ontbloot: in alle politieke bloemlesings verdien sy 'Orlando-landskap' uit die debuutbundel trouens wel 'n ereplek" (2006).

Vanuit die perspektief van ekogeregtigheid gelees, vorm die teenstelling tussen die leef- en werkomgewing van die swart myners en dié van burokrate 'n verteenwoordiging van die heersende Suid-Afrikaanse ideologie. Die taal is eenvoudig, asof die twee vrae waaruit die gedig bestaan deur half- of ongeskoolde werkers gestel word, maar die denke is nie eenvoudig nie. Die woord "broers" neem die belangrike eindposisie in en daarmee kry die verwantskap tussen "ons" en "julle" groter klem.

Bennett skryf in sy artikel "Manufacturing the ghetto" dat 'n stedelike ekokritiek wat sensitief is vir die verruimteliking ("spacialization") van ras in samewerking met die omgewingsgeregtigheidsbeweging moet ontwikkel (1999:170). Hy tref 'n vergelyking tussen destydse kolonies en hedendaagse (Amerikaanse) swart ghetto's, wat ooreenkomste toon met Suid-Afrikaanse townships. Hy trek verbande tussen die plek aan die een kant en die politieke mag wat oor swart gemeenskappe deur die wit gemeenskap uitgeoefen word aan die ander kant. (1999: 170-171).

Die gedig plaas wit burokrate en swart werkers in afsonderlike ruimtes wat totaal geen kontak of selfs raakpunte met mekaar het nie. Dit konkretiseer die woonplekke (vergelyk "ons wat woon in krotte"), maar veral die werksomgewing van swart mynwerkers. Hierdie woon- en werkplekke van die mynwerkers word implisiet vergelyk met die bloot gesuggereerde omgewing van burokrate. Aangesien een van die mynwerkers die liriese spreker is, is dit gepas dat geen fisiese eienskappe van die burokrate se ruimte verskaf word nie – al wat die spreker weet, is dat daar wette gemaak word, beplan word en dies meer. Hierdie verswyging is deel van die gedig se kommentaar op geïnstitusionaliseerde onreg, gepleeg deur gesiglose, verontliggaamde figure vanuit onverbeelbare en "onmenslike" plekke.

### 3.4.6 Titel

Die "-landskap" van die titel het minstens twee betekenislae. In die *Verklarende Afrikaanse woordeboek* word die eerste betekenis van "landskap" aangedui as "streek, gewes" (Pharos 2010), waarvan veral "gewes" konnotasies het van eiening van plek-identiteit of tuiste. Die tweede betekenis word aangegee as "skildery wat 'n natuurtoneel voorstel". Dié betekenis gee 'n ironiese lading aan die titel, gegewe die totale afwesigheid van sowel 'n tradisionele natuurtoneel as vista of oop uitsig in die gedig. Dit betrek



© University of Pretoria

implisiet die kyker en die oogpunt waarvandaan hy na ’n landskap of ’n skildery kyk – in hierdie geval, ’n alternatiewe oogpunt. Bezuidenhout se stelling kan in hierdie verband aangehaal word: “[D]ie eksplisiete spanning tussen die oop ruimtelikheid van landskappe en die inperking van persoonlike vryheid, kreatiwiteit en agentskap [word] soveel meer sigbaar in die konteks van geweld en politieke onderdrukking” (1913: 10).

## 3.5 “Puine”

*I: Imperialisme*

Milner se park
wilde wrak?

Jameson se saal
vuil en betaal

Kitchenerlaan
loop oor moord begaan

Empireweg
Empaaier wég

N.P. van Wyk Louw *Tristia* 1962

### 3.5.1 Die omgewing in die gedig

Van Wyk Louw gebruik plek- en straatname met sterk geskiedkundige assosiasies om twee tydperke in Johannesburg te representeer, die tyd van Britse oorheersing en die hede van 1962, die pas onafhanklike Republiek van Suid-Afrika. Johannesburg word gerepresenteer as ’n stad wat van sy oorheersers ontslae geraak het en nou met hulle kan spot.

### 3.5.2 Waardeverandering van name

Smith skryf oor die naamgewing in hierdie gedig: “Die wyse waarop sosiale en politieke waarde toegeken word aan plek, asook die spesifieke ruimtelike lokaliteit daarvan, kan nagegaan word in die gedig ‘Puine’ [...]van Van Wyk Louw waarin plek en die uitdrukking van mag deur naamgewing alreeds in 1962 aangespreek word” (2012 b).

Van Wyk Louw se satire werk met twee stelle waardes, dié van die Britse Empire, waarvan hy plek- en straatname noem, en dié van Suid-Afrika kort ná Republiekwording in 1961. Hy gebruik name wat in die tyd van Britse oorheersing toegeken is en stel dit teenoor hoe dié bakens in die hede van die gedig daar uitsien. In die proses ken hy ’n nuwe waarde aan die ou name toe en suggereer die verloop van geskiedenis en verandering van bewind.

Milner se park is vernoem na lord Milner, die Britse hoë kommissaris ná die Anglo-Boereoorlog. Die park verwys na beide ’n buurt in Johannesburg waar die Universiteit van die Witwatersrand in die 1920’s gebou is en die Milner Park-hotel-en-kroeg. Die



© University of Pretoria

universiteit het in die jare ’60 ’n negatiewe reputasie by baie ondersteuners van die regering van die dag gehad: “In 1959, the apartheid government passed the *Extension of University Education Act*, which achieved the enforcement of university apartheid. Wits protested strongly and continued to maintain a firm and consistent stand in opposition to apartheid. This marked the beginning of a period of conflict with the apartheid regime” (Wikipedia). Volgens Marc Latilla was die Milner Park-hotel “[...] always [...] a solid middle class watering hole and affordable accommodation. I recall in the 80's it was still well looked after. The guys living there 5 or 6 years ago were perhaps a little more desperate as one would expect from people living ‘long-term’ or ‘semi-permanent’ in a hotel. They spent most nights drinking in the bar...” (2014, persoonlike e-pos, 24 September).

Geen gedokumenteerde verwysing na Jameson se saal in Johannesburg kon opgespoor word nie. “Jameson Hall is most certainly reference to the old Wanderers Hall. Most of the Reform Committee where [sic] members and the grounds were used for drilling by the uitlanders preparing the Jameson invasion” (Latilla 2014, persoonlike e-pos, 24 September). Of “Jameson se saal” na die Wanderers-saal verwys of nie, Jameson is ’n bekende geskiedkundige naam wat in die 1960’s steeds by baie Afrikaners assosiasies van leedvermaak gehad het danksy die verbintenis aan die mislukte Jameson-inval oor die Nuwejaarsnaweek van 1895-96, gedurende die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek. Louw se “vuil en betaal” kan gesien word as ’n verwysing na die vervalle huidige toestand van die saal, die mislukking van die inval en die tronkstraf waarmee die deelnemers (insluitende Jameson) “betaal” het. Louw se verwysing is moontlik ook na die een of ander saal wat ná die Britse oorwinning in die Anglo-Boereoorlog gebou en na Jameson vernoem is of informeel só bekend was, maar wat intussen vervalle geraak het. Die implikasie is dat Britse oorheersing verkrummel het.

Veldmaarskalk Kitchener was ’n sleutelfiguur in die Anglo-Boereoorlog; hy was berug vir sy beleid van verskroeide aarde waarvan die konsentrasiekampe ’n deel was. “Kitchenerlaan/loop oor moord begaan” dui dus onder meer op die groot getal sterftes in die konsentrasiekampe, iets waaroor baie Afrikaners teen die jare ’60 van die vorige eeu die Britte glad nie vergewe het nie. Dit dui ook op verder op die agteruitgang van die buurt Kensington waar die straat geleë is en wat talle Britse straatname het: “Names such as Milner, Roberts and Kitchener line the streets to remind residents of a time, just after the Anglo Boer War ended in 1902, when the British were eager to put their stamp of authority on the Transvaal. Consequently, avenues, crescents and parks all bear the name of well-known British officers” (City of Johannesburg 2011). Die laaste, triomfantelike woordspel waar verwys word na een van Johannesburg se belangrikste deurpaaie, vorm die klimaks van die gedig. Die sentiment gaan saam met die algemene Afrikaner-euforie ná republiekwording.

### 3.5.3 Identiteitskepping van plek en self

Die oeroue gebruik om aanspraak te maak op ’n plek deur naamgewing kom aan die bod in hierdie gedig. Réna Pretorius verwys in haar N.P. van Wyk Louw-lesing na die “talle historiese verwysings en ontginning van historiese intertekste waaruit sy kritiese herdink van die geskiedenis blyk: enersyds as die kontinuïteit van kulture, en andersyds as die ironiese konfrontasie tussen hede en verlede”. Sy noem ook “die sterk speelse element” in die bundel (1990).



© University of Pretoria

Terwyl die speelse element voorop staan in hierdie gedig – wat dus as teks vra om nie te ernstig opgeneem te word nie – kan dit tog opgemerk word dat hierdie anti-Britse sentiment met sy "ironiese konfrontasie tussen hede en verlede" in die jare '60 ietwat bekrompe voorkom. Afrikaners het nuwer probleme gehad as die nadraai van die Anglo-Boere-oorlog ses dekades vantevore; die internasionale gemeenskap het begin met sanksies teen die apartheidsregering. Identiteit van plek en van self hou verband met mekaar.

Die weglating van 'n tweede stel name wat 'n ander groep se geskiedenis reflekteer, dui op die ideologiese ingesteldheid van die dag: daar word nie verwys na die Sotho en Tswana wat voor die koms van die Trekkers in die Witwatersrand- en spesifiek Johannesburg-omgewing gewoon het nie. Daar is reeds in die bespreking van *Trekkerswee* hierna verwys, maar bykomend hierby kan genoem word dat navorsing oor die vroeë inwoners in die jare '50 en '60 gedoen is wat aan Louw bekend kon wees. Prof. Revil Mason van die argeologiedepartement van die Universiteit van die Witwatersrand het reeds in 1948 Ystertydperk-artefakte en later tekens van ystersmeltery op die Melville-koppies ontdek. Sy werk het daartoe gelei dat die Koppies in 1963 tot 'n nasionale monument verklaar is (City of Johannesburg 2009).

As aanvaar word dat Transvaal se eerste wit kolonisasie in die middel 19de eeu deur die Trekkers was, bied die afwesigheid van Sotho- en Tswana-name in die gedig 'n blik op die heersende ideologie waarin Louw in 1962 geskryf het.

'n Postkoloniale lees van "Puine" beaam Smith se stelling: "Die proses waardeur oor plek geskryf en 'n naam aan die plek toegeken word, is deel van die proses van identiteitskepping, beide van die plek en van die self. Om plek te benoem, kan gesien word as 'n uitbreiding van die self in die omgewing" (2012 b). Louw werp 'n blik op Afrikaners se ingesteldheid teenoor hul relatief onlangse geskiedenis – die behoefte om deur spot en satire die ou, maar nie vergete nie, wond van die Anglo-Boere-oorlog te besweer, maar ontbloot ook 'n versweë, selfs on-erkende, praktyk van ouer en (met die verskyning van *Tristia* in 1962) nog voortdurende oorheersing van 'n ander bevolkingsgroep – ook 'n vorm van empire.



© University of Pretoria

### 3.6. “Stadswyk”

Hier staan die voorskootvrouens, maer of vet,
alewig in die ander tyd, of spook
wanhopig met hul besems teen die rook
en roet van treine wat die plek besmet.
’n Man sit soms met kruisbande en pet
na hy die heelnag ’n masjien moes stook:
net soos die asswart boompies klou hy
nog aan die lewe met ’n stug verset.

En langsaan rys die kerkhof, soos ’n woud
van steen die Jodedeel ... en wanneer, goud
tot as verkleur, die son oor Melville skemer,
speel kinders in die straat: hul voetbal hop
tussen die bome deur en dikwels op
die stoep van die begrafnisondernemer.

S.J. Pretorius *Die mummie en ander verse* 1963

### 3.6.1 Die omgewing in die gedig

3.6.1.1 Die voorstad

Hier is ’n geleentheid vir ’n speurtog in die kleine om vas te stel waar in Johannesburg Pretorius se sonnet geplaas is. Terwyl die voorstad Melville genoem word, is dit duidelik uit ander geografiese leidrade dat die stadswyk van die gedig êrens anders is. Waarom dit saak maak, word duidelik wanneer daar gekyk word na die maatskaplike aspekte van plek en die rol wat hierdie stadswyk speel in wat Buell translokale en selfs globale ekonomiese kragte noem (2005:63).

Vanuit die geïmpliseerde beskouingspunt van die waarnemer staan die vroue in die straat of voor hul huise, wat aandui dat die erwe klein is; boonop vee hulle self. Dis dus heel waarskynlik ’n buurt met goedkoop behuising. “Alewig in die ander tyd” is nog ’n aanduiding van die lae inkomste van die inwoners, soos wat Verenigde Nasies se Bevolkingsfonds dit indirek stel: “Gesinsbeplanning is ’n kragtige maatreël om armoede te bestry. Universele toegang tot gesinsbeplanning is egter nog nie ’n werklikheid nie – veral onder die armstes.” (“Family planning and poverty reduction” s.d., my vertaling – CC). Die “rook en roet” dui aan dat die wyk naby ’n spoorwegstasie is en verwys terselfdertyd na besoedeling van die stad, iets wat kenmerkend is van gebiede met laekostebehuising. Die man is ’n skofwerker, klaarblyklik ’n stoker. Die plek is ook langs ’n kerkhof.

Vrededorp, ’n buurt met laekoste-behuising, is die waarskynlikste kandidaat vir Pretorius se stadswyk. Dit is tussen die Brixton- en Braamfontein-begraafplaas en naby die Braamfontein-spoorwegstasie, en reeds sedert die vroeë 1890’s het arm Afrikaners daar begin woon (Brink, 2008). Op die westelike rif van Johannesburg geleë, moes dit in die 1960’s, in ’n tyd met minder hoë geboue, ’n goeie uitkykpunt gebied het om oor Melville (noordwes van en laer as Vrededorp) uit te kyk en die son te sien sak.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

3.6.1.2 Die figure in die omgewing

Die liriese spreker, ’n geïmpliseerde waarnemer op ’n fiktiewe uitkykpunt binne-in die buurt, beskryf die omgewing deur middel van die menslike figure daarin. Die “voorskootvrouens”, ’n man “met kruisbande en pet” en die kinders wat in die straat speel, dra by tot die visuele indruk van hoe die plek bewoon word. Terselfdertyd illustreer hierdie figure die “thick platial identity” van plek in teenstelling met abstrakte ruimte waarna Lawrence Buell (2005: K.1708) verwys.

Gary Roberts sê kritici van stedelike poësie moet maniere vind om omgewingsruimte (“environmental space”) ook op ander maniere te definieer as om na landskap te verwys. Só kan hulle dit vermy om idees (“notions”) van plek onwetend na aanleiding van “natural fact (and/or wish)” te konkretiseer, en hierdie ruimtes liewer na aanleiding van sosiale proses analiseer (1999:40).

Hy noem die “reading [of] textual spaces of the poetic city [waarmee hy bedoel die stad soos in die gedig gerepresenteer] not just as they are surveyed, but also, more importantly, as they are produced and used as part of […] the ‘built environment’ ” (1999:40). In ’n bespreking van Jonathan Swift se “A description of the morning”, sê hy oor die figure in die gedig: “The setting of their lives […] is something they themselves create in part out of their mundane activities”. Hierdie bedrywighede, sê hy, “make legible the urban world” (1999:40). Dit is die swanger vroue wat vee, die man wat sit en die kinders wat speel wat die plek vir die leser “leesbaar maak” of selfs produseer.

### 3.6.2 Johannesburg as tuiste

Buell se stelling oor plek-assosiasie-digtheid (“platial thickness”) kan in verband met die stadswyk as tuiste van die gedigfigure genoem word. “Ecocriticism [...] has tended to favour literary texts oriented toward comparatively local or regional levels of place-attachment” (2005: 68); ekokritiek het ook ’n “tendency to priviledge experiences of platial thickness” (2005:71).

Volgens Buell word plek as fisiese omgewing, sy dit hoofsaaklik gebou of natuurlik, gelyktydig deur subjektiewe waarneming as deur geïnstitusionaliseerde sosiale ordening gekonstitueer (2005:71). Die liriese spreker in “Stadswyk” verskaf sowel geografiese inligting oor die plek as bykomende inligting oor die sosiale omstandighede en lewens van die inwoners deur wat hulle doen en hul gevoelens daaroor te beskryf. Saam verskaf hierdie inligting plek-assosiasie-digtheid.

### 3.6.3 Die figure in die gedig se verhouding met die omgewing

Die figure in die gedig is kennelik verbonde aan die plek waar hulle hul bevind. Merleau-Ponty se stelling is van toepassing: “To be a body, is to be tied to a certain world” (Merleau-Ponty, aangehaal in Buell 2005:65). Dit is juis hierdie plek-verbondenheid of selfs -gebondenheid (eerder as ’n vrylik gekose verbintenis) wat die rede is vir die



© University of Pretoria

onvergenoegdheid van die figure van volwassenes in die gedig. Hul werkersklas-stand en armoede laat hulle geen keuse nie – die vrouens vee "wanhopig", die stoker "klou [...]aan die lewe met 'n stug verset", en die wending in die sestet van die sonnet suggereer dat al wat hierdie inwoners en hul kinders het om na uit te sien, die dood is.

Só 'n lesing word bevestig deur Van Rensburg se stelling dat S.J. Pretorius die "eensame, versukkelde stadsafrikaner" as tematiese stof gebruik (1986: 7). Sy sê verder dat dit deel vorm van 'n "oorheersende negatiewe ingesteldheid teenoor Johannesburg" in die Afrikaanse poësie (1986:40).

### 3.6.4 Materiële, maatskaplike toestande en ekonomiese kragte

Buell sê voorts oor "plek" wat hy teenoor "ruimte" sowel as "nieplekke" – Marc Augé se term vir kantore, inkopiesentrums, klubs, vervoerinfrastruktuur en dies meer – stel: "One cannot theorize scrupulously about place without confronting its fragility, including the question of whether 'place' as traditionally understood means anything anymore at a time when fewer and fewer of the world's population live out their lives in locations that are not shaped to a great extent by translocal – ultimately global – forces. (2005: 62-3). Die stelling kan aan die hand van hierdie gedig geïllustreer word.

In die hede van die gedig is die "translokale kragte" wat die aard van hierdie plek bepaal, reeds gevestig. Die spoorweë en sy infrastruktuur is noodsaaklik vir die uitvoer van Johannesburg se goud; hiermee saam gaan rook en roet "wat die plek besmet" asook werkverskaffing: veeleisende, laag besoldigde hande-arbeid. Terselfdertyd bring hierdie kragte onkeerbare verandering. Terwyl die man in die gedig geen ander toekoms kan sien as 'n lewe wat onveranderd sal voortduur met geen ander vooruitsig as die dood nie, is die materialiteit van die plek wat uitgebeeld word, om Buell se woord te gebruik, fragiel.

Die gemeenskap in hierdie stadswyk waar vroue mekaar kan sien terwyl hulle werk en mekaar ken, en waar kinders in die straat speel, het 50 jaar later, met die skryf van hierdie verhandeling, bykans verdwyn. In die plek daarvan is 'n ál groter wordende anonimiteit, kenmerkend van 'n groeiende stad. Buell se "translokale en uiteindelik globale kragte" stu voort.

### 3.6.5 Die natuur in die stadswyk

Pretorius maak drie maal melding van die natuurelement bome: eerstens is daar die voorstedelike, "asswart boompies" waarvan die groei (waarskynlik) deur die roet van treine belemmer word, dan die "woud van steen"; 'n ironiese gebruik van 'n natuurelement wat verwys na 'n begraafplaas waar daar geen lewe en groei meer is nie en laastens die bome waartussen die kinders met hul bal speel. Die jukstaposisie van kinders wat tussen die swart boompies speel en begraafplaas, en hul bal wat op die stoep van die begrafnisondernemer hop, verwys terug na die uitsigloosheid van die werker. Die gevoelswaarde wat aan die bome in die gedig gekoppel word, is van die elemente wat die persoonlike verwantskap met die plek aandui en dit só onderskei van 'n abstrakte ruimte.



© University of Pretoria

### 3.7 "Wat mis jy nie"

ag lautrec wat mis jy nie
vandag in hillbrow nie
of glimlag jy soos ek
vir die dame
met dofpers hare
en verwagtende knieë
haar neus
is so skilderagtig krom
loer jy soos ek
na die man
met die glinsterpienk naels
en ronde boude
sy adamsappel
is so aanloklik groot
staar jy soos ek
na die mense
met nuuskierige nekke
wat om die rooiblom meisie
sonder vlerke
op die sypaadjie reg
onder highpoint drom

Rosa Keet *Hystera* 1974

#### 3.7.1 Plek in die gedig

Die enigste verwysings na plek is "hillbrow", "op die sypaadjie" en "highpoint". Dit is die figure wat deur die liriese spreker waargeneem word, hoe hulle lyk en beskryf word en hoe hulle in die slot van die gedig optree wat die aard van die omgewing aandui en digte plek-assosiasies verskaf.

#### 3.7.2 Representasie van Johannesburg as tuiste

Die liriese spreker van "Wat mis jy nie" beskryf 'n toneel asof dit 'n skildery of spektakel is.
Daarby is die informele aanspreek van die skilder (Henri de Toulouse-) Lautrec deel van die representasie van die gedig-omgewing.

Toulouse-Lautrec (1864-1901) was by uitstek 'n skilder van Parys se stadslewe en die soms dekadente teaterlewe van die laat 1800's. Volgens die webwerf van die Toulouse-Lautrec-stigting word hy as een van die grootste skilders van die Post-Impressionistiese periode beskou. Hy was 'n gereelde besoeker aan nagklubs, veral die Moulin Rouge waar daar ná sy reeks plakkate van vertonings 'n permanente sitplek vir hom gehou is. "He was masterly at capturing crowd scenes in which the figures are highly individualised. [...] His treatment of his subject matter, whether as portraits, scenes of Parisian night-life, or intimate studies, has been described as both sympathetic and dispassionate" (Toulouse-Lautrec Foundation).



© University of Pretoria

Een van sy bekendste skilderye, *Au Moulin Rouge*, word só beskryf in *A history of art*: "Toulouse-Lautrec sien deur die vrolike oppervlak van die toneel, hy kyk na [die figure] met 'n genadelose skerp oog vir hul karakter […] (H)y wys hier 'n atmosfeer so vreugdeloos en neerdrukkend dat ons nie anders kan as om dit as 'n plek van onheil te beskou nie" (Janson, 1962:513, my vertaling –CC).

Die spreker betrek Toulouse-Lautrec by haar blik op Hillbrow direk ("glimlag jy soos ek", "loer jy soos ek", "staar jy soos ek"; ook in die titel, "Wat mis jy nie") en ook indirek deur in te skakel by dié skilder se bekende gebruik van helder kleure met kleurverwysings ("dofpers", "glinsterpienk" en "rooiblom"). Hiermee word 'n sekere spektrum Lautrec-agtige figure geïmpliseer: op die oog af kleurvol, interessant of eksentriek, maar met die suggestie dat daar iets minder positief onder die oppervlak is. Hiermee saam word die aard van die liriese spreker se beskouing ontbloot – dit is gelyktydig "dispassionate", 'n onpartydige, rasionele waarneem, en "sympathethic", 'n kyk verby die oppervlak. In *Au Moulin Rouge* word vreugdeloosheid en neerdrukkendheid gesuggereer; in hierdie gedig word die indruk van leegheid of oppervlakkigheid geskep. Wanneer die mense saamdrom om die meisie wat na haar dood gespring het, is daar slegs nuuskierigheid. Die tragedie word aangebied as skouspel wat skynbaar emosieloos deur die figure en die spreker bekyk word.

Op hierdie manier word Hillbrow, gesteun deur visuele implikasie en die verwysing na die skilder, gerepresenteer as 'n plek waar mense – hul kleurvolle, interessante voorkoms ten spyt – van diepte of menslikheid ontneem is. Hier is, soos deur die titel gesuggereer, 'n tragiese gemis.

### 3.7.3 Die figure in die gedig se verhouding met die omgewing

Volgens Serpil Oppermann is stedelike ekokritiek geïnteresseerd in hoe die ontwrigting van die omgewing deur verstedeliking "the conception of place and human imagination" verander. Sy sê dat menslike verbintenis aan of bande met plek gevolglik 'n kwessie word nie van *behoort in* 'n omgewing nie, maar van ekonomiese belange gedomineer deur sosio-ekonomiese en politieke instellings (2011). In "Wat mis jy nie" suggereer sowel die liriese spreker se onbewoë beskrywing van die "spektakel" as die figure in die gedig se reaksie op die meisie wat selfmoord pleeg, dat nóg die spreker nóg die figure 'n gevoel van "behoort" by hierdie plek het, ook dat daar geen gevoel van gemeenskap bestaan nie. Die inwoners van Hillbrow woon hier omdat dit bekostigbare behuising bied; die besoekers kom om vir 'n rukkie die interessantheid van die plek te beleef voordat hulle weer vertrek.

### 3.7.4 Psigo-ekokritiese aspek

3.7.4.1 Die effek van die afwesigheid van die natuur

"Psychology has long ignored nature in its theories of the human mind. A handful of contemporary psychologists, however, are exploring the linkages between environmental conditions and mental health, some regarding the modern estrangement from nature as the basis of our social and psychological ills" (Glotfelty 1996: xxi). In Keet se gedig word die skakel tussen omgewingstoestande en geestesgesondheid uitgebeeld.

Die historikus Theodore Roszak wys gebreke uit in die benadering van omgewingsaktiviste (wat mense na hul saak wil oorhaal) sowel as moderne sielkundiges se



© University of Pretoria

beskouing van menslike motivering en sê die alternatief is om die skakel van erbarming wat tussen mens en aarde bestaan te vind (1992: 39). In die gedig suggereer die beeld van ’n eksotiese voël in “die rooiblom meisie / sonder vlerke” ’n skakel met die (afwesige) natuur en die gedig as geheel toon juis die sonderlinge afwesigheid van erbarming tussen die figure.

3.7.4.2 Vereensaming in die stad

Die vereensamende effek van ’n groot stad is wyd gedokumenteer. ’n Studie in Vancouver, Kanada, het getoon van die bydraende faktore tot ’n “lack of connection” is “dense high-rise apartment life-styles, our fast-paced modern society, and citizens’ general lack of interest in getting to know one another” (Carras, 2013) en in ’n opname in 2012 deur die BBC het 33% van Londen se inwoners gesê hulle voel dikwels of altyd eensaam, met hierdie syfer 38% in die binnestad, hoër as in die buitestreke. Marjorie Wallace van die geestesgesondheids-organisasie Sane sê dit is nie ’n groot stap van gedurig eensaam voel na kliniese depressie nie (BBC, 2012). Die hoëdigtheidsbuurt Hillbrow kan vergelyk word met die binnestede van Vancouver en Londen en daar kan aangeneem word dat soortgelyke syfers hier van toepassing is. Volgens die BBC-opname gaan die toename aan eensaamheid gepaard met ’n afwesigheid van ’n gevoel van saamhorigheid.

Keet suggereer deur haar opnoem van sketsmatige, onvoltooide dele van figure (vergelyk “die dame / met dofpers hare / en verwagtende knieë / haar neus / is so skilderagtig krom” en “die man / met die glinsterpienk naels / en ronde boude /sy adamsappel / is so aanloklik groot” die “onvolledigheid” – verontmensliking – van mense in Hillbrow. Dit is veral in die klimaks van die gedig waar die selfmoord en die reaksie daarop hierdie suggestie verstewig.

3.7.4.3 Die stedelike kultuur

Roszak ondersoek die grondoorsake van die effek wat stede op mense het. Hy argumenteer dat, in geologiese tydverloop gesien, dit slegs in die laaste fraksie tyd is dat stede en daarna industriële stede ontstaan het, besoedeling oor die planeet heen versprei het en mense in hul miljoene na stede begin stroom het. “What we experience in our time in a thousand forms of discomfort, unsightliness, disease, originates in this sudden, spreading rash of industrial cities.” Hierdie “rash” noem hy “City Pox” (1992: 216-17).

Hy voeg by dat industrialisasie stedelinge se vervreemding van die natuur stewiger gevestig het. Dit het die stedelike kultuur se “psigotiese gewoontes” meer solied geïnstitusionaliseer en gerasionaliseer. Hy noem van die emosionele siektetoestande wat sielkundiges gereeld sien en die pasiënte wat hulle probeer behandel: “mense byna histeries, mense belas met depressie wat na selfmoord neig, mense wat ly aan hallusinasies, mense wat katatonies geword het, mense wat afskuwelike nagmerries kry, mense wat na wanhoop gedryf word deur paranoïese waanindrukke” (1992: 219-221, my vertaling – CC).

Volgens Roszak is ons “omgewingspredikament” meer as die feite en syfers van rampe, bedreiging en naderende ondergang wat daagliks in die nuus is – “more personal, more threatening, more radical. It may well be that more and more of what people bring before doctors and therapists for treatment – agonies of body and spirit – are symptoms of the biospheric emergency registering at the most intimate level of life. [...] If we could still



© University of Pretoria

accept the imagery of a Mother Earth, we might say that the planet's umbilical cord links us at the root of the unconscious mind" (1992: 308).

Roszak se idees loop te wyd om dit ten opsigte van hierdie gedig kortliks te bespreek. Keet laat die leser agter met die minimum inligting oor die "rooiblom meisie / sonder vlerke", maar slaag daarin om met hierdie minimalistiese gegewe "agony of spirit" en isolasie te suggereer.

### 3.7.5 Natuur in die gedig

Die enigste niemenslike element waarna verwys word, boonop indirek, is 'n voël, in die "sonder vlerke" in die derde laaste reël. Nietemin herinner die "dofpers hare", skilderagtige krom neus, "glinsterpienk naels" "ronde boude" en adamsappel "aanloklik groot" (wat suggereer dat dit iets is om te eet, in 'n plek waar alles mekaar eet) eerder aan eksotiese diere of voëls as aan mense. Hierdie byna surrealistiese verwysings is ironies, aangesien hier geen "natuur" teenwoordig is nie, slegs betonoerwoud, met sy reputasie van verontmensliking.

Lee Rozelle verwys in haar bespreking van die werk van T.S. Eliot, Nathanael West en William Carlos Williams na "a central aspect of modernity [as] the reduction of nature to its visual image" en meen dat hierdie skrywers se werk die "foreboding notion" suggereer dat tegnologiese en stedelike ontwikkeling "might well erode both nature and community" en dat hulle reageer op die spirituele gebreke van stedelike ruimte.  Sy voeg by dat hierdie drie skrywers se werk 'n sleutel is tot huidige ekokritiek omdat hulle 'n etos van onvolhoubaarheid aandui wat die stedeling diskonnekteer van die "pleasures and responsibilities of place" (2002). Hierdie diskonneksie wat gesuggereer word in die gedigfigure se visuele verwantskap met diere, maar in 'n plek waar geen natuur is nie, kan ook gesien word as deel van Keet se representasie van geestelike en spirituele gebrek.

## 3.8 "44"

Intrede van die groot kalmte. En tog
lê wis en onwis soos lig en skadu.

'n Maan met hokhoes in sy laaste kwartier
blaf so bleek oor township en buurt,
oor die hunkerende staar van ogiesdraad,
oor onrus se hand oor 'n muur van beton.

Skadu gelyk aan gelyke lig.

Geluide sit gevang in eie afstand.
Sit vas in verwarde takke geluide.
'n Skilderkopnag van lig en skadu
lê en blêr in die dreun van masjiene.



© University of Pretoria

Die konsternasie van geweld en geboorte
gaan skreeuend heen soos heengaan.
Tjank afgetrap. Die maan is dol.

Hiëraties hou die dood die lewe,
embrio, die skaam een, in ’n emulsie
van spikkels lig en skurende stilte.
Hy wag om te kom, die maangeborene,
die opgekrulde kind met name skrik,
met name hongersnood en skraal ontbering,
met dief die pa en bedel die ma
kom hy, die droë hongerkind met sy groot
groot oë en lang lang bene en treë
die strate af in lig van lamppaal knoetserig
sigbaar, kind wat langsaam tree, die kind.

Hoe lig die lig en doods die rumoer.

’n Slapende stad is skoon asem.
In die asem sluimer gewoonlik geheue.
Daarin word mens wakker en leef binne
’n dag, ’n kol omring deur nag,
van vooraf aan weer oor. Nimmereindigend.

Nimmereindigend die gesnak en geknutsel,
hand-op-die-blaas omhelsing van welvaart.
Hier is ’n stelsel wat roep om kundige
ingeklankte applous, daarmee gepaardgaande
die bekronings van eie prestasie. Hau!

Wat bly oor van kinders as hul durf
hokgeslaan, as hul in memoriams?
Die slap jong lote, wat bly oor?
Hot en bles word gebie vir ons kinders.
Op die windstrekewisselaar hoeveel singel
af na ’n afrit van ’n vergesig?

Wat bly oor van die gebulder van die kleinburger
as hy die oormaat aan bedrog van sy droom onthou?
Hy is skuimrubber wat bulder, die kleinburger.
Hy ontbind nie in goddelike verrotting nie,
hy verbrokkel tot vlokke van ’n vulliswind,
waai tot ver in die veld, teen dorings vas
waar die borsviool van die wind herinnering speel,
waar slaapstasies snork en psalmpompies kreun,
die bekfluitjies lig van treintjies subiet
gedomp daar waar afstand sy arms
vou, en afgetrokke staan kyk.

Die nag maak sy een oog oop soos ’n uil.



© University of Pretoria

’n Kind se asemhaling is soet onvermoede
van roggel en skop, die kind met motte
lieftallig plat op die ooglede,
wakend aldus oor sy wisseling van wense,
waarmerk en waarmerk van onskuld
hierdie verlorenes tussen grys en goud,
hierdies van die tussenlig. Ou hipofise
verrig versteek sy werk, bemoeisieke
maaier onder die harsings se tweelinglobbe
tweeling-glibberig-apart; en talryke
roerlose slakke in die holtetjies van wees
skei hulle inmenging af, slu,
slymerig, na binne gekeer en bot.

So, ou patroon, wat kan jy daarvoor,
jy met varkmasels van drifte in die vlees,
dat jy wil opsnork eendag se eendag,
en wil hoog opgee met stories lank
en wil opskiet tot ’n boom van wins,
breed en fors van vertakte belange?
G’n wonder die dae trek hul veelkleurig
aan om suf versaagdheid te oorrompel.
G’n wonder die nagte vergaan in geluide,
ontplof stroboskobies in disko’s van opstand.
Insypelend, deurentyd, dienswillig die bydrae
van klier en gier vir die leef om te sterf.
Deurentyd dra die kind die dood saam
en soek ’n graf, en soek, en vind die klip,
die klip hy lê, hy lê die wêreld vol,
nou gôi die kind die klip. Hy gôi.

Kyk, die kind is die dood wat kom, hy kry
sertifikate bymekaar en rus hom toe
om lewe te verower ter wille van die dood.
Kyk, die kind met die kratergesig byt
sy naels tot op die lewe, die kind
in luiers trappelend dood en geweld,
en listig groeiend tot gemelike oudag.

Waar ek oor stiltes wou praat… was dit
die uil? Waar ek als anders wou
Stel, oor singende skadu’s wou praat.

Die wind het ook sy skadu. Hy sleep dit
vlug saam, ylings. Dit raak ons skaars.
Dit vertrek steeds, soos te merk is aan takke,
takke van T.V.-antennas, lamppaaltakke;
die skadu, die sku onderkant van die wind,
het lankal gee pad, het sag soos hare



© University of Pretoria

oor iemand se gesig geveeg en 'n trek
nagelaat van innige ontsteltenis.

Waar ek oor lig wou praat en skadu
en die kalmte nou. Die skadu's klink
soos tinktinkies, baie klein.
Die tinktinkies skuil in die skadu's,
klein, baie klein. En dit is
groot gejuig, is groot gejuig wat klink.
Aanstons gaan 'n wêreld ondanks
begin en ondanks die voortsetting
uitmekaar spat in lig en lied,
o hart van bloeiende klank, en jy,
aarde, met die maanhaar van lig,
hou jou spokende maan agter jou.

Wilma Stockenström *Monsterverse* 1984

Hoewel daar geen direkte verwysing na Johannesburg in hierdie gedig is nie, sluit die samesteller Fanie Olivier dit by die bundel *Goudaar: gedigte oor Johannesburg* in. Stockenström skryf gedigte met 'n universele strekking, maar in "44" kom bedekte verwysings na 'n mynstad voor in die "hokhoes" wat gelees kan word as 'n verwysing na tering, 'n bekende siekte van myners en "dreun van masjiene" wat veral gehoor word deur arm gemeenskappe wat naby aan 'n myn woon. Daar is 'n moontlike verwysing na die Soweto-opstand van 1976, toe skoolkinders klippe na gewapende polisie gegooi het in die reëls "die klip hy lê, hy lê die wêreld vol, nou gôi die kind die klip. Hy gôi". Die gedig toon deur die uitbeelding van die omgewingsmatigheid van die township – ten opsigte van lewensgehalte, sosiale euwels en die gebrek aan 'n toekomsvisie van die inwoners – die uitwerking van sosio-politieke besluite op die lewens van individue. Hierdie bespreking vanuit 'n ekogeregtigheidsoogpunt dui aan dat só 'n benadering minstens een vlak van betekenis kan belig. Vanweë die digtheid van Stockenström se werk en haar ryk beelde wat in soveel rigtings heenwys, is dit onmoontlik om hierdie enkele betekenisvlak af te sonder van ander vlakke van betekenis.

### 3.8.1 Die omgewing in die gedig

Van die tweede strofe af word die omgewing betrek:

> 'n Maan met hokhoes in sy laaste kwartier
> blaf so bleek oor township en buurt

en met hierdie afbakening van "township" aan die een kant en "buurt" aan die ander kant begin Stockenström se politieke kommentaar.

Elize Botha sê in 'n TV-onderhoud: "Die landskappe in haar verse en dit veral in *Monsterverse* ook, lyk byna soos ná die apokalips as't ware [...] daar is 'n gebrek aan plantegroei, 'n gebrek aan koestering en knusheid [...] dit is onherbergsaam" (1985). Tog verskaf Stockenström 'n klompie topografiese eienskappe. Sy beeld 'n teenstelling tussen township en buurt uit deur onder meer fisiese omgewingselemente van die township te



© University of Pretoria

noem, maar soortgelyke omgewingselemente te verswyg oor die "kleinburger" se buurt. In die township is "ogiesdraad", "muur van beton" en "dreun van masjiene", verder word die aard van die omgewing opgeroep deur aspekte van lewensomstandighede vergelyk "konsternasie van geweld en geboorte" en

> die opgekrulde kind met name skrik,
> met name hongernood en skraal ontbering,
> met dief die pa en bedel die ma

en later: "hierdie verlorenes tussen grys en goud / hierdies van die tussenlig".

Op een vlak dui hierdie aangehaalde reëls op mense wat nie baat vind by die goud van Johannesburg nie; op 'n belangriker, of eerste vlak van betekenis, kan gesê word dat die "verlorenes" verwys na alle kinders wat nog nie die "roggel en skop" van bestaan vermoed nie.

Wat die "kleinburger"-buurt betref, word slegs karaktertrekke van die inwoners genoem, soos die kleinburger wat "skuimrubber wat bulder" is, of gebruike van die inwoners daarvan, soos in die "hand-op-die-blaas omhelsing van welvaart" – wat tweeledig verwys na die inwoners van die buurt se voorliefde vir al wat welvarend is sowel as die township wat reg langs die ryk buurt geleë is.

### 3.8.2 Johannesburg as tuiste

Johannesburg word gerepresenteer as 'n plek met twee soorte omgewings: buurt en township. Die lewensomstandighede wat in die township heers, word deur middel van besonderhede voorgestel en staan sentraal aan die politieke en sosiale kommentaar. Inligting oor die township as tuiste word grootliks deur middel van haglike sosiale toestande en armoede aangedui, terwyl min oor die buurt gesê word.

Die ekonomiese en maatskaplike stelsel en sy magstrukture wat 'n spesifieke rassegroep tot die omgewing van die township beperk, word gekritiseer deur die voorstelling van die magshebbers:

> Hier is 'n stelsel wat roep om kundige
> ingeklankte applous, daarmee gepaardgaande
> die bekronings van eie prestasie. Hau!

Die generiese inheemsetaal-uitroep "Hau!" bring weer die teenstelling tussen (wit) welvaart en (swart) armoede na vore.

### 3.8.3 Die figure in die gedig in hul omgewing

Die reëls

> Op die windstrekewisselaar hoeveel singel
> af na 'n afrit van 'n vergesig?

is tekenend van hoe min die "jong lote" wat in die township woon daar wíl bly. In die beeld van 'n lewenspad wat deur 'n snelweg met wisselaar of kruising voorgestel word,



© University of Pretoria

word aangedui hoe min kans hulle het om daar weg te kom en na ’n “vergesig” weg te draai.

Terwyl hier geen karaktervorming ter sprake is nie en buiten die suggestie in die reëls hierbo geen figure is wat die een of ander gevoel teenoor hul omgewing het nie, word deurlopend ’n beeld van ’n kind se tipiese lewe in ’n township-omgewing gebruik. Hier is nie soseer ’n verwantskap met die omgewing nie, as ’n representasie van mens-in-omgewing. Evernden se argument dat die mens nie as ’n diskrete entiteit en nie buite sy konteks kan bestaan nie (1996: 95), is hier relevant: “[W]e must deal with the individual-in-environment” (1996: 97) en ook: “There is no such thing as an individual, only an individual-in-context, individual as a component of place, defined by place” (1996: 103). “Alle menslike ondervinding begin by plek,” stel Smith dit (2012b).

Stockenström se beeld van die kind loop deur van “embrio”, “die opgekrulde kind” wat selfs voor geboorte die “name skrik/ name hongersnood en skraal ontbering” het, tot waar hy “met sy groot/groot oë en lang lang bene” tree, dan begin ontwikkel en potensiaal toon, vergelyk:

> Wat bly oor van kinders as hul durf
> hokgeslaan, as hul in memoriams?
> […]
> Op die windstrekewisselaar hoeveel singel
> af na ’n afrit van ’n vergesig?

Later kom die voorspelling van wat hy te wagte kan wees in die lewe:

> ’n Kind se asemhaling is soet onvermoede
> van roggel en skop

en nog later suggereer die kind-beeld (onder meer) opstand:

> Deurentyd dra die kind die dood saam
> en soek ’n graf, en soek, en vind die klip,
> […]
> nou gôi die kind die klip. Hy gôi.

Hierdie opstand-beeld aktiveer terugwerkend die metafoor van die kind in die reëls

> Hy wag om te kom, die maangeborene,
> die opgekrulde kind met name skrik,
> met name hongersnood en skraal ontbering [.]

Dié reëls kan nou ook gelees word as ’n voorspelling van opstand. Dieselfde omstandighede waarbinne die kind gebore word – sy omgewing – gee dus ook geboorte aan opstand. As ’n mens kan praat van ’n verhouding met sy omgewing, is dit een van uitgelewerdheid en weerstand.

Op ’n ander vlak as die ekokritiese moet bygevoeg word dat Stockenström “kind” ook aan dood gelykstel, vergelyk die reël “Kyk, die kind is die dood wat kom”. Hierdie gelykstelling betrek ’n groter universaliteit en verwys só na die mens of individu in die



© University of Pretoria

algemeen. Dit word versterk deur die sinspeling op Leipoldt se "Sekretarisvoël", en volgens Kannemeyer bevestig dié verwysing na Leipoldt sy (Kannemeyer se) lesing dat die kind wesentlik ontuis in hierdie wêreld gebore word (1988: 25) vergelyk

> die droë hongerkind met sy groot
> groot oë en lang lang bene

en Leipoldt se reëls:

> Sekretarisvoël met jou lange bene,
> Met jou vaalgrys vere en lang, lang lyf,
> Met jou groot, groot oë, wat maak jy hier?

### 3.8.4 Materiële, maatskaplike, ekonomiese en ideologiese waardes in die gedig: ekogeregtigheidskritiek

Omstandighede in die township toon die effek van sosio-politieke besluite en die uitvoer daarvan. In hierdie verband kan Bezuidenhout se stelling genoem word dat hoewel "ruimtelikheid enige literêre teks implisiet begrond", die "eksplisiete spanning tussen die oop ruimtelikheid van landskappe en die inperking van persoonlike vryheid, kreatiwiteit en agentskap soveel meer sigbaar [word] in die konteks van geweld en politieke onderdrukking" (2013: 10).

In aansluiting hierby kan verwys word na ’n onderhoud wat Michael Bennett met Andrew Ross voer, waar Ross die vraag vra of ’n "groen uitkyk op urbanisme nie aandag moet gee aan onder meer die herverdeling van rykdom, *de facto*-rassesegregasie, beskerming van dienste en onderrig, hervorming van politieke besluitneming op stads- en staatsvlak nie." Hy maak die stelling dat tensy daar aandag gegee word aan hierdie sosiale aspekte, dit onmoontlik is om die effek op die werklike omgewing te begryp (Ross en Bennett, 1999: 18, my vertaling).

Dit is juis hierdie sosiale aspekte, die gevolg van "politieke besluitneming op stads- en staatsvlak", wat in die gedig uitgelig word. Smith voer aan: "Plek is in essensie onlosmaaklik verbind met klas en ras en gender. Dit behoort te lei tot historiese selfbegrip – hoe daar in die verlede met plek omgegaan is, hoe gewelddadige strukture van mag en onderdrukking en verskuiwing plek beïnvloed het en hoe daar in die hede met plek omgegaan behoort te word" (2013).

Bennett se mening oor die Amerikaanse "ghetto's" in stede is grotendeels ook van toepassing op Suid-Afrika se townships: "[T]he ghetto may be interpreted as the 'Third World within', a space existing in the same economic relationship to the surrounding white city as does the colony to the metropolis" (Cater en Jones aangehaal in Bennett, 1999:170). Hy voeg by: "By building physical decay, crime, and social disorder into the residential structure of black communities, segregation creates a harsh and extremely disadvantaged environment to which ghetto blacks must adapt (1999: 172).

Bellarsi noem ’n soortgelyke fokus by omgewingsgeregtigheid-ekokritiek wanneer sy dit stel dat hiërargiese verskille in die maatskappy die aard van omgewingsprobleme beïnvloed, aangesien nie alle klasse en etniese groepe "are equal before environmental pollution" nie. "Indeed, worldwide, society's neglect of the poor and ethnic minorities is



© University of Pretoria

usually made manifest in their predictable relegation to enclaves characterized by toxic or low-quality environments” (2008).

Deur na die elemente wat die aard van die omgewing aandui te kyk, kry die leser reeds ’n indruk van Stockenström se kommentaar oor die rassesituasie. Die “(m)aan met hokhoes” (’n aansteeklike hondesiekte wat veral voorkom waar honde saam in hokke aangehou word) verwys (onder meer) na die mense-siektes wat in beknopte, oorvol en onhigiëniese toestande soos in townships aangetref word. Die ogiesdraad wat “hunkerend” “staar”, dui op die gebrek in die township, waar na die “buurt” met sy voordele en voorregte asook ’n beter lewe gehunker word. Die “muur van beton” is sowel topografiese beskrywing as ’n beeld vir die ongenaakbare skeiding tussen “township en buurt” en “onrus se hand” vorm ’n teenstelling met “die groot kalmte” van die eerste reël en is ook die eerste suggestie van opstand.

“44” verwys na Ingrid Jonker se “Die kind wat doodgeskiet is deur soldate by Nyanga” (1960) deur talle herhalings van die woord “kind”; vergelyk ook die betekenisomkeer van Jonker se “Die kind is nie dood nie” en Stockenström se “die kind is die dood”; Jonker se “die kind wat ’n reus geword het reis deur die hele wêreld” teenoor Stockenstrom se “kom hy, die droë hongerkind met sy groot / groot oë en lang lang bene en tree / die strate af [...] kind wat langsaam tree, die kind”. Dit versterk die gedig se politieke inhoud, wat as ’n soort gesuggereerde leitmotief daardeur loop. Réna Pretorius sê van die bundel *Monsterverse* in sy geheel: “[Stockenström] lê opnuut die monsters in ons rassesituasie bloot” (1988:31).

Stockenström se representasie van die township deur omgewingselemente, beelde van siekte (“hokhoes”, “blaf so bleek”); en van swaarkry (“hongersnood en skraal ontbering”) toon verder die onreg wat perpetueer word (“Nimmereindigend. // Nimmereindigend”).

Op ’n ander vlak van betekenis praat die digter hier ook oor die bestaan van die mens en die “nimmereindigende” siklus van lewe en dood, en verwys sy met “die kind is die dood” na die antifoon “media vita in morte sumus”.

Die digter suggereer verder dat die township-lewe (en daarmee saam die klassifikasie as ’n tweedeklasburger in Suid-Afrika) ’n demper op natuurlike ambisie en lewensdrif plaas. Sy verwys na die hipofise (die pituïtêre klier in die skedelbasis wat talle hormone afskei en ook ander endokriene kliere beheer, dit word informeel ook die “meesterklier” genoem) (Martini 2001: 578-9) en spreek die klier aan:

> So, ou patroon, wat kan jy daarvoor,
> jy met varkmasels van drifte in die vlees,
> dat jy wil opsnork eendag se eendag,
> en wil hoog opgee met stories lank
> en wil opskiet tot ’n boom van wins,
> breed en fors met vertakte belange?
> G’n wonder die dae trek hul veelkleurig
> aan om suf versaagdheid te oorrompel.
> G’n wonder die nagte vergaan in geluide,
> ontplof stroboskopies in disko’s van opstand.



© University of Pretoria

Die toon is byna sarkasties, en impliseer dat die “hoog opgee” tevergeefs is, maar die strofe verwys ook terugwerkend na die droewige

> Wat bly oor van kinders as hul durf
> hokgeslaan, as hul in memoriams?

’n Ekokritiese lesing bied één ingang na Stockenström se ryk, veelvlakkige gedig.



© University of Pretoria

### 3.9 "Bakens op pad na jou"

Bakens op pad na jou:
terug lê die blou, koel karteling van berg
Lalapanzi     'n laaste koelte voor die koppe
met dwase en gekke
se name skril op klippe en rotse
Pietersburg     half stad meer dorp
skielik hoekig en blink 'n stuk Vrystaat
later oorval deur bos
Ysterberg Potties Moorddrif
moordbome
in 'n ysterhok

naby Naboom 'n skaalbreekerbul
teen 'n muur geplak     'n plat rondawel
die dorp met sy veertig kafees en verder niks
tot by Nylstroom
met Tafelberg so sonder sy see
soos ek sonder jou sonder son die skemer
by Warmbad se brug se vyf palms
wat alles onthou en blou-ôl sê
oor jou oor waar jy is

verder het dit nag geword
verder lê Pretoria     opgetofde lokvrou
onder straatlamplig
langs die pad na jou     en na jóú
Joeys

op hoop se laaste spoor
in jou aangekom
en gevind dat jy ook slagveld is
ek het bleekblouerige dae
in hulle winterkwartiere aangetref
in koue swart loopgrawe
waar gifgas aan hulle oë vreet
jou nagte deurboor sien word
met rillende pyle en patrone
afgevuur uit vensters
uit kokers op mure en rûe
en deur sluipskutters en vlamwerpers
op die hoogste dakke

ek het jou mense laggend
deur plasse pers en groen
en geel bloed sien loop
is self met bloednat voete
die hortende nag in



© University of Pretoria

bo die gejil van sirenes
het ek ’n vrou hoor lag soos brekende glas
’n man se hart hoor skeur in sy keel
is verder soos ander
met bloedbelope ore
die roggelende nag in tot in ’n park
die vreemde kleur van lower
die windlose dans van bome
in jou rillende lig
en in iets wat effens soos stiltes klink
het ek hartseer soos reën
in jou geute hoor spoel

en jou alles vergewe

want my Helena my een
het jy in jou gedra ’n droom
in jou kras hande beskut

ek het jou hart hoor klop
in die môre
in die eerste mossie se getjilp
en al staan jy in die plek van riet en gras
die fluite en viole van die wind
al is jou son
’n bloedvint bo die dakke
en jou reën uit bruin wolke
’n suur wat aan blare vreet
al is die aarde stukkend waar jy staan
het ek jou hart hoor klop

al word die aarde nooit weer heel nie
sal my Helena my droom
weer uit jou staalsy stap
sal ek altyd jou hart
in haar fluister hoor klop
sal jy my só weer binneval
en sal ek jou
flambojante windgat wat jy is
elke keer vergewe

Jan de Bruyn *Goudaar* 1986

### 3.9.1 Die omgewing in die gedig

Soos die titel aandui, is die liriese spreker op reis; dit blyk later dat sy bestemming Johannesburg is. Hy verwys na die roete vanuit die huidige Limpopo in ’n suidelike rigting, moontlik met die R101-pad, en noem kortliks indrukke van ’n reisiger van sommige van die plekke waarlangs of -deur hy ry, vergelyk



© University of Pretoria

“die koppe
met dwase en gekke
se name skril op klippe en rotse”

en “Pietersburg half stad meer dorp”.
Hierdie beskrywings is kennelik dié van ’n deurganger en die sterkste assosiasies met die “bakens” is, ironies, die afwesigheid van die “jy” wat aangespreek word, soos in

… Nylstroom
met Tafelberg so sonder sy see
soos ek sonder jou sonder son die skemer
by Warmbad se brug se vyf palms
wat alles onthou en blou-ôl sê
oor jou oor waar jy is

Wanneer hy in Johannesburg aankom en die stad self beskryf, verkry plekbeskrywings baie meer assosiasiedigtheid en persoonlike betekenis; ook word ’n lang verblyf aangedui soos in
“ek het bleekblouerige dae […] aangetref” en “jou nagte deurboor sien word”.
Johannesburg word eers as ’n “slagveld” beskryf en hierdie metafoor word verder gevoer met beelde soos onder meer “winterkwartiere”, “loopgrawe”, “pyle en patrone” en “plasse […] bloed”. Daarna volg natuurverwysings soos “reën”, ’n “mossie se getjilp”, “plek van riet en gras” en laastens word Johannesburg gelyk gestel aan die een of ander metaalmasjien met ’n “staalsy”.

### 3.9.2 Veelvlakkige aard van Johannesburg as tuiste

Johannesburg word as begeerde geliefde, slagveld en ook as verwonde slagoffer gerepresenteer. Die beelde is dié van oorloë deur verskillende eras (vgl. “kokers” en “pyle” en “loopgrawe”, “gifgas” en “patrone”). Hiermee word ook erkenning gegee aan die verskillende lae van geskiedenis van die Johannesburg-omgewing. Dis egter ook ’n plek waar “mense laggend” stap, maar ’n tweede lag is “soos brekende glas” en hy hoor ’n man se hart “skeur in sy keel”. Bowenal is Johannesburg die plek (verpersoonlik en in die tweede persoon aangespreek) wat “my Helena” in jou “gedra” het en “in jou kras hande beskut” het. Die oorlogsbeelde, die reis na die stad en die vermelding van Helena roep ook Helena van Troje en daarmee saam die tien jaar lange Trojaanse oorlog in Griekse mitologie op.
Smith se stelling “Die proses waardeur oor plek geskryf en ’n naam aan die plek toegeken word, is deel van die proses van identiteitskepping, beide van die plek en van die self” (2012 b) is kennelik hier van toepassing – die liriese spreker se eie verwonding blyk duidelik uit sy keuse van beelde vir die stad.

### 3.9.3 Die liriese spreker se verwantskap met die omgewing

Johannesburg is ’n plek waarmee die spreker ’n innige (vergelyk “ek het jou hart hoor klop”) en onverbreekbare band het, vergelyk



© University of Pretoria

en ek sal jou
flambojante windgat wat jy is
elke keer vergewe.

Terwyl die stad op een vlak as ’n verplasing (eerder as metafoor) vir die geliefde dien, is dit op ’n tweede vlak van betekenis ook ’n stad waaraan die spreker *as plek* ’n subjektiewe verbintenis het. Buell verwys in hierdie opsig na ’n persoonlike verwantskap met die stad as ruimte wat deur betekenisgewing van ’n ruimte ’n plek maak (Buell 2005:72).

Hierdie persoonlike betrokkenheid by en omgee vir die stad word aangedui deur die verwysings na wat met die stad self gebeur: infrastruktuurslote word gesien as “loopgrawe”; die besoedeling is “gifgas”; die nagte word “deurboor” met “rillende pyle en patrone” wat na ammunisie sowel as neonligte verwys; die spreker hoor “hartseer soos reën / in jou geute”; die “reën uit bruin wolke” is suur; “die aarde [is] stukkend waar jy staan”. Daar is ook verwysings na die oergeskiedenis van die plek in verwysings na bewoners voor wit kolonisasie in “pyle” en “kokers”, ook na die omgewing voor die stad gebou is in die liriese

al staan jy in die plek van riet en gras
die fluite en viole van die wind.

Die verwysings na die stad word gemaak deur iemand wat kennelik digte assosiasies daarmee en kennis daarvan het, dit is nie blote ruimte waarvan hy soos vroeër in die gedig slegs oppervlakkige indrukke het nie. Ter stawing hiervan kan Smith aangehaal word: sy skryf die onderskeid tussen *plek* en *ruimte* en die onderskeid tussen die twee begrippe “kan ook kragtens die assosiatiewe aard daarvan gedefinieer word. Volgens Buell (2005:63) is die assosiasies rondom plek diggeweef, terwyl assosiasies van ruimte yl is” (2012 b). Smith argumenteer ook oor die verhouding tussen digter en plek dat dit “nie bloot ’n eensydige nostalgiese of reaksionêre terugroep van plek [is] nie, maar ’n persoonlike verhouding met en herkenning van die tydelike dimensie van die konstruksie, plek. Dit beklemtoon oorspronge en essensies en dit herfokus die aandag op die interafhanklike aard van die verhouding. Plek word geproduseer as menslike ondervinding, emosionele verbondenheid en materiële omgewing” (2012 b). Die liriese spreker se herinneringe, ondervinding, konnotasies van die geliefde met Johannesburg en sy bekendheid met die stad as geskiedkundige en materiële omgewing het duidelik vir hom ’n unieke plek “geproduseer”.

### 3.9.4 Die stad as slagveld en as slagoffer

Die representasie van Johannesburg as plek wat toksies geword het, word in twee betekenislae uitgebeeld. Die spreker suggereer dat Johannesburg op persoonlike vlak vir hom ’n slagveld is, met talle negatiewe beelde daaraan verbind soos aangedui in 3.9.3, omdat dit moontlik die plek is waar hy sy geliefde verloor het, maar dit word ook as fisiese materialiteit uitgebeeld as ’n stad wat ’n “slagveld” is deurdat die plek self geweld aangedoen is.

Hierdie uitbeelding van die stad as slagoffer van geweld vind retrospektief plaas wanneer die geskiedenis opgeroep word in die tweede laaste strofe met “al staan jy in die plek van riet en gras”, die natuurverwysings na “bloedvint”-son, “suur”-reën en “al is die aarde stukkend waar jy staan”. Geen aanduiding word vir die redes hiervoor of die identiteit van



© University of Pretoria

die geweldenaars gegee nie en geen blaam word gehef nie – wat ’n soort stom aanvaarding van die stand van sake suggereer, sowel as wat die stad as die bedroefde minnaar betref.

### 3.9.5 ’n Anti- of postpastorale lesing.

Die natuurverwysings in die bakens op pad na die stad vorm ’n progressie van natuurlik na al minder natuurlik: “die blou, koel karteling van die berg”, “name skril op klippe en rotse”, die anorganiese “hoekig en blink” gekoppel aan “ ’n stuk Vrystaat”; “moordbome / in ’n ysterhok”; ’n afbeelding van ’n geteelde “skaalbrekerbul / teen ’n muur geplak”; “Tafelberg so sonder sy see”. Pretoria het geen natuurverwysing nie en selfs die vrou waarmee die stad gelyk gestel word, is “opgetof”. Johannesburg word in teenstelling met al hierdie plekke aan ’n slagveld gelyk gestel. Die spreker

> is self met bloednat voete
> die hortende nag in

en met “bloedbelope ore” na ’n park waar die kleur van lower vreemd is en die bome windloos dans – ’n verwysing na die effek van stadsligte en ’n suggestie van toksisiteit.

Die frase “hartseer soos reën” is ’n keerpunt in die gedig en ’n aantal beelde uit die natuur volg in die strofe

> ek het jou hart hoor klop
> in die môre
> in die eerste mossie se getjilp
> en al staan jy in die plek van riet en gras
> die fluite en viole van die wind
> al is jou son
> ’n bloedvint bo die dakke
> en jou reën uit bruin wolke
> ’n suur wat aan blare vreet
> al is die aarde stukkend waar jy staan
> het ek jou hart hoor klop.

Hierdie natuurverwysings wat op Johannesburg betrekking het, en waarin die natuur met droefheid opgeroep word in teenstelling met verskeie verwysings na die toksiese stad vroeër, kan gelees word as wat Terry Gifford “post-pastoraal” noem. Hy omskryf ses eienskappe van post-pastoraal, onder meer: (i) “an awe in attention to the natural world; (ii) the recognition of  a creative-destructive universe equally in balance in a continuous momentum of birth and death, death and rebirth, growth and decay, ecstasy and dissolution; (iii) the recognition that the inner is also the workings of the outer, that our inner nature can be understood in relation to external nature” (2000: 221).

Terwyl daar nie opsigtelike ontsag vir die natuurlike wêreld is in De Bruyn se gedig nie, is daar ’n verhoogde gewaarwording van die natuur in die stad, soos blyk uit die luister na die stad se hartklop “in die eerste mossie se getjilp”. Daar is ook waarneming wat ’n tydspan wyer as die oombliklike impliseer (in “suur wat aan blare vreet”) sowel as ’n bewussyn van die verlede (in “die plek van riet en gras”).



© University of Pretoria

In ooreenstemming met die tweede punt van Gifford wat hier aangehaal word, oor die "momentum of birth and death", word ná die helende oomblik

> in iets wat effens soos stiltes klink
> het ek hartseer soos reën
> in jou geute hoor spoel,

'n voortdurende momentum of siklus gesuggereer in 'n verwysing na geboorte in

> my Helena my een
> het jy in jou gedra
> in jou kras hande beskut.

Die derde eienskap wat Gifford opnoem, stel hy ook effens anders in 'n vraagvorm in 'n ander teks wat aanlyn gepubliseer is: "If our inner nature echoes outer nature, how can the outer help us understand the former?" (s.d.). Hierdie uiterlike wat die innerlike "verstaanbaar maak" kan gelees word in die liriese spreker se suggestie dat, ten spyte van skade en pyn (vergelyk "jou son / 'n bloedvint bo die dakke" en "jou reën uit bruin wolke"), daar nietemin ná die "oorlog" (vergelyk "plasse pers en groen / en geel bloed") steeds liefde sal wees.

> [E]k [sal] altyd jou hart
> in haar fluister hoor klop

en daar sal "elke keer" vergifnis wees.

### 3.10 Ode vir ou johannesburg-on-sea

> *"For summer's here and and and the time is right*
> *For racing in street"*
> Bruce Springsteen (*Darkness on the edge of town*)

met verlope van tyd
het hier groot boekrakke van glas
tussen die gehuggies opgegroei
en ou johannesburg, nou nog net vasgevang op vergrysde
  foto's
(jy kan hulle nog sien geraam in swart portrette in yeoville se midnite grill,
waar jode apaties eet terwyl die niederlander sing)

> het plekgemaak
> vir soweto
> se groot blanke suburb –
> joeys, joeys, joeys
> die groot godverlate ghetto



© University of Pretoria

mens kan jou hier verbeel
die hele transvaal is ver onder verlore
op die bodem van die een of ander
onsigbare reusagtige oseaan
waar blinkvet visse
soms uitspoel
op die oewers van hillbrow-straatkafees
('n nuwe-wêreldse tipe atlantis)

want die ou wêreld
het plekgemaaak
vir soweto
se groot blanke suburb –
joeys, joeys
my geheime ghetto

hier kan jy jou voete hoor sjloep-sjloep deur die blink seewier
van die nag
terwyl jy luister na die geskater van die inkvisse
die diep grom van die motorfietse
wat amfibies deur die nagstrate skuim,
jy kan jouself verloor
die dood van punk vier in die dirt box in die middestad
jou sorge uitdrink in die oxford-hotel
en oral vang ou johannesburg jou oog
van agter glaskaste, in ou vissermans se blikke

o, gee my soweto
se groot blanke suburb
joeys, joeys, joeys
die hele joeys is my ghetto

of jy nou aas optel in die southern suburbs
of luister na eric clapton
in 'n verlate woonstel in sandton
bly johannesburg
soweto
se groot blanke suburb
joeys, joeys
my wonderlike ghetto

jy hoor selde afrikaans hier
en tog is dit afrikaner-hartland
geskep deur die goud van volksvaders en goud
as nagedagtenis
van ander seerowers se groot trek
deur gras-savannas, berge en kindermoorde tot hiér
om die vlag te plant, die kuslyn te bepaal
(die verversingspos te stig):



© University of Pretoria

HIER SAL ONS NAGESLAG
HULLE HARTSEERLIEDJIES SING
en daar sal geen tekort aan platemaatskappye wees nie wees nie
want hier’s ’n goue munt
in elke perlemoen se bek

ja, anderkant soweto
is die groot blanke suburb
joeys, joeys, joeys, joeys
afrika se koloniale ghetto

en as jy vroeg in die rooidag-oggend
op ’n sondag jou oë uitvee, met die koerante voor jou
en jou nadors vier
met boeretroos in café wien
en die grys luglyn stadig sien sigbaar word
oor die groot mistige kus
kan jy selfs die toring se mishoring hoor
wat aankomende skepe waarsku:

kom kyk, kom kyk, op hierdie uur
anderkant soweto
in die groot blanke ghetto, waar golwe teen geboue klots
die wrakke van hoop en skattejagter
wat lê en roes, agter sandduine van rots
in strate van vuur

ja, die nuwe johannesburg
is nou ons erfenis
–vergete is die gehuggies, die mesgevegte,
die dolwerskleims en die seedronk gevloek
van die eerste kruisvaarders
(selfs die ambassador hotel
het ’n facelift gekry), vergete is ou johannesburg –
maar as jy diep genoeg grawe
in die gefossileerde modderbodem, met jou kaal gebarste hande
sal jy, iewersonder die konkreet van die hawehoof
die pyn van louis trichardt herontdek
sal jy die tonteldose-tinsel en voorlaaierlope weer sien blink tussen die slykneerslae
en jou hart sal oorloop en breek
en jy sal soos ’n dronke verder steier
met johannesburg se eerste liefde op jou lippe

gee my, gee my
soweto
se groot blas suster
gee my joeys
en die lewe van die ghetto

laat die oliegevlekte seemeeue hier sing



© University of Pretoria

die nuwe geboue stadig hulle stingels oprig na die son
die blikkerige liedere van sy beachfront boontoe kring
want hier woon ek
tussen die rommel, die ideale, die stukkende motors
en die geknoopte vislyne van mislukte argitektuur
wat saamgroei
tot die kultuur
van ons grootste geldkoraalrif:

soweto
en sy tweelingsuster
joeys, almal saam, almal saam (minuetto allighretto)
in een groot grys ghetto

André Letoit *Goudaar* 1986

### 3.10.1 Die omgewing in die gedig

Reeds in die titel word die onderwerp genoem en ook aangedui dat hier met tyd (vgl. "ou johannesburg") en ruimte as fantasie (vgl. "johannesburg-on-sea") gewerk gaan word. Die stad as geskiedenis, hede en moontlike toekoms of fantasie word deur 'n soort kinematografiese oormekaarskuif van beelde aangebied.

Inligting oor Johannesburg word verskaf deur eiename van eetplekke, klubs en hotelle; ook verwysings na die geskiedenis van die stad self en die wyer omgewing, Transvaal, en sy Voortrekkergeskiedenis.

### 3.10.2 Representasie van Johannesburg as tuiste

Die oormekaarskuif van beelde suggereer op een vlak 'n verlede waar daar "gehuggies" was, "mesgevegte" en "dolwerskleims" en op 'n tweede vlak die tuiste van die spreker (vgl. "want hier woon ek"). Op 'n derde vlak word die oseaantema as vervreemdingstegniek aangewend om 'n andersoortige lig op die stad te werp. Dit suggereer 'n verbeelde of moontlike toekoms van 'n stad wat as 'n versonke Atlantis verbeel of voorspel word. Dit is die "ek", wat origsens deurentyd as die tweedepersoon-jy figureer, vir wie Johannesburg 'n tuiste met talle plek-assosiasies is.

Hierbenewens word twee dele van Johannesburg, die stad self en sy township Soweto, in die refrein wat telkens effens verander, genoem, wat twee soorte tuistes impliseer en wat 'n verdere en ander betekenisvlak aandui.

### 3.10.3 Figure in die gedig se verwantskap met Johannesburg

Terwyl hier verwys word na ander mense wat in die verlede en hede hier was, gewoon het of steeds woon, soos die Jode wat apaties eet en mense uit die geskiedenis wat, benewens Louis Trichardt, gesig- en naamloos bly (vgl. "volksvaders" "seerowers", "dolwers-(kleims), "kruisvaders", is die hooffiguur in die gedig die liriese spreker, die tweedepersoon-jy wat as 'n veralgemeende inwoner die stad beleef.



© University of Pretoria

Die gesigspunt is oënskynlik dié van ’n liriese spreker wat in verteltrant die stad topografies visueel beskryf en ervaar in eetplekke, musiek- en nagklubs, hotelle en buurte. Dit herinner in die opsig aan wat Roberts ’n “walking poem” (1999:48) noem. Roberts skryf: “[T]he indigenous ‘perspective’ on the city is often rendered from a mobile, ground-level vantage point that is contained within variably useable social spaces defined by structural and conceptual limits, such as walls, streets and walking people” (1999:40).

Die liriese spreker het kennis van en assosiasies met die plekke wat hy noem, vgl. “hillbrow”, waar die “straatkafees” ’n eiesoortige kenmerk aan die buurt toedig of

> jy kan jouself verloor
> die dood van punk vier in die dirt box in die middestad.

In verband met sodanige kennis van en assosiasies met die stad sê Roberts verder: “Unlike kinesthetic nature poems, kinesthetic urban poems [...] allude to mental maps of the city that are derived from being a resident on foot with the ability to perform the secular cognition of space and time in the service of urbanization. This mapping is not a mere reflection of an unproblematic and static arrangement of physical space; it is an active linguistic construction of that space every time it is performed” (1999:48). Soos wat die liriese spreker sy ervaring beskryf, “konstrueer” hy die stad vir die leser.

Die spreker dui verder sy persoonlike verwantskap met die stad aan in sy oënskynlike weemoed vir “ou johannesburg” wat vergete is, vergelyk

> ja, die nuwe johannesburg
> is nou ons erfenis
> – vergete is die gehuggies, die mesgevegte

maar treur ook oor die tragiek van mense wat vroeër hier was, spesifiek die Voortrekker Trichardt, vergelyk

> maar as jy diep genoeg grawe
> [...]
> sal jy, iewers onder die konkreet van die hawehoof
> die pyn van louis trichardt herontdek
> sal jy die tonteldose-tinsel en voorlaaierlope weer sien blink tussen die slykneerslae
> en jou hart sal oorloop en breek [.]

Dokumentering van ’n verblyf deur Trichardt in die omgewing van Johannesburg kon nie opgespoor word nie, maar die trek sou deur die Witwatersrandgebied beweeg het op pad na die Soutpansbergreeks, waar hulle ’n ruk gebly het voordat hulle verder getrek het (Schlemmer, J.E. 2004).

In die voorlaaste strofe bevestig die spreker sy verbintenis met die stad: “want hier woon ek / tussen die rommel, die ideale, die stukkende motors”.



© University of Pretoria

### 3.10.4 Johannesburg as proses

Roberts, wie se argument oor ruimtelike praktyk in die bespreking van "Orlando-landskap", 3.1.4, genoem is, haal Henri Lefebvre aan wat vra vir 'n konsep van ruimte as " a contingent totality made, excreted, projected by collective human endeavors". Hy sê Lefebvre bou proses en beweging in sy teoretiese beskrywing van stedelike ruimte in deur dit tot 'n "sosiale ruimte" te verklaar. Sosiale ruimte is die "outcome of a sequence and set of operations" (1999:40-41). Roberts beweer ook: "[A] critical reading of urban environments should understand them as the buzzing outcome of continuously produced and inherently contradictory space" (1999:52).

In Letoit se gedig word Johannesburg op drie vlakke as proses voorgestel: eerstens ervaar die spreker verskillende plekke in die stad in die hede (vergelyk "jy kan hulle nog sien", "jy kan jousef verloor", "die dood van punk vier", "jou sorge uitdrink", "aas optel", "luister" , "jy hoor selde afrikaans hier", "jou oë uitvee", "jou nadors vier", en lê só die ruimtes van die beboude omgewing uit, om Roberts  se frase ("tracing out") te gebruik (1999:40). Tweedens is daar die proses waar "ou johannesburg" deur die loop van tyd "plekgemaak" het vir die huidige "blanke suburb" wat derdens in 'n verdere tyddimensie onder die see kan versink (of reeds versink het) vergelyk "hier kan jy jou voete hoor sjloep-sjloep deur die blink seewier van die nag".

Letoit se verwysing na verlede en hede regdeur die gedig verleen ook 'n gelade betekenis aan die eerste reël, "met verlope van tyd", en laat die leser vermoed dat die "johannesburg-on-sea" moontlik kan verwys na 'n toekoms wat nog kan gebeur. Die frase "ou johannesburg-on-sea" kan dus as nog 'n kinematografiese tegniek, naamlik tydverloopfotografie ("time-lapse"), van die geskiedkundige proses van Johannesburg gesien word.

### 3.10.5 Plektyd, ruimtetyd

Die spreker ervaar die fisiese omgewing op verskeie vlakke waarvan drie temporeel is: eerstens die ervaring in die hede van werklike plekke en kulturele strukture; tweedens as 'n stad met 'n geskiedenis, derdens as verbeelde stad óf toekomstige stad wat onder die see sal versink. Hy ervaar dit op 'n vierde vlak as verteenwoordigend van politieke strukture van rassesegregasie.

Susan Smith bespreek die begrip *plektyd* waar die "belewing van plek binne die hier en nou van reële tyd en daarmee terselfdertyd die onderskeid tussen ruimte en plek in ag [geneem word]" en stel daarteenoor die begrip *ruimtetyd*, wat abstrak is. (2012 b). "Ek sien plektyd as konkreet en opeenvolgend; dit is ook lineêr en reëel. Daarmee word bedoel dat plektyd nie 'n ruimtelike abstraksie soos ruimtetyd is nie, maar in die werklikheid gesitueer is en berus op die belewing van plek binne die hier en nou van reële tyd. […] Anders as ruimte, kan plek nie geabstraheer of geobjektiveer word nie, maar dit is gegrond in subjektiewe ondervinding, op 'n gegewe tyd. Dit wys uitwaarts na die tasbare wêreld" (2012 b).

Letoit werk hier met (i) die hede, (ii) die verlede van "ou johannesburg" en (iii) die verbeelde "johannesburg-on-sea" buite tyd. Terwyl 'n leser sou kon verwag dat die hede en verlede na Smith se "tasbare wêreld" uitwys, terwyl die verbeelde stad moontlik buite tyd



© University of Pretoria

en abstrak gesien kan word soos in fisika, waar "ruimtetyd die abstrakte saambestaan van ruimte en tyd […] 'n enkele kontinuum veronderstel" (Smith), gebeur byna die teenoorgestelde in die gedig: slegs tekens en blyke van die ou Johannesburg kan gesien word. Buiten "gehuggies" in die derde reël, is "ou johannesburg, nou nog net vasgevang op vergrysde foto's" of

> vang ou johannesburg jou oog
> van agter glaskaste, in ou vissermans se blikke.

In teenstelling hiermee word die verbeelde Transvaal "op die bodem van die een of ander/ onsigbare reusagtige oseaan" konkreet en asof in plektyd ervaar, Mens kan "jou voete hoor sjloep-sjloep",

> … jy luister na die geskater van die inkvisse
> die diep grom van die motorfietse

en

> oor die groot mistige kus
> kan jy selfs die toring se mishoring hoor.

Dit is eers byna teen die einde van die gedig dat ou Johannesburg meer konkreet voorgestel word, vgl.

> …die gehuggies, die mesgevegte,
> die dolwerskelms en die seedronk gevloek
> van die eerste kruisvaders

en

> sal jy die tondeldose-tinsel en voorlaaierlope weer sien
> blink tussen die slykneerslae.

Hierdie besonderhede aktiveer 'n lineêre en temporele beelding en wys na 'n konkrete wêreld wat op hierdie manier 'n vae, ongespesifiseerde ruimte – vergelyk "('n nuwe-wêreldse tipe atlantis)" – in 'n assosiasie-digte plek wat in plektyd ervaar word, omskep.

Dit is op die vlak van politieke kommentaar waar die Johannesburg van die gedig die naaste aan 'n abstraksie bly, gegewe die ervaar en belewing van plekke in die "groot blanke suburb" en die verswyging van enige besonderhede oor die werklike Soweto.

### 3.10.6 Politieke ekokritiek met Johannesburg as embleem van Suid-Afrika

Letoit gebruik verskeie omkerings van rolle en lokaliteite in jukstaposisie soos Transvaal wat onder die bodem van die see is, Johannesburg wat township of ghetto word en Soweto wat primêre stad word. Dit is hoofsaaklik hierdie omkering van stad en township wat as politieke kommentaar aangewend word. Hoewel die digter besondere klem lê op hierdie omkeer deur dit sewe keer in die refrein te noem en ook in die vierde strofe, en só alle stede en townships van Suid-Afrika betrek, voer hy hierdie kommentaar nie verder nie. Hy gebruik hierdie omkeer ook as vergelykingstegniek, soos in "ander seerowers se groot trek", waar hy die Trekkers implisiet kritiseer deur hulle met (see)-rowers te vergelyk.



© University of Pretoria

## 3.11 Plat foto van 'n vis

Jy weet daar's vis want daar's
poele in die vlei, want skaars begin
die skag se pompe of die eerste een
spoel op die golfies uit, skommel teen
'n pubis van biesiegras, asof opgebring
uit 'n omgekrapte buik binnegedring
deur sawwe soute uit die sinkende myn
eenkant sukkelend met sy eie puin
(beampte: 6 000 werkers en verwante nywerhede
kan nie knies oor bitter onsuiwerhede
in 'n moerasland waar net voël en vis
die fyn balans van die natuur sal mis)
Nou, op die foto lê die karkas en snak
na niks, en al sprak wat hy sprook
is 'n sandpatroon op die dy van die vlei:
'n laaste tattoe, 'n vrou se bene uitgesprei
in 'n uitdaging van kyk, want dis wat jul wil hê:
na geslagte lank se geboor en gedelf lê
die onteerde land nou bloot en brak:
geen desperate dieptes meer, net 'n oppervlak
van skaamte, vergeefse wraak vir die wrak
van die myn wat sy tonnels sal moet oorgewe
aan die syferwater sonder goud of lewe

Hans Pienaar *Die taal van voëls* 2002

### 3.11.1 Die omgewing in die gedig

Die foto waarna verwys word, is volgens Pienaar op 'n ongeïdentifiseerde plek by 'n rivier of spruit naby Johannesburg geneem (persoonlike gesprek November 2013).

Die gegewe verwys na die goudmynbedryf in die omgewing van die Witwatersrand en die vernietigende effek daarvan op die natuur. Dit is die enigste van die twaalf gedigte wat in die verhandeling bespreek word wat die natuurlike omgewing deurentyd op die voorgrond stel. Die myne en mynbase van Johannesburg word as die aggressor, manlik, en die natuur as slagoffer, vroulik, voorgestel.

### 3.11.2 Johannesburg as tuiste

Afstand word geskep tussen die liriese spreker en die werklikheid van die omgewing, met verskeie stappe van verwydering: die spreker klink asof hy in gesprek is met iemand (moontlik die leser) en kies watter gegewens hy in sy gesprek aanbied; die foto is (moontlik) deur iemand anders geneem en is bloot 'n afbeelding van sy/haar seleksie van die werklikheid deur die kameralens; die foto is "plat" (in teenstelling met die reële vis) waardeur klem gelê word op die gebrekkige representasie van die werklikheid. Die enigste suggestie van 'n tuiste is die beampte se woorde ('n verdere keer gefilter deur hoe hy gerapporteer is, moontlik in 'n koerant):



© University of Pretoria

[…] 6 000 werkers en verwante nywerhede
kan nie knies oor bitter onsuiwerhede
in ’n moerasland waar net voël en vis
die fyn balans van die natuur sal mis.

Hierdie verwyderdheid van tuiste of verbintenis aan plek van enige menslike figure wat teenwoordig is of geïmpliseer word, tesame met die vernietiging van ’n habitat van “net voël en vis”, beklemtoon die totale skeiding tussen kultuur en natuur. Pienaar lê hierdie verwyderdheid bloot as ’n digotomie wat onreg toelaat, goedkeur en produseer.

### 3.11.3 Figure in die gedig se verhouding met die omgewing

Drie partye figureer in die gedig: eerstens die spreker wat oënskynlik neutraal kommentaar lewer op wat hy in die foto van ’n vis sien, maar deur die toonaard van die gedig en keuse van metaforiek die tragiek en onreg van die verwoeste natuur representeer; tweedens die individuele, dooie vis, ander vis en voëls en die totale, niemenslike “fyn balans van die natuur”; en derdens die beampte as verteenwoordiger van die myn wat werkverskaffing en winste opweeg teen en swaarder bevind as die verlies aan natuurlike habitat.

In verband met ’n figuur soos die beampte se gebrekkige verhouding met sy omgewing kan Smith aangehaal word: “Die mens se fisiese verwyderdheid van plek en die wisselbaarheid van plek lei tot toenemende gebrek aan begrip vir plek en verlies aan sensitiwiteit; die impak van besluite en aksies word geëksternaliseer” (2012 b). Dit is duidelik dat die beampte en almal wat hy verteenwoordig geen verwantskap voel met “die fyn balans van die natuur” nie. Sy houding van fisiese en/of emosionele verwyderdheid van die natuur lê terselfdertyd die onderliggende ekonomiese waardes en prioriteite van die mynwese as bedryf bloot.

Die spreker se verhouding met die omgewing spreek uit die gedig as geheel; daar is min woorde wat gevoel aandui, en dié wat daar is, kom eers in die laaste vyf reëls voor: “onteerde land” en “oppervlak/van skaamte” dui op simpatie met die natuur en die “desperate dieptes” dui op ’n begrip vir die mynbase wat desperaat is om nog goud te myn en die werkers wat desperaat is om hul werk te behou.

Die gedig as geheel is ook ’n poging om empatie met die natuur as niemenslike figuur te toon, wat ’n hoogtepunt bereik in “ ’n uitdaging van kyk, want dis wat jul wil hê”. Dit is myns insiens ook ’n reël wat steur in sy weergawe van wat die land “dink”, en wat Buell se argument bevestig: “Self-evidently no human can speak as the environment, as nature, as a nonhuman” (2005 K. 141).

### 3.11.4 Ekofeministie beskouing

Charlene Spretnak argumenteer dat die tradisionele beskouing en uitbeelding van die aarde as vroulik ’n leidraad verskaf tot die verband tussen die “oppression of the earth” en die ondergeskikstelling van vroue wat met die opkoms van patriargale godsdiens ses- of seweduisend jaar gelede gevestig geraak het. “We are all heirs of traditions which organize reality according to hierarchies of power, the archetype being the power of male over female” (1987).



© University of Pretoria

Pienaar se verwysing na hierdie tradisionele beskouing van die aarde of natuur begin in reël 5 met “ ’n pubis van biesiegras”. Die beeld word uitgebrei na die algemeen-menslike met “opgebring / uit ’n omgekrapte buik” en keer terug na die vroulike met “dy van vlei” wat opgevolg word deur “ ’n vrou se bene uitgesprei” en afgesluit word met die beeld van ’n herhaaldelik verkragte vrou met “geslagte lank se geboor en gedelf” en “ ’n oppervlak / van skaamte”. Die digter stuur weg van ’n enkelvoudige dualisme van vrou-as-natuur en man-as-kultuur/myn en betrek ook manlike dierlike lewe by hierdie troop van slagoffer wanneer hy die vis as manlik voorstel. Die 6 000 (manlike) myners wat hul werk kan verloor, is verdere slagoffers.

Ekofeminisme strek wyer as ’n beskouing van vroulike assosiasies met die natuur en manlike assosiasies met kultuur en Catherine Villanueva Gardner sê dat die ekofeministiese perspektief die “komplekse interkonneksies van ras, klas, gender en die omgewing” kan blootlê (1999: 191, my vertaling – CC). Sy ondersoek veral die konseptuele raamwerk wat die subordinasie of ondergeskikstelling van beide vroue en die natuur sanksioneer (1999:192-3). Dié raamwerk se dualistiese klasifikasie van die werklikheid is nie net opposisioneel en eksklusief nie, soos verstand/liggaam, man/vrou, mens/natuur, maar is ook georganiseer in ’n vertikale ruimtelike metafoor waar ’n mindere morele waarde aan die laer entiteit gegee word. (Elizabeth Dodson Gray, aangehaal in Gardner 1999:193). Die beskouing van die vrou en ook die natuur as “gebruiksitem” word in die gedig uitgebeeld; die falliese konnotasie van die beelde “geboor en gedelf” impliseer dat die verbruiker manlik is.

Franca Bellarsi bevraagteken soortgelyke “perennial assumptions and ideological binaries that had pervaded Western culture since Plato,” en sê “ecocritics have challenged the taken-for-granted opposition between subject and object, Culture and Nature, the human and the non-human. [...] [E]cocritics have attacked anthropocentrism and the centrality it accords to man (more often so than to woman, tellingly enough) in the realm of creation – a central place repeatedly invoked over time to legitimize the subordination, abuse, and erasure of the nonhuman ‘other’ ”(2009).

Daar word gesuggereer in die gedig (deur op “perennial assumptions” staat te maak) dat die gesagsfiguur, die myn se woordvoerder, manlik is, maar wat ook al die leser se persepsie van sy/haar geslag, hy/sy verteenwoordig rasionaliteit en die manlike as opposisie teenoor die “onteerde” vrou/land. Die beampte praat van getalle (met syfers aangedui, die onbetwisbare simbole van rekenkunde) terwyl hy ’n “ideological binary” daarstel: “6 000 werkers en verwante nywerhede” aan die een kant en ’n moerasland, met die konnotasie van moeras as gemors of ’n deurmekaarspul as tekenend van die “ander”.

Gardner argumenteer dat ekofeminisme op konseptuele vlak verbindings kan maak met ander vorms van ondergeskikstelling of diskriminasie soos rassisme, heteroseksisme, klassisme en so meer (1999: 193). In die gedig word die grens tussen die myn/mynbase/mense as aggressor en die natuur as slagoffer gedestabiliseer deurdat Pienaar suggereer dat daar benewens die natuur nog slagoffers is – die werkers wat hul werk sal verloor wanneer die myn finaal, noodgedwonge ophou om te besoedel. Wanneer die myn se tonnels vol water geloop het, is “die syferwater sonder goud of lewe” en is almal verloorders in hierdie “ontering” van die balans van die natuur.



© University of Pretoria

### 3.12 "Ek het 'n huisie aan die Rand"

Ek het 'n huisie aan die Rand. Dis nag.
Ek het my huisie tweemanhoog ommuur;
'n draad gespan; 'n kopbeen sê: Bly weg!
Dit is 'n fort waar ek my saans verskans.

Daarbuite hoor ek mense hardloop, skote knal,
Deure klap, rubberbande snerp op teer.
Dan stilte. Daarbuite hoor ek ruite val
(of is dit binne waar diefwering makeer?).

Ek het 'n huisie aan die Rand. Dis nag.
My huis, my paradys, bly lekker onversteur.
Kyk hoe blink die koppe aan my draad:
Tot hier dring niemand, maar niemand deur.

Ek het 'n huisie aan die Rand. Dis nag.
Die alarm by die Trellidor hou knipoog wag.

Pirrow Bekker *Stillerlewe* 2002

#### 3.12.1 *Plek* in die gedig

Die woonbuurt waar die gedig geplaas is, is duidelik herkenbaar as een van die aangrensende voorstede Hillbrow, Berea of Yeoville, hoewel dit na enige misdaadgeteisterde buurt op die Witwatersrand kan verwys. In 'n parodie op H.A. Fagan se gedig "Ek het 'n huisie by die see" beskryf die liriese subjek sy belewing van sy onmiddellike leefruimte as nietuiste.
Roberts sê van die begrip "space" [4]: "It is the outcome of a sequence and set of operations, and thus cannot be reduced to the rank of a simple object [...]. Itself the outcome of past actions, social space is what permits fresh actions to occur, while suggesting others and prohibiting yet others" (1999: 40). Plek in die gedig en die manier waarop Bekker dit gebruik, is kennelik ook kommentaar op die uitkoms van voorafgaande gebeure – die toename van misdaad – en het gelei na die liriese spreker se pogings om sy huis te beveilig.

#### 3.12.2 Johannesburg as tuiste/nietuiste

Waar Johanna Cornelius se "Die stryd in die stad" 'n voorbeeld is van positiewe plek-maak, is hierdie gedig die omgekeerde. Die spreker van "Ek het 'n huisie aan die Rand" is die eienaar van die huis en woon duidelik ook daarin, maar die gedig ondermyn die konsep *tuiste* deurdat byna alle assosiasies aan tuiste as 'n plek waar iemand veilig, gemaklik en geborge voel en 'n gevoel van bekendheid ervaar, afwesig is. Hierdie ondermyning word

[4] Soos genoem in die bespreking van "Orlando-landskap" verwys Roberts na "ruimtes" ("spaces"), maar volgens argumentering in die verhandeling is die "huisie aan die Rand" eerder plek ("place") as ruimte ("space").



© University of Pretoria

beklemtoon deur die materialiteit van hierdie huis in ironiese teenstelling te plaas met die huis in Fagan se gedig wat handel oor geborgenheid (deur geloof in God).

Bekker weef digte, negatiewe assosiasies met plek deur te fokus op ’n enkele aspek van die stad, die misdaad.

### 3.12.3 Die figuur in die gedig se verhouding met die omgewing

Die individuele verwantskap en verhouding met die plek is een van vrees. Bekker gee ’n indruk van hoe dit voel en klink om in dié tyd in Johannesburg te woon – anders as, sê maar, ’n toeris wat bloot waarneem. Wat Evernden aan die landskapskilder toeskryf, is eweseer van toepassing op hierdie digter: “[T]he landscape artist gives us a glimpse of the character of the land that would otherwise require long experience to achieve. The artist makes the world personal – known, loved, feared, or whatever, but not *neutral* (1996: 100, oorspronklike kursivering).

Die spreker ervaar sy fisieke omgewing hoofsaaklik ouditief, soos uit die tweede strofe blyk. Deur die sensoriese gewaarwordings te beperk tot gehoor, dui Bekker ook die waardevermindering van plek aan.  Smith sê oor die begrip *waardevermindering van plek* dat hierdie proses plaasvind wanneer ’n plek van vroeëre betekenis en belangrikheid gestroop word en dan op ’n nuwe manier bestuur word (2012 a). Deur die satiriese aanbod in die gedig word die betekenis en belangrikheid van ’n ware tuiste as teenpool opgeroep.

Die uitsondering van die enkele sintuig, die gehoor, en die suggestie dat dit in hierdie konteks die belangrikste is, roep tientalle spanningsvolle tonele in rillerrolprente komies (of nie) op waar aanvallers karakters vanuit die donker bedreig. Dit suggereer ook ’n toestand van ’n groot mate van sensoriese deprivasie. Evernden vra in hierdie verband of dit werklik moontlik is vir “any creatures” in ’n staat van sensoriese deprivasie om egte verbintenisse met plek te vorm. Die repertoire van die omgewing word in ’n stadsbestaan drasties beperk, miskien in so ’n mate dat “genuine attachment to place” baie moeilik is (1996: 100-101). In die gedig word die stadslewe karikatuuragtig en eendimensioneel aangebied, wat ’n egte verbintenis met plek buite die kwessie maak.

Smith sê *plek* is “daardie klein skyfie van die omgewing waarin die mens pas en waardeur hy gedefinieer word” (2012 b). Die liriese spreker word deur die gediggegewe gedefinieer as ’n figuur wat, met die uitsonderling van taal, byna sonder enige volwaardig menslike eienskappe is. Selfs taal is (benewens wat die digter die liriese spreker toelaat) ingekrimp tot die luisteraksie, wat Carr beskryf as “the basic gesture of language” (aangehaal in Smith 2012 a). Bekker wys iemand wie se ganse bestaan gereduseer is tot die angsbevange beveiliging van homself.

### 3.12.4 Maatskaplike, kulturele en ideologiese waardes: sosiale ekokritiek

Die intensiteit en hoë voorkoms van misdaad in die 1990’s en die eerste dekade van 2000 was traumaties vir die wit bevolking wat tot kort voorheen tot ’n groot mate daarteen beskerm was. Toenemende onrus in die land, verstedeliking, verwagtinge wat by die swart bevolking geskep is ná die eerste demokratiese verkiesing en die al hoe duideliker wordende gaping tussen ryk en arm was die hoofoorsake van die drastiese toename in misdaad.



© University of Pretoria

Bekker satiriseer wit middelklasburgers se sosiokulturele persepsie van die omvang van misdaad aan die begin van die millennium deur hiperbolies daarmee te werk. Eie aan die satire lewer die gedig ook ernstige kommentaar op die maatskappy.

"[P]aradys" in Bekker se gedig kan bloot gelees word as ironiese verwysing na die ideale woonplek. Wanneer die geografie van "die Rand" in ag geneem word, dieselfde milieu as dié van *Trekkerswee*, ("Verlore-klein lê op die Rand / hul huisie in die trekkersland" ["Silwer strale" II:] ) kan aangeneem word dat Bekker se "paradys" egter ook die "boere-paradijs" betrek. Só 'n lesing sou die "slagofferskap" van die Trekkers of Afrikaners wat hul "paradys" verloor het, beklemtoon.
Bekker wys op die verontmensliking van nie net 'n minderbevoorregte deel van die bevolking, soos wat Toerien in "Orlando-landskap" aandui nie, maar ook van die slagoffers van misdaad. In die eerste strofe word 'n kopbeen as waarskuwingselement as deel van sy sekuriteitstelsel genoem, maar wanneer hierdie element herhaal word, is dit die grieselrige "koppe". Dit suggereer iets meer sinister: die spreker het moontlik al gemoor; die slagoffer van misdaad het nou ook, ter beskerming van homself, misdadiger geword.

In die gesprek met "Ek het 'n huisie by die see" word die gegewens wat aanwesig is in die oerteks maar afwesig is in die nuwe gedig betrek. Só word die afwesigheid van 'n gegewe soos die natuurelement, die see, beklemtoon, sowel as die afwesigheid van enige veiligheid, huislike warmte of geborgenheid. Hier is nóg natuur nóg geborgenheid. Die frase "Dis nag" word net een maal in Fagan se teks gebruik, maar drie keer in Bekker s'n, waardeur dit meer gewig kry. Hierdie stad is 'n plek waar dit metafories "nag" is, waar min of meer ordelike saambestaan en 'n sin van gemeenskap verbrokkel het.



© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Hoofstuk 4

## Slot

### 4.1 Samevatting

’n Lesing van die gedigte vanuit die ekokritiek met sy verskeidenheid vertakkings toon openlike of meer dikwels verskuilde antroposentriese, sosiale, ekonomiese en politieke ingesteldheid en selfs wêreldbeskouings. Terwyl Bate praat van ’n gedig as ’n “revelation of a dwelling” (2000: 266) openbaar ’n ontleding van die representasie van die woning, tuiste of omgewing waar die gedig geplaas is, ook ander betekenisvlakke van die gedig.

’n Teoretiese oorskouing van ekokritiek toon dat “omgewing” breër gesien kan word as net die natuurlike omgewing en op die leefomgewing van figure in ’n gedig kan dui. Stedelike ekokritiek bied ’n verskeidenheid vertakkings wat as raamwerk kan dien in die lees van gedigte wat in ’n stadsomgewing geplaas is, deur die “komplekse interaksies tussen politieke keuses, sosio-ekonomiese strukture en die digbewoonde ekosisteme van stedelike omgewings” (Bennet 2001) na te gaan.

Die stedelike poësie in die verhandeling is onder meer geanaliseer in terme van die belewing en ervaar van stadsomgewings of, soos wat Roberts dit stel, deur na “sosiale proses” in plaas van slegs topografie te verwys. Vanuit die ekogeregtigheidskritiek is ideologiese, politieke en ekonomiese waardes wat in gedigte ingebed is, bekyk en vanuit die ekofeministiese kritiek is kommentaar gelewer op die Westerse kulturele tradisie van manlik/vroulik- en kultuur/natuur-dualismes. Postkoloniale ekokritiek is betrek om na ideologiese ingesteldheid oor wat kolonialisasie is en wat daardie proses tot gevolg het, te kyk. Deur ekosielkunde te betrek is ’n insig bereik oor die afwesige skakel tussen stadsmens en natuur. Buiten “Plat foto van ’n vis” gaan geeneen van die tekste spesifiek oor die omgewing nie, maar ’n ekokritiese lesing of herlesing het verskuilde ideologiese en omgewingswaardes ontbloot. Daar is bowenal vir omgewingsmatigheid gelees en gekyk na “watter omgewingsmotiewe geselekteer is vir watter soort uitbeelding” (Buell 2005: 29, my vertaling – CC).

### 4.2 Bevindings

Die teoretiese bespreking van stedelike ekokritiek en toepassing hiervan op twaalf gedigte toon dat ekokritiek met vrug toegepas kan word op gedigte wat in Johannesburg as stedelike ruimte geplaas is.

Deur te let op die manier waarop die omgewing die gedigte betree, die representasie van Johannesburg as tuiste, die figure in die gedigte se verwantskap met hul omgewing, die manier waarop ’n stad prosesmatig gelees kan word in plaas van bloot topografies en die openlike of verskuilde materiële, maatskaplike, kulturele, ekonomiese en ideologiese waardes in die werk, is betekenisvlakke oopgestel.

#### 4.2.1 Omgewing in die gedig

Die manier waarop die omgewing die gedigte betree, is meestal openlik, soos in:
• *Trekkerswee,* waar die omgewing as sodanig en as landskap beskryf word (maar nie die primêre tema van die gedig is nie);



© University of Pretoria

• Cornelius se eerste reël waar die liriese spreker se identiteit gekoppel word aan die plek waar sy vandaan kom;
• ’n beskrywing van die omgewing in Eybers se “Maartmaand in Johannesburg”;
• Toerien se beelding van ’n werkersklas-woningsituasie in die enkele woord “krotte” en beskrywing van ’n werksomgewing in “Orlando-landskap”;
• Louw se opnoem van spesifieke geboue en strate in “Puine”;
• Pretorius se beskrywing van hoe die figure in die gedig hul omgewing bewoon in “Stadswyk”;
• Stockenström se afbakening van “township” teenoor “buurt” in “44”;
• De Bruyn se opnoem van reisindrukke en dan ervaring van die stad in “Bakens op pad na jou”;
• Letoit se beskrywing van die verskillende lae van geskiedenis van die geboue van die stad en die liriese spreker se ervaar van spesifieke plekke;
• Pienaar se beskrywing van ’n vlei in “Plat foto van ’n vis” en
• Bekker se titel “Ek het ’n huisie aan die Rand” wat reeds die omgewing waarin die gedig geplaas is, noem.
’n Uitsondering is Keet se uitbeelding van die voorkoms en gedrag van Hillbrow se inwoners in “Wat mis jy nie” wat die omgewing impliseer, eerder as om dit openlik te beskryf.

In elke gedig kan assosiasie-digte *plek* onderskei word van abstrakte *ruimte.* Assosiasie-digtheid word soms deur middel van die figure in die gedig se emosies aangedui, byvoorbeeld in “Maartmaand in Johannesburg”, “Stadswyk” en “Bakens op pad na jou”. *Plek* word ook uitgebeeld in die proses van tuiste-skep, veral soos in “Die stryd in die stad” en in “Ek het ’n huisie aan die Rand”, waar ’n nietuiste beleef word, maar wat steeds ’n assosiasie-digte *plek* is. *Plek* word ook onderskei van *ruimte* deurdat die stad as proses, belewing of ervaring aangedui word, veral in “Orlando-landskap” en “Ode aan ou johannesburg-on-sea”.

### 4.2.2 Johannesburg as tuiste

Totius representeer die Rand as die idilliese tuiste van die Trekkers, koppel hul identiteit aan die grond en grondbesit en dui deur die tragiese verloop van die verhaal die waardevermindering van die plek aan soos wat die stad ’n katastrofiese effek op die sedes en welvaart van die volk het. Bekker roep in sy “huisie aan die Rand” en in sy gebruik van die woord “paradys” Totius se idilliese uitbeelding op wat in kontras staan met sy eie misdaadgeteisterde woning.

In sowel *Trekkerswee* as “Puine” toon ’n postkoloniale lesing dat hoewel die omgewing as tuiste van die Afrikaner gesien word, daar geen erkenning is daarvan dat dit voorheen ander se tuiste kon wees nie. In “Bakens op pad na jou” is so ’n bewustheid wel teenwoordig.
Cornelius se spreker impliseer dat die plaas haar ware tuiste was en die stad geen tuiste bied nie, maar soos wat sy deur ’n proses van sosialisering beweeg, skep sy self al hoe meer positiewe en sinvolle assosiasies met die stad, wat só ’n tuiste word. In teenstelling hiermee beeld Eybers se gedig, wat in dieselfde jaar verskyn, Johannesburg as ’n rustige, veilige plek uit waar ’n bevoorregte klas die (gekultiveerde) natuur tydsaam kan ervaar.



© University of Pretoria

"Orlando-landskap" en "44" beeld albei die stad uit as 'n onherbergsame woonplek vir swart mense en albei gedigte kontrasteer implisiet die woon- en werkplekke waarop dit fokus met die plekke waar wit mense woon en werk.

Terwyl die figure in "Stadswyk" getoon word as redelik ongelukkig, het hulle 'n verwantskap met hul omgewing wat vanuit 'n moderne leser se oogpunt heg voorkom in die manier waarop die gemeenskap kontak met mekaar het, heeltemal anders as die figure in "Wat mis jy nie" wat gerepresenteer word as enkelinge sonder 'n verbintenis aan gemeenskap of plek.

In sowel "Ode aan ou Johannesburg-on-sea" as "Bakens op pad na jou" word Johannesburg uitgebeeld as 'n plek met digte persoonlike en geskiedkundige assosiasies.

Vanuit die ekofeminisme gelees, kan gesien word dat "Plat foto van 'n vis" die tuiste van "voël en vis" presenteer as 'n plek waar die ("vroulike") natuur geweld aangedoen is deur ("manlike") kultuur.

### 4.2.3 Die figure se verwantskap met hul omgewing

Die figure in die gedigte se verwantskap met hul omgewing is, anders as die openlike manier waarop die omgewing die gedigte betree, meestal verskuil.
• Dit is vanuit huidige omgewingskennis en 'n ekokritiese bewussyn dat Totius se antroposentriese houding teenoor sy plek in die wêreld en die omgewing, die verband tussen identiteit en plek in Cornelius se gedig en die afwesigheid van onder meer 'n bewuswees van die vernietiging van habitat in Eybers se gedig raakgelees word.
• In "Stadswyk" is die figure verbonde aan hul omgewing, maar nie geheg daaraan nie, soos ook in Toerien en Stockenström se gedigte, en word hul lewenswyse ook grootliks daardeur bepaal.
• In "Wat mis jy nie" word die kenmerkende grootstad-gebrek aan verbintenis aan plek getoon terwyl die liriese spreker in "Bakens op pad na jou" 'n innige en verwikkelde verbintenis met die stad self sowel as die stad as simbool van sy geliefde het.
• In "Ode aan ou  johannesburg-on-sea" is daar beweerde weemoed vir die Johannesburg van die verlede, maar die spreker se kennis en belewing van plekke in die huidige stad sowel as die verbeelde stad (wat 'n herkenbare hede onder water voorstel) suggereer 'n sterker verbintenis aan die stad in die hede.
• In "Plat foto van 'n vis" is die spreker in die gedig oënskynlik neutraal teenoor die omgewing waaroor hy praat, maar die retoriese aanbod toon ingehoue emosie wat woede en wanhoop oor die stand van die omgewing suggereer.
• Die spreker in "Ek het 'n huisie aan die Rand" word uitgebeeld as iemand wat geen verwantskap met enigiets het nie en wie se bestaan gereduseer is tot angsbevange beveiliging van homself.

### 4.2.4. Materiële, maatskaplike, kulturele, ekonomiese of ideologiese waardes en toestande

Vanuit 'n sosiale oogpunt en vir omgewingsmatigheid gelees, bied die subteks van hierdie twaalf gedigte elkeen tot 'n mindere of meerder mate insig in verskillende waardes en toestande met betrekking tot die stad. Materiële toestande word in byvoorbeeld "Maartmaand in Johannesburg" en "Stadswyk" uitgebeeld en maatskaplike toestande word in byvoorbeeld "Orlando-landskap", "44" en "Wat mis jy nie" uitgebeeld; kulturele



© University of Pretoria

waardes kan gelees word in byvoorbeeld *Trekkerswee* en "Die stryd in die stad"; ekonomiese waardes in byvoorbeeld "Plat foto van 'n vis" en ideologiese waardes in byvoorbeeld "Puine".

**4.2.5.** Deur 'n ekokritiese lees van tekste word die leser se bewuswees van die verweefdheid van omgewing en maatskappy verskerp. In die opleiding van studente en in die akademiese bedryf het hierdie studieveld 'n rol om te speel in die werklike omgewingskrisis en die omvang daarvan.

### 4.3 Pleidooi vir 'n nuwe benadering

Buell skryf reeds in 2005: "From the start [of ecocriticism], calls 'to reconnect the study of literature with the living earth' have focused participants' attention on the connection between academic work and public citizenship and advocacy" (2005: 7).

Hannes Bergthaller skryf: "In die jare '90, eers in die VSA en toe in Brittanje, het al hoe meer letterkundiges begin vra wat hul veld kan bydra tot die toenemende omgewingkrisis" (EASCLE, 2014, my vertaling – CC). Sy stelling word gestaaf deur die lys van universiteite op die ASLE-webwerf wat ekokritiese programme aanbied: 41 universiteite, meestal Amerikaans of Kanadees maar ook enkele universiteite in Skotland, Indië en Turkye word genoem, met 'n waarskuwing dat die lys net as 'n beginpunt gebruik moet word (2012).

Daar is dus wêreldwyd in literêre akademiese programme 'n geneentheid vir omgewings-aktivisme en 'n behoefte by literêre akademici om, soos Buell argumenteer, aandag te skenk aan die konneksie tussen akademiese werk, openbare burgerskap en voorspraak. Myns insiens kan ekokritiek en ekoteorie 'n waardevolle toevoeging wees tot die akademiese curriculum van letterkundestudente.

Volgens die webtuiste van die Universiteit van Pretoria is die visie van die universiteit "[t]o be a leading research-intensive university in Africa, recognised internationally for its quality, relevance and impact, as also for developing people, creating knowledge and making a difference locally and globally". Van die waardes wat op die webwerf genoem word, is dat die universiteit "akademiese burgerskap" koester, waardeur die instansie hom daartoe verbind om "ons intellektuele vermoëns te gebruik in die belang van ons volk en die mensdom" (Universiteit van Pretoria,  my vertaling – CC). Myns insiens is literêre studie 'n gebied waar studente blootgestel kan word aan maniere om tekste te lees met betrekking tot omgewingsmatigheid. Kate Soper sê hoewel poësie in die sin van literêre teks waarskynlik op sigself redelik min doen om "die aarde te red" [oorspronklike aanhalingstekens, my vertaling – CC] haal sy Shelley uit sy *Defence of Poetry* aan dat die "great instrument of the moral good is the imagination" en ook die kunstenaar Joseph Beuys: "Only from art can a new concept of economics be formed, in terms of human need, not in the sense of use and consumption, politics and property, but above all in terms of the production of spiritual goods" (2011:27).

Ekokritiek wat met sy wortels in die werklikheid van die omgewingskrisis staan, kan 'n invloed uitoefen op die idees, beskouings en ingesteldheid van toekomstige opinievormers en besluitnemers. Dit kan vanuit die abstrakte akademiese wêreld van die letterkunde 'n



© University of Pretoria

bydrae maak tot die Universiteit se visie om "ons intellektuele vermoëns in die belang van ons volk en die mensdom te benut".



© University of Pretoria

## Bronnelys

### Werke geraadpleeg

Adamson, J. 2001. *American Indian literature, environmental justice, and ecocriticism: the middle place.* Tucson: The University of Arizona Press.

Armbruster, K. & Wallace, K.R. (Eds.). 2001. *Beyond nature writing: expanding the boundaries of ecocriticism.* Charlottesville, London: The University Press of Virginia.
ASLE. Graduate programs. Aanlyn beskikbaar by http://www.asle.org/site/publications/graduate-handbook/programs/ soos op 19 November 2014.

Bate, J. 2000. *The song of the earth*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.

BBC News. 2012. Lonely London: poll suggests a quarter feel alone**.** Aanlyn beskikbaar by: http://www.bbc.com/news/uk-england-london-20324373. Soos op 18 Oktober 2014.

Bellarsi, F. 2009. Editorial: the challenges of nature and ecology. *Comparative American studies 7(2)*: pp.71-84.

Bennett, M. & Teague, D. W. (Eds.). 1999. *The nature of cities: ecocriticism and urban environments*. Tucson: The University of Arizona Press.

Bennett, M. 1999. Manufacturing the ghetto: anti-urbanism and the spatialization of race. In: Bennett, M. & Teague, D. W. (Eds.). *The nature of cities: ecocriticism and urban environments*. Tucson: The University of Arizona Press, pp. 169-190.

Bennett, M. 2001. From wide open spaces to metropolitan places: the urban challenge to ecocriticism. *Interdisciplinary studies in literature and environment 8(1):* pp. 31-52.

Bennett, M. 2004. Different shades of green. *College Literature 31(3):* pp. 207-212.

Bergh, J.S. 2010. White farmers and African labourers in the pre-industrial Transvaal. *Historia 55 (1):* pp.18-31.

Bergthaller, H. 2014. What is ecocriticism? Aanlyn beskikbaar by: http://www.easlce.eu/about-us/what-is-ecocriticism. Soos op 20 Februarie 2014.

Bezuidenhout, A. 2013. Die drukking van dakke: ruimtelikheid en morele agentskap in Gert Vlok Nel se digbundel *Om te lewe is onnatuurlik*. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Bookchin, M. 2000**.** Interview with Murray Bookchin (by Dave Vanek). Institute for Social Ecology. Aanlyn beskikbaar by: http://www.social-ecology.org/2000/08/interview-with-murray-bookchin-by-dave-vanek/. Soos op 18 Julie 2014.

Bookchin, M. Social ecology versus deep ecology: a challenge for the ecology movement. *Anarchy archives*. Beskikbaar by:



© University of Pretoria

http://dwardmac.pitzer.edu/Anarchist_Archives/bookchin/socecovdeepeco.html. Soos op 8 Februarie 2014.

Botha, E. 1988. Televisie-onderhoud met Elize Botha oor die wenner van die Louis Luyt-prys. In: Foster, P.H. (red.). *Gids by die lees van Wilma Stockenström se "Monsterverse"*. Universiteit van Stellenbosch, pp. 27-28.

Brink, E. 2008. Fordsburg a history: City of Johannesburg heritage assessment Fordsburg Newtown West Mayfair. Aanlyn beskikbaar by: http://www.joburg-archive.co.za/2011/inner_city/fordsburg_mayfair/heritage_analysis.pdf. Soos op 10 Sept 2014.

Buell, L. 1995. *The environmental imagination: Thoreau, nature writing, and the formation of American culture.* Cambridge: Harvard University Press.

Buell, L. 2005. *The future of environmental criticism: environmental crisis and the literary imagination.* Malden, Oxford, Victoria: Blackwell Publishing.
Buell, L. 2005. *The future of environmental criticism: environmental crisis and the literary imagination.* Kindle.

Buell, L. 2011. Foreword. In: LeMenager, S, Shewry, T. & Hiltner, K. (Eds.). *Environmental criticism for the twenty-first century.* New York, London: Routledge Taylor & Francis Group. pp. xiii-xvii.

Carras, M. 2013. Urban density & community: connecting & engaging Vancouver citizens. Sustainable cities international blog. Aanlyn beskikbaar by: http://blog.sustainablecities.net/2013/01/28/urban-density-community-connecting-engaging-vancouver-citizens. Soos op 18 Oktober 2014.

City of Johannesburg. 2011. Joburg's village in the city. Aanlyn beskikbaar by: http://www.joburg.org.za/index.php?option=com_content&id=7378:joburgs-village-in-the-city&Itemid=188. Soos op 24 September 2014.

Clark, T. 2011. *The Cambridge introduction to literature and the environment*. Cambridge, New York, Melbourne, Madrid, Cape Town, Singapore, São Paulo, Delhi, Mexico City: Cambridge University Press.

Davie, L. 2009. Mason replaces Boer history. *Joburg, my city, our future.* Aanlyn beskikbaar by: http://www.joburg.org.za/index.php?option=com_content&task=view&id=4685&Itemid=245. Soos op 1 September 2014.

Daymond, M.J. 2013. Home, exile and resistance in letters from Bessie Head, Dora Taylor and Lilian Ngoyi. *English Academy Review 30 (2)*: pp. 115-128.

Deckard, Sharae. 2010. *Paradise discourse, imperialism, and globalization: exploiting Eden.* New York, London: Routledge Taylor & Francis Group.

Design Observer, The. 2011. Ecologies of gold: the past and future mining landscapes of Johannesburg. *Places.* Aanlyn beskikbaar by:



© University of Pretoria

http://places.designobserver.com/feature/ecologies-of-gold-the-past-and-future-mining-landscapes-of-johannesburg/25008/. Soos op Julie 2014.

Dixon, T. 1999. Inculcating wildness: ecocomposition, nature writing and the regreening of the American suburb. In Bennett, M. & Teague, D. W. (Eds.). *The nature of cities: ecocriticism and urban environments*. Tucson: The University of Arizona Press, pp. 77-90.

Evernden, N. 1996. Beyond ecology: self, place, and the pathetic fallacy. In Glotfelty, C. & Fromm, H. (Eds.). *The ecocriticism reader*. Athens, London: University of Georgia Press, pp. 92-104.

Gaard, G. 2010. New directions for ecofeminism: toward a more feminist ecocriticism. *Interdisciplinary Studies in Literature & Environment 17(4):* pp. 643-665.

Gardner, C.V. 1999: An ecofeminist perspective on the urban environment. In: Bennett, M. & Teague, D. W. (Eds.). *The nature of cities: ecocriticism and urban environments*. Tucson: The University of Arizona Press, pp. 192-212.

Gasa, N. 2007: *Women in South African History: They remove boulders and cross rivers.* Cape Town: HSRC Press.

Gifford, T. *Pastoral, anti-pastoral and post-pastoral*. Beskikbaar aanlyn by: http://www.terrygifford.co.uk/Pastoral%20reading.pdf. Soos op 17 Julie 2014.

Glotfelty, C. & Fromm, H. (Eds.). 1996. *The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology*. Athens, London: The University of Georgia Press.

Goodbody, Axel & Rigby, K. (Eds.). 2001. *Ecocritical theory: new European approaches.* Charlottesville, London: University of Virgina Press.

Heise, U. K. 2006. The hitchhiker's guide to ecocriticism. *Publications of the Modern Language Association of America 121(2)*, pp. 503-516.

Heise, U.K. 2010. Postcolonial ecocriticism and the question of literature. In: Roos, B. &

Hunt, A. (Eds.). *Postcolonial green: environmental politics and world narratives*. Charlottesville, London: University of Virginia Press, pp. 251-258.

Howarth, W. 1996. Some principles of ecocriticism. In Glotfelty, C. & Fromm, H. (Eds.). *The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology*. Athens, London: The University of Georgia Press, pp. 69-91.

Huffman, T.N. 2010. Prehistory: pre-colonial farmers in Gauteng. *South African History Online*. Aanlyn beskikbaar by: http://www.sahistory.org.za/topic/prehistory-pre-colonial-farmers-gauteng. Soos op 24 September 2014.

Ivakhiv, A. 2012. Teaching ecocriticism and cinema. In: Garrard, G. (Ed.). *Teaching ecocriticism and green cultural studies*. Hampshire, New York: Palgrave Macmillan, pp. 144-155.



© University of Pretoria

James, E. 2012. Teaching the postcolonial/ecocritical dialogue. In Garrard, G. (Ed.). *Teaching ecocriticism and green cultural studies*. Hampshire, New York: Palgrave Macmillan, pp. 60-72.

Janson, H.W. 1962. *A history of art*. London: Thames & Hudson.

Johnson, L. 2009. *Greening the library: the fundamentals and future of ecocriticism*. ASLE. Aanlyn beskikbaar by: http://www.asle.org/assets/docs/Ecocriticism_essay.pdf. Soos op 3 Julie 2014.

Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur I*. Kaapstad, Pretoria: Academica.

Kannemeyer, J.C. 1988. Afspieëlings wat vergaan. In: Foster, P.H. (red.). *Gids by die lees van Wilma Stockenström se "Monsterverse"*. Universiteit van Stellenbosch, pp. 23-26.

Keuris, Marisa. 2007. An ecocritical reading of Pieter Fourie's *Die koggelaar*. *Journal of Literary Studies 23(4):* 417-431.

Krogerus, M. & Tschäppeler, R. 2012. *The Change Book.* London: Profile Books.

Kruger, E. 2003. 'n Ekologiese perspektief op 'n Nederlandse sprokie vir letterkunde-onderrig in Afrikaans. *Journal of Literary Studies 19(2)*, pp. 159-178.

Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 2010. *Verklarende Afrikaaanse woordeboek* 9de uitgawe. Kaapstad: Pharos.

Latilla, M. Johannesburg 1912. Blog. Aanlyn beskikbaar by: http://marclatilla.com/johannesburg-1912/. Soos op 21 September 2014.

LeMenager, S., Shewry, T. & Hiltner, K. 2011. *Environmental criticism for the twenty-first century*. New York, London: Routledge Taylor & Francis Group.

Love, G. A. 1996. Revaluing nature: toward an ecological criticism. In: Glotfelty, C. &

Fromm, H. (Eds.). *The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology*. Athens, London: The University of Georgia Press, pp. 225-240.

Lemmer, E. 2007. Ecocriticism. *Tydskrif vir Literatuurwetenskap 23(3)*, pp. 223-227 en 23(4): 337-464.

Marks, S. 1980. South Africa: 'The myth of the empty land'. *History today* 30(1). Aanlyn beskikbaar by: http://www.historytoday.com/shula-marks/south-africa-myth-empty-land. Soos op 25 Junie 2014.

Marx, Leo. *The machine in the garden: technology and the pastoral ideal in America.* 1964 New York: Oxford University Press.



© University of Pretoria

Meeker, J. W. 1996. The comic mode. In: Glotfelty, C. & Fromm, H. (Eds.). *The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology*. Athens, London: The University of Georgia Press, pp. 155-169.

Merchant, Carolyn. 2003. *Reinventing Eden: the fate of nature in Western culture.* New York: Routledge.

Meyer, Susan. 2012. 'We who cannot speak lived there first': A new claim to land in *My plaas se naam is Vergenoeg* by George Weideman. *Tydskrif vir letterkunde 49 (2),* pp. 34-50.

Meyer, Susan. 2013. Wat oor is, is die Self: verblyf in 'n boomholte in Wilma Stockenström se *Die kremetartekspedisie. LitNet Akademies (Geesteswetenskappe) 10(1).*

Morton, Timothy. 2007. *Ecology without nature: rethinking environmental aesthetics.* Cambridge, Masachusetts, London: Harvard University Press.

Olivier, F. 2006. Om 'n lofsang op die lewe te onthou. *Beeld*. Aanlyn beskikbaar by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/2006/07/04/B1/15/barendtoerien.html. Soos op 10 September 2014.

Opperman, D.J. 1953. *Digters van Dertig*. 4de druk. Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, Port Elizabeth, Pietermaritzburg: Nasou.

Oppermann, S. 2011: 'Istanbul is like a Judas tree': urban ecocriticism and fictions of Istanbul. The Seventh International Congress for Turkish Culture: Istanbul in Turkish and World Literature Proceedings. Aanlyn beskikbaar by: www.academia.edu/2165056/_Istanbul_is_like_a_Judas_Tree._Urban_Ecology_and_Fictions_of_Istanbul. Soos op 1 Augustus 2013.

Pretorius, R. 1990. *Tristia:* 'n lesing vanuit 'n postmodernistiese perspektief. Universiteit van Johannesburg. Aanlyn beskikbaar by: www.uj.ac.za/EN/Faculties/humanities/departments/afrikaans/NPvanWykLouw/Documents/1990-NP%20VAN%20WYK%20LOUW%20LESING%20pdf.pdf. Soos op 2 Okt 2014.

Pretorius, R. 1988. Louis Luytprys 1985 aan *Monsterverse* – Wilma Stockenström: commendatio. In: Foster, P.H. (red.). *Gids by die lees van Wilma Stockenström se "Monsterverse"*. Universiteit van Stellenbosch, pp. 29-32.

Ramone, J. 2011. *Postcolonial theories*. London, New York: Palgrave Macmillan.

Reed, T.V. 1997. Environmental justice ecocriticism: a memo-festo. Aanlyn beskikbaar by: http://culturalpolitics.net/environmental_justice/memo.

Roberts, G. 1999. London here and now: walking, streets, and urban environments in English poetry from Donne to Gay. In: Bennett, M. & Teague, D. W. (Eds.). *The nature of cities: ecocriticism and urban environments*. Tucson: The University of Arizona Press, pp. 33-54.



© University of Pretoria

Robertson, H. Salix babylonica (Weeping willow). In: *Biodeversity explorer*. Natural History Collections Department of Iziko Museums of South Africa. Aanlyn beskikbaar by: http://www.biodiversityexplorer.org/plants/salicaceae/salix_babylonica.htm. Soos op 5 Julie 2014.

Ross, A. & Bennett, M. 1999. The social claim on urban ecology. In: Bennett, M. & Teague, D. W. (Eds.). *The nature of cities: ecocriticism and urban environments*. Tucson: The University of Arizona Press, pp.15-30.

Roszak, T. 1992. *The voice of the earth*. New York: Simon & Schuster.

Rozelle, L. 2002. Ecocritical city: modernist reactions to urban environments in *Miss Lonelyhearts* and *Paterson*. *Twentieth century literature 48(1)*, pp. 100-115.

Ryle. M. 2011. Raymond Williams: materialism and ecocriticism. In: Goodbody, A. & Rigby, K. (Eds.), *Ecocritical theory: new European approaches*. Charlottesville and London: University of Virginia Press, pp. 43-54.

Scheese, D. Some principles of ecocriticism. Aanlyn beskikbaar by: www.asle.org/site/resources/ecocritical-library/intro/defining/scheese/. Soos op 14 Mei 2014.

Schlemmer, J.E. 2004. Mnemonic diversity. A public building for Makhado, Limpopo province. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Siddall, S. 2009. *Landscape and literature*. Cambridge, New York, Melbourne, Madrid, Cape Town, Singapore, São Paulo, Delhi: Cambridge University Press.

Smith, S. 2012 a. Die aard van ekopoësie teen die agtergrond van die ekokritiese teorie met verwysing na enkele gedigte van Martjie Bosman. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe) 9(2)*: 500-523. Aanlyn beskikbaar by: http://www.litnet.co.za/Article/die-aard-van-ekopoesie-teen-die-agtergrond-van-die-ekokritiese-teorie-met-verwysing-na. Soos op 15 Desember 2012.

Smith, S. 2012 b. Plek en ingeplaaste skryf: ’n teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe) 9(3):* 887-928. Aanlyn beskikbaar by: http://litnet.co.za/assets/pdf/Smith_9_3_GW17.pdf. Soos op 15 Desember 2012.

Smith, S. & Steenkamp, E. 2013. Ekokritiek: in gesprek met Susan Smith. *LitNet Akademies-gespreksruimte*. Aanlyn beskikbaar by http://www.litnet.co.za/Article/ekokritiek-in-gesprek-met-susan-smith. Soos op 28 Julie 2014.

Smyth, G. & Croft, J. (Eds.). 2006. *Our house: the representation of domestic space in modern culture*. Amsterdam, New York: Rodopi B.V. Editions.

Soper, K. 2011. Passing glories and Romantic retrievals: avant-garde nostalgia and hedonist renewal. In: Goodbody, A. & Rigby, K. (Eds.). *Ecocritial theory: new European approaches*. Charlottesville, London: University of Virginia Press, pp. 17-29.



© University of Pretoria

South African Clothing and Textile Workers' Union. 2013. Brief history of SACTWU. Aanlyn beskikbaar by: http://www.sactwu.org.za/union-history. Soos op 29 September 2014.

South African history online. Garment Workers Union (GWU). Aanlyn beskikbaar by: http://www.sahistory.org.za/organisations/garment-workers-union-gwu. Soos op 7 November 2014.

South African history online. Johanna Catharina Cornelius. Aanlyn beskikbaar by: http://www.sahistory.org.za/people/johanna-catharina-cornelius. Soos op 7 November 2014.

South African history online. Louis Trichardt,Voortrekker leader. Aanlyn beskikbaar by: http://www.sahistory.org.za/dated-event/louis-trichardt-voortrekker-leader-born-near-oudtshoorn-225-years-ago . Soos op 2 November 2014.

Spretnak, C. 1987. Ecofeminism: our roots and flowering. *Ecospirit 3(2)* pp. 2-9.

Strohbach, M. 2012. Ecology and the built environment. In: Van Wyk, L. *The green building handbook South Africa 4*. Alive2green.

Toerien, B.J. 1992: *Vandag* was verfrissend en nie so elitisties soos *Standpunte*. *Beeld*. Aanlyn beskikbaar by: http://152.111.1.88/argief/berigte/beeld/1992/03/19/3/28.html. Soos op 1 September 2014.

Toulouse-Lautrec Foundation. Henri de Toulouse-Lautrec biography. Aanlyn beskikbaar by: http://www.toulouse-lautrec-foundation.org/biography.html. Soos op 16 Oktober 2014.

United Nations Population Fund. Family planning and poverty reduction. Aanlyn beskikbaar by: https://www.unfpa.org/rh/planning/mediakit/docs/sheet4.pdf . Soos op 10 September 2014.

Universiteit van Pretoria Vision, mission & values. Aanlyn beskikbaar by: http://www.up.ac.za/en/about-up/article/258153/vision-mission-values soos op 19 November2014.

Van Niekerk, J. 2011. Verstedeliking, Suid-Afrikaanse letterkundes en die kultuurteks. *Tydskrif vir letterkunde 48(2),* pp. 50 -70.

Van Onselen, C. 1982. *Studies in the social and economic history of the Witwatersrand 1886 – 1914. Vol. 2: New Nineveh*. Johannesburg: Ravan Press.

Van Rensburg, Annetjie. 1986. *Johannesburg in die moderne Afrikaanse poësie*. Bromhof: Anico.

Vincent, L. 2000. Bread and honour: white working class women and Afrikaner nationalism in the 1930s. *Journal of Southern African Studies 26 (1)*, pp. 61-78.



© University of Pretoria

Visser, W. P. 2005. Urbanization and Afrikaner class formation: the Mine Workers' Union and the search for a cultural identity. Aanlyn beskikbaar by: http://sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/Arts/Departemente1/geskiedenis/docs/urbanization_afrikaner_class.pdf. Soos op 8 Julie 2014.

Visagie, A. 2013. Pasmaatspesies, niemenslike diere en die omgewing: gedagtes oor die postkoloniale ekokritiek in Suid-Afrika. *LitNet Webseminare.* Aanlyn beskikbaar by: http://www.litnet.co.za/Article/pasmaatspesies-niemenslike-diere-en-die-omgewing-gedagtes-oor-die-postkoloniale-ekokritiek. Soos op 25 Mei 2014.

Visagie, A. 2013. Bones and animals: D.J. Opperman's *Dolosse* and the postcolonial ossuary. Ongepubliseerde referaat gelewer by die Letterkunde-en-ekologie-colloquium, Rhodes-universiteit, 30 Augustus - 1 September 2013.

Westling, L. 2012. Literature and ecology. In: Garrard, G. (Ed.). *Teaching ecocriticism and green cultural studies*. Hampshire, New York: Palgrave Macmillan, pp 75-89.

Westphal, B. 2001. Foreword. In: Tally, R. T. jr. (Ed.). *Geocritical explorations: space, place, and mapping in literary and cultural studies.* New York: Palgrave Macmillan.

White, L. jr. 1996. The historical roots of our ecologic crisis. In: Glotfelty, C. & Fromm, H. (Eds.). *The ecocriticism reader: landmarks in literary ecology*. Athens, London: The University of Georgia Press, pp. 3-14.

Wilson, T. 2009 Introduction to the post-pastoral in Australian poetry. *Landscapes: The Journal of the International Centre for Landscape and Language 3(1).* Aanlyn beskikbaar by: http://ro.ecu.edu.au/cgi/viewcontent.cgi?article=1031&context=landscapes. Soos op 10 November 2014.

Wikipedia. Extension of University Education Act. Aanlyn beskikbaar by http://en.wikipedia.org/wiki/Extension_of_University_Education_Act,_1959. Soos op 11 November 2014.

Wikipedia. Great Depression. Aanlyn beskikbaar by: https://en.wikipedia.org/wiki/Great_Depression. Soos op 22 Julie 2015.

Wikipedia. Mfecane. Aanlyn beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Mfecane. Soos op 24 September 2014.

Wikipedia. University of the Witwatersrand. Aanlyn beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/University_of_the_Witwatersrand. Soos op 11 November 2014.

**Bundels en versamelbundels**

Bekker, Pirow. 2002. *Stillerlewe.* Pretoria: Protea Boekhuis.
Eybers, Elisabeth. 1990. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Human & Rousseau en Tafelberg.
Louw, NP vW. 1962. *Tristia*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.



© University of Pretoria

Olivier, Fanie. 1986. *Goudaar.* Johannesburg en Kaapstad: Perskor.
Pienaar, Hans. 2002. *Die taal van voëls en ander gedigte*. Johannesburg: Eie publikasie.
Stockenström, Wilma. 1984. *Monsterverse*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
Totius. 1915. *Trekkerswe*e, 4de druk. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
Van Wyk, J, Conradie, P. en Constandaras, N. (redd.). 1988. *SA in poësie / SA in poetry*. Pinetown: Owen Burgess.

.



© University of Pretoria